# DIE PASTORALE BEHOEFTES EN ERVARINGS VAN AFRIKAANSSPREKENDE GELOWIGES BINNE DIE GEREFORMEERDE TRADISIE WAT BETROKKE RAAK BY KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT

deur

**HESTER MARIA VAN DER MERWE**

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes

vir die graad

**MAGISTER THEOLOGIAE**

in die vak

**PRAKTIESE TEOLOGIE – MET SPESIALISASIE IN**

**PASTORALE TERAPIE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: DR D J KOTZÉ**

**MEDESTUDIELEIER: PROF J P J THERON**

**NOVEMBER 2008**

# VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat **DIE PASTORALE BEHOEFTES EN ERVARINGS VAN AFRIKAANSSPREKENDE GELOWIGES BINNE DIE GEREFORMEERDE TRADISIE WAT BETROKKE RAAK BY KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT,** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

..................................................................

Handtekening

November 2008

# OPSOMMING

In hierdie kwalitatiewe studie is die landskap van die eeu-oue tradisie van kontemplatiewe spiritualiteit ondersoek binne die konteks van die gereformeerde tradisie. Deur middel van ’n empiriese ondersoek is die pastorale behoeftes en ervarings van Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges wat betrokke raak by kontemplatiewe spiritualiteit bepaal. Vraelyste en kwalitatiewe onderhoudvoering is vir dié doel aangewend. Die navorsing is uitgevoer binne die sosiale konstruksie- teorie as ’n postmoderne benadering.

My belangstelling in hierdie studie het eerstens voortgespruit uit my eie geloofsreis na die ontdekking van kontemplatiewe spiritualiteit as ’n helende vorm van spiritualiteit, en tweedens as gevolg van die groeiende behoefte en navraag by Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges na die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit. Daar bestaan min navorsing op hierdie gebied en die hoop word uitgespreek dat nuwe gesprekke omtrent kontemplatiewe spiritualiteit in die Afrikaanse gereformeerde konteks sal begin.

**Sleutelterme**: spiritualiteit, Christelike spiritualiteit, kontemplatiewe spiritualiteit, woestynvaders en -moeders, gereformeerde tradisie, pastorale terapie, postmodernisme, kwalitatiewe navorsing, fenomenologiese studie, meditasie, geestelike begeleiding, retreats, meditatiewe dienste, Taizé

# THE PASTORAL NEEDS AND EXPERIENCES OF AFRIKAANS SPEAKING BELIEVERS IN THE REFORMED TRADITION INVOLVED IN CONTEMPLATIVE SPIRITUALITY

by

**HESTER MARIA VAN DER MERWE**

submitted in part fulfilment of the requirements

for the degree

**MASTER OF THEOLOGY**

in the subject

**PRACTICAL THEOLOGY – WITH SPECIALISATION IN**

**PASTORAL THERAPY**

at the

**UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA**

**SUPERVISOR: DR D J KOTZÉ**

**C0-SUPERVISOR: PROF J P J THERON**

**NOVEMBER 2008**

# ABSTRACT

In this qualitative research study the landscape of the age-old tradition of contemplative spirituality within the context of the reformed tradition was investigated. An empirical study was done to determine the pastoral needs and experiences of Afrikaans speaking believers from the reformed tradition, involved in contemplative spirituality. Questionnaires and qualitative interviews were used for this purpose. The research path has been further shaped by social construction theory as a postmodern approach.

This study was born out of my own discovery of the healing qualities of contemplative spirituality and secondly due to the growing demand among Afrikaans speaking reformed believers for exposure to the disciplines of contemplative spirituality. Little research is available on this topic and is it the hope of this research to open new conversations about contemplative spirituality in the Afrikaans reformed tradition.



**Key terms:** spirituality, Christian spirituality, contemplative spirituality, desert fathers and mothers, reformed tradition, pastoral therapy, postmodernism, qualitative research, phenomenological study, meditation, spiritual accompaniment, retreats, meditative services, Taizé

*Opgedra aan die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit, Kaapstad*

*"Monks knew things took time, that instant gratification and a quick fix mentally were an illusion and that an effort begun in one generation had to be carried on by the next generation, for theirs was a spirituality of the long haul and not of instant success. Coupled with this was their refusal to write of the world as a lost cause or to propose neat, no loose ends answers to the problems of life, but rather to rebuild promptly, patiently and cheerfully."*

*(Bosch 1991:232-233)*

# ’N WOORD VAN DANK

Hierdie navorsingsreis is moontlik gemaak deur ’n hele paar rigtingaanwysers op my pad en betekenisvolle mense in my lewe. Ek gee graag hiermee erkenning aan elkeen se onmiskenbare bydrae.

Dr Dirk Kotzé, my studieleier vir sy rigtingaanwysing in die navorsingslandskap.

Prof Jacques Theron, my medestudieleier.

Johan Myburg vir die respekvolle taalversorging.

Liezl Swartz wat die voetpad vir my begin oopkap het met hulp en raad tydens die skryf van die navorsingsvoorstel.

Almal by die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit in Kaapstad vir hulp, aanmoediging, gebede en ondersteuning en vir die voorbeeld van die kontemplatiewe weg.

Dr’s Willem Nicol, Carel Anthonissen en Riaan van der Merwe, die baanbrekers in kontemplatiewe spiritualiteit in die Afrikaanse gereformeerde konteks, vir “woestynwysheid”.

Penny Joy Day, for spiritual accompaniment and so much more. I am so grateful for the safe haven of *Poustinia* and for walking along side me when discouragement and tiredness were threats on the road.

Thérèse Hulme, my mentor in soveel opsigte, maar veral op die narratiewe weg. Ek is dankbaar vir haar sagte begrip en rigtingaanwysing op die pad van sosiale geregtigheid vir almal.

Marina Badenhorst en Hildegarde Malherbe, getroue mede-pelgrims en reisgenote op die kontemplatiewe weg vir hulle gebedsondersteuning en ware vriendskap wat my in soveel opsigte op die pad gedra het.

Aan al my vriende vir geduld en begrip met die baie lang reis wat uiteindelik ’n einde bereik het!

Amanda Erlank, mede-pelgrim op die pad van die lewe vir opoffering, aanmoediging, liefde, aanvaarding en *baie* geduld met my tydsaamheid.

My ouers vir onvoorwaardelike liefde en aanvaarding. Ek is gevul met soveel dankbaarheid vir al die gebede, aanmoediging en begrip.

Aan elke deelnemer aan die navorsing se eerlike en opregte insette sonder wie die studie nie moontlik sou wees nie.

Laastens aan die Groot Rigtingaanwyser wie se Teenwoordigheid saam met my was elke tree van die pad.

Alle eer aan God, die Bron van my lewe!

## INHOUDSOPGAWE

**VERKLARING**

**OPSOMMING**

**ABSTRACT**

**’N WOORD VAN DANK**

**HOOFSTUK 1**
**DIE NAVORSINGSLANDSKAP: TERREINVERKENNING EN BASIESE ORIËNTERING**

**1.1 INLEIDING EN AGTERGROND TOT DIE STUDIE 1**

**1.2 DIE NAVORSER – MY EIE VERHAAL EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE 3**
**1.2.1 Die “wounded healer” en die reis na binne 4**
**1.2.2 My rol as sielkundige en pastorale terapeut 6**

**1.3 RELEVANSIE EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE 6**

**1.4 NAVORSINGSBENADERING VIR DIE STUDIE 7**

**1.5 PARADIGMAS EN INTERPRETERENDE PERSPEKTIEWE 8**
**1.5.1 ’n Postmoderne benadering 9**
**1.5.2 Sosiale konstruksie- teorie 9**
**1.5.3 Praktiese teologie as interpreterende perspektief 10**
*1.5.3.1 Kontekstuele benadering tot praktiese teologie* **11**
*1.5.3.2 Deelnemende benadering tot praktiese teologie* **12**
**1.5.4 Die narratiewe hermeneutiese benadering tot pastorale sorg as interpreterende perspektief 13**

**1.6 STRATEGIEË VAN NAVRAAG 14**
**1.6.1 Navorsingsontwerp 14**

**1.7 METODES VAN INSAMELING EN ANALISE VAN DIE EMPIRIESE MATERIAAL 16**
**1.7.1 Deelnemende waarneming 16**
**1.7.2 Vraelyste 17**
**1.7.3 Kwalitatiewe onderhoudvoering 18**

**1.8 INTERPRETASIE 21**

**1.9 ETIESE OORWEGINGS VAN DIE NAVORSING 22**

**1.10 HOOFSTUKINDELING 24**

**HOOFSTUK 2**
**TWEE LANDSKAPPE: KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT EN DIE GEREFORMEERDE TRADISIE**


**2.1 INLEIDING** **25**

**2.2 OMSKRYWING VAN KERNBEGRIPPE** **26**
**2.2.1 Spiritualiteit** **26**
**2.2.2 Christelike spiritualiteit** **27**
**2.2.3 Kontemplatiewe spiritualiteit** **28**
**2.2.4 Gereformeerde tradisie** **29**

**2.3 DIE HISTORIESE KONTEKS VAN DIE KONTEMPLATIEWE TRADISIE** **29**
**2.3.1 Die woestynvaders en –moeders** **29**
*2.3.1.1 Spiritualiteit van die woestynvaders en-moeders* **31**
**2.3.2 Westerse kloosterwese** **32**
*2.3.2.1 Benediktynse spiritualiteit* **33**

**2.4 DIE WYSHEID VAN DIE WOESTYN EN DIE HEDENDAAGSE SPIRITUELE EN PASTORALE BEHOEFTES** **34**

**2.5 DIE INWAARTSE EN UITWAARTSE REIS: POTENSIËLE GEVARE VAN KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT** **36**

**2.6 DISSIPLINES VAN KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT** **37**
**2.6.1 Afsondering en stilte** **37**
**2.6.2 Retreat/Retraite** **39**
**2.6.3 *Lectio divina*** **39**
**2.6.4 *Meditatio*/Meditasie** **40**
**2.6.5 *Oratio*/Gebed** **41**
**2.6.6 *Contemplatio*/Kontemplasie** **41**
**2.6.7 *Centering prayer*/Sentreringsgebed** **42**
**2.6.8 Atmosfeer en die liggaamshouding** **43**
**2.6.9 Geestelike begeleiding/*Spiritual direction*** **43**

**2.7 DIE GEREFORMEERDE LANDSKAP** **44**
**2.7.1 Die Protestantse Reformasie en die moderne era** **45**
**2.7.2 Die verdwyning van die gebruik van simbole en ikone uit die gereformeerde kerke** **46**
**2.7.3 Protestantisme en die mistiek** **47**

**2.8 SAMEVATTING** **47**

**HOOFSTUK 3**
**DIE LANDSKAP WORD OOPGESPOEL:**
**HUIDIGE TENDENSE EN PASTORALE BEHOEFTES VAN AFRIKAANSSPREKENDE GEREFORMEERDE GELOWIGES WAT BETROKKE RAAK BY KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT**


**3.1 INLEIDING** **49**

**3.2 HUIDIGE TENDENSE IN AFRIKAANSE GEREFORMEERDE KERKE** **50**
**3.2.1 Baanbrekers in die gereformeerde Suid-Afrikaanse konteks** **50**
**3.2.2 Instansies en gemeenskappe** **54**
*3.2.2.1 Die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit* **54**
*3.2.2.2 Taizé* **56**
**3.2.3 Praktyke van kontemplatiewe spiritualiteit in die Afrikaanse gereformeerde tradisie** **58**
*3.2.3.1 Stil en meditatiewe dienste* **58**
*3.2.3.2 Retreats* **59**
*3.2.3.3 Geestelike metgesel/begeleiding* **60**

**3.3 BEKENDSTELLING VAN DIE DEELNEMERS AAN DIE NAVORSING** **61**
**3.3.1 Geslag** **62**
**3.3.2 Ouderdom** **62**
**3.3.3 Deelname aan kontemplatiewe spiritualiteitspraktyke** **64**

**3.4 BEHOEFTES VAN AFRIKAANSSPREKENDEE GEREFORMEERDES BINNE DIE POSTMODERNE ERA** **65**
**3.4.1 Behoefte aan spiritualiteit eerder as godsdiens** **66**
**3.4.2 Behoefte aan ’n outentieke vorm van spiritualiteit** **68**
**3.4.3 Behoefte aan simboliek en rituele** **69**
**3.4.4 Behoefte aan afsondering en stilte** **71**
**3.4.5 Behoefte aan ’n ervaring van God** **72**
**3.4.6 Behoefte aan persoonlike en geestelike groei** **73**
**3.4.7 Behoefte aan ’n geestelike metgesel** **74**
**3.4.8 Behoefte aan blootstelling en inoefening van die dissiplines** **75**

**3.5 SAMEVATTENDE REFLEKSIE** **75**


**HOOFSTUK 4**
**ONTDEKKINGS IN DIE LANDSKAP:**
**ERVARINGS VAN AFRIKAANSSPREKENDE GEREFORMEERDES VAN KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT**


**4.1 INLEIDING** **77**

**4.2 BESKRYWINGS VAN GOD** **78**

**4.3 TEENWOORDIGHEID VAN GOD 79**

**4.4 SPIRITUALITEITSPRAKTYKE 81**

**4.5 ERVARINGS TYDENS RETREATS EN MEDITATIEWE DIENSTE 81**
**4.5.1 Bewustheid en ervaring van God se teenwoordigheid 82**
**4.5.2 "Luister" en "hoor" God se stem 83**
**4.5.3 Kom tot rus in God se teenwoordigheid 84**
**4.5.4 Verkwikking van siel en liggaam 85**
**4.5.5 Helende en transformerende ervaring 86**
**4.5.6 Outentiek en soos 'n tuiskoms 88**

**4.6 DISSIPLINES EN ELEMENTE WAT DIE ERVARINGS MOONTLIK MAAK 88**
**4.6.1 Stilte en Afsondering 89**
**4.6.2 Atmosfeer, rituele en simbole 90**
**4.6.3 *Lectio*, meditasie en kontemplatiewe gebed 92**
**4.6.4 Geestelike begeleiding/metgesel 95**

**4.7 TEKORTKOMINGS TYDENS RETREATS EN MEDITATIEWE DIENSTE 96**

**4.8 SAMEVATTENDE REFLEKSIE 98**

**HOOFSTUK 5**
**DIE EINDE VAN DIE REIS:**
**REFLEKSIES IN DIE LANDSKAPPE**

**5.1 INLEIDING 100**

**5.2 REFLEKSIES BINNE DIE NAVORSINGSLANDSKAP: DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE 101**
**5.2.1 Fenomenologiese kwalitatiewe navorsing 102**
**5.2.2 Multi-metodes 103**
**5.2.3 Teleurstellings langs die pad 104**

**5.3 REFLEKSIES IN DIE SPIRITUALITEITSLANDSKAP: DIE NAVORSINGSVRAE 106**
**5.3.1 Kontemplatiewe spiritualiteit en die ervaring van God 106**
**5.3.2 Kontemplatiewe spiritualiteit as bron van heling en transformasie 107**
**5.3.3 Belangrike elemente wat die ervarings moontlik maak 108**
**5.3.4 Kontemplatiewe spiritualiteit as terapeutiese moontlikheid 109**
**5.3.5 "Wounded healer" en selfsorg aksies vir hulpverlenende professies 110**

**5.4 PERSOONLIKE REFLEKSIES DEUR DIE NAVORSER** **111**
**5.4.1 Rigtingaanwysers in die landskap** **111**
**5.4.2 Persoonlike groei en geestelike verdieping: ’n Verhouding en ’n ontmoeting** **113**
**5.4.3 Kontemplasie en aksie: Sosiale transformasie van die samelewing** **114**
**5.4.4 ’n Nuwe pad word sigbaar** **115**

**5.5 HOE VERDER IN DIE LANDSKAP: ’N PAAR KERN-IDEES EN VOORSTELLE** **116**
**5.5.1 Verinheemsing van kontemplatiewe spiritualiteit in die Afrikaanse gereformeerde konteks** **117**
**5.5.2 Blootstelling nodig aan die dissiplines deur middel van retreats en meditatiewe dienste** **117**
**5.5.3 Geestelike metgesel en narratiewe terapeutiese beginsels** **119**
**5.5.4 Geestelike transformasie deur pastorale terapeutiese byeenkomste** **120**
**5.5.5 Kontemplatiewe gemeenskap** **122**

**5.6 SLOTOPMERKINGS** **123**

**5.7 DIE LAASTE WOORD** **124**

**BRONNELYS**

**ADDENDUM A**

**ADDENDUM B**

**LYS VAN FIGURE**

**Diagram 1 Model vir basiese menslike behoeftes** **5**
**Diagram 2 Geslag** **62**
**Diagram 3 Ouderdom** **63**
**Diagram 4 Deelname aan kontemplatiewe spiritualiteit** **64**
**Diagram 5 Proses van meditasie** **94**

# HOOFSTUK 1

## DIE NAVORSINGSLANDSKAP:
## TERREINVERKENNING EN BASIESE ORIËNTERING

*But just as it is essential that our sight not be crippled by scientific tunnel vision, so also it is essential that our critical faculties and capacity for scepticism not be blinded by the brilliant beauty of the spiritual realm.*

(M. Scott Peck 1997:14)

### 1.1 INLEIDING EN AGTERGROND TOT DIE STUDIE

In 'n kopskuifartikel in *Insig* (Januarie 2007) met die opskrif, *Die NG Kerk word stil,* skryf Johannes de Villiers dat al hoe meer Afrikaanssprekende gelowiges 'n soeke het na stilte en kontemplasie. Stil en meditatiewe dienste is aan die toeneem in veral kerke van 'n tradisioneel gereformeerde belydenis regoor die land. Dit wil voorkom asof gelowiges op soek is na 'n dieper en meer outentieke vorm van spiritualiteit. Die skatte wat begrawe lê in die eeue-oue tradisie van stilte en kontemplasie, het iewers in die gereformeerde tradisie verlore geraak, maar, skryf Nicol (2002:23), dat die "vloedwaters van die Gees weer in hierdie dekades besig is om hulle oop te spoel".

Uit die geskiedenis van die Christelike geloof word gewys hoe die kerk telkemale terugkeer na die mistieke en kontemplatiewe wortels in tye van vervolging en worsteling met identiteit (Foster 1998:51-53; Muller 2001:12-13; Ruthenberg 2005:176; Williams 2003:22). Die groei van die Christelike monnikestand in die woestyne van Egipte tydens die derde en vierde eeu is 'n goeie voorbeeld hiervan. Die wysheid van die woestynvaders en -moeders is 'n interessante fenomeen en kan ons baie leer van hulle spiritualiteit wat in bepaalde opsigte resoneer met aspekte van die moderne spirituele soeke:

> This is a phenomenon that many modern people, disenchanted with religious institutionalism, will find unusual – a religious group that is grasped by the experience of God as absolute, uncompromising in its longing to be united with it and yet remaining humorous, humble and above all, not condemning those of other beliefs and practice.
>
> (Freeman 2003:8)

Muller (2001:13) voer aan dat die hedendaagse mens op soek is na ’n belewingsvorm van spiritualiteit en sal aan enigiets vasklou wat op ’n gevoelsvlak beleef kan word. Hy skryf verder in die verband:

> Daarom is dit ook nie snaaks dat miljoene Westerlinge vandag geestelike nood het nie; nood wat beskryf kan word as ’n gebrek aan stilte en ’n belewenis van die Absolute in ’n mens se eie lewe.

Dit gee onder meer daartoe aanleiding dat Westerlinge, en spesifiek gelowiges wat veral hulle vertroue in die kerk verloor het, Oosterse praktyke aanhang om hulle geestelike honger te stil. Een van die ander waarskynlike redes vir die gewildheid van Oosterse godsdienste in die Weste is dat hierdie gelowe immers nooit die beoefening van stilte laat vaar het nie. Muller (2001:24) en Nicol (2002:25) is dit eens dat die Oosterse godsdienste weet wat die waarde van hierdie dissipline inhou.

Keating (1995a:15-16) skryf dat reeds in die sestiger-/sewentiger jare in die Rooms-Katolieke Kerk gelowiges die kerk verlaat het en hulle by Oosterse praktyke tuis gemaak het. Hy noem dat veral jongmense hulself van die kerk onttrek het weens hul oormoralistiese opvoeding en die wettiese godsdiensbeoefening in die Rooms-Katolieke Kerk (1995a:15). Hy het in die middel-sewentigs by ’n kloosterkonferensie die volgende vraag gestel:

> Could we put the Christian tradition into a form that would be accessible to people in the active ministry today and to young people who have been instructed in an Eastern technique and might be inspired to return to their Christian roots if they knew there was something similar in the Christian tradition?

Monnike in kloosters het besef dat die meditasiepraktyke wat deur die eeue in kloosters behoue gebly het, die antwoord kan verskaf op die moderne mens se geestelike honger. Dit het aanleiding gegee tot pogings om die ou tegnieke te moderniseer en by die behoeftes van die tyd aan te pas (Muller 2001:29).

Dit blyk of die Afrikaanse gereformeerde kerke, by name die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk), tans dieselfde probleem in die gesig staar as waarna Keating verwys. Gelowiges binne die NG Kerk spreek tans ’n pastorale behoefte aan stilte uit en om weer ’n egtheid in hulle geloofsbelewenis te ervaar,

soos blyk uit die volgende stelling van dr. Carel Anthonissen (2007a:11), direkteur van die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit in Kaapstad:

> There is a growing need for the contemplative within many DRC congregations ... and this phenomenon is presently so conspicuous and strong ... that many of these congregations have turned to the Centre to learn more about centering prayer and the contemplative way.

Stilte is dus 'n hedendaagse ideaal waarvoor daar 'n honger bestaan, maar Muller (2001:10) voer aan dat "stilteloosheid 'n siekte van ons tyd geword het" en dat daar selfs in die kerk skaars nog 'n paar minute van stilte is. Elke oomblik word in beslag geneem deur orrelmusiek, gemeentesang of die preek. Die kerk het dus "te besig" geraak vir sommiges en mense verlaat ook die gereformeerde kerke weens die verwaarlosing van die dissiplines van stilte en afsondering, net soos binne die Rooms-Katolieke soos deur Keating hierbo beskryf.

## 1.2 DIE NAVORSER – MY EIE VERHAAL EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE

My belangstelling in hierdie studie spruit eerstens voort uit my eie geloofsreis na die ontdekking van kontemplatiewe spiritualiteit as 'n helende vorm van spiritualiteit. In die tweede plek is ek nuuskierig omtrent Afrikaanse gereformeerdes se pastorale behoeftes en ervarings van kontemplatiewe spiritualiteit. Die navorsingsvrae waarop ek in hierdie studie fokus sluit in:

a) Wat is die pastorale behoeftes van Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges wat betrokke raak by kontemplatiewe spiritualiteit?
b) Wat is die ervarings van Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges wat betrokke raak by die praktyke van kontemplatiewe spiritualiteit?
c) Watter implikasies hou hierdie pastorale behoeftes en ervarings van kontemplatiewe spiritualiteitspraktyke vir pastorale terapie en ander hulpverleningsprofessies, soos byvoorbeeld die sielkunde, in?

My eie geloofsreis het binne die NG Kerk begin waar ek grootgeword het. Hier het ek stiltetyd leer ken as 'n besige kopproses van Bybelstudie, gebed en oordenking van die Woord. My eerste belewenis van kontemplatiewe spiritualiteit was op 'n dag-retreat wat ek in 2006 bygewoon het. In daardie jaar het ek ook

die inleidende kursus oor kontemplatiewe spiritualiteit, *A Journey Inward: Creating Awareness*, by die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit (SCS) in Kaapstad bygewoon, asook 'n paar ander aktiwiteite wat deur die SCS aangebied is. Die retreats en kursusse is egter alles in Engels aangebied. Ek het 'n sterk behoefte ervaar om van die kursusse en retreats wat deur die SCS aangebied word in my eie moedertaal, Afrikaans, te beleef. Sedert ek lid geword het van die SCS in 2006 was ek aangenaam verras om te ervaar hoe die getal Afrikaanssprekendes wat hulle by die SCS aangesluit het, toegeneem het. Soos reeds genoem het die navraag by die SCS vir die aanbied van kursusse en meditatiewe dienste aan NG-gemeentes aansienlik toegeneem en bestaan daar 'n behoefte by NG Kerklidmate aan meer blootstelling en geleenthede vir kontemplatiewe spiritualiteit. In hierdie studie is op die pastorale aard van die behoeftes gefokus.

My ontdekking van kontemplatiewe spiritualiteit het 'n nuwe dimensie in my eie geloofsreis oopgemaak – dit was soos 'n tuiskoms. Dit is betekenisvol dat die tema van my heel eerste week-retreat *Homecoming* was. Gereelde deelname aan kontemplatiewe spirituele dissiplines is eerstens gevoed deur my eie pastorale behoefte aan die ervaring van God se teenwoordigheid op 'n dieper vlak. Die eenvoud van stilte en afsondering soos byvoorbeeld met die bywoning van 'n retreat of 'n stildiens bring my in die teenwoordigheid van God. Ek het ook 'n behoefte om God op 'n meer sintuiglike vlak te ervaar. Die gewyde atmosfeer tydens 'n meditatiewe diens met simbole, rituele en musiek of in die skoonheid van die natuur tydens 'n retreat het dit vir my moontlik gemaak om 'n ander gewaarwording van God te kry. As praktiserende sielkundige en pastorale terapeut is ek ook geïnteresseerd in die terapeutiese en helende waarde wat die beoefening van kontemplatiewe spiritualieit vir my as "wounded healer" (Nouwen 1994) en die kliënte met wie ek werk, inhou.

### 1.2.1 Die "wounded healer" en die reis na binne

Nouwen (1994:82) verwys na die "wounded healer [as] the one who must look after his own wounds but at the same time be prepared to heal the wounds of others". Die genesing van my eie wonde vra vir 'n innerlike sensitiwiteit en kontak met my "innermost self" (Nouwen [1976]1996:39-40). Ek het wel ontdek dat die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit, spesifiek stilte en

afsondering, ’n ontmoeting met die self en met God moontlik maak (Leech 1986:20). Geestelike begeleiding help my verder om by myself en God uit te kom. Ek besoek my geestelike begeleier/metgesel elke tweede week en ervaar dit as ’n helende ervaring wat ’n diepe ondersoek in myself en my verhouding met God (Leech 1986:47) moontlik maak.

Dr Willem Nicol (1989a;2002), wat beskou word as ’n baanbreker op die gebied van Christelike meditasie binne die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika, het my verder bekendgestel aan die werk van die Oostenrykse sielkundige Satura (1981). Volgens Satura (1981:8) se model is daar uit ’n sekere gesigspunt drie basiese menslike behoeftes wat, soos ’n wiel met drie speke, onderskei kan word: prestasie, ekstase en enstase (Diagram 1).





**Diagram 1**

Die *prestasie*-speek is wat in die Weste oorbeklemtoon word en waarmee ek veral daagliks in my praktyk te doen kry. Die tweede speek het te doen met die behoefte aan opwinding of *ekstase.* Dit kry ons byvoorbeeld in die fliek of langs die sportveld. Die behoefte wat egter die meeste afskeep word, is die *enstase* of inkering. Dit is om by jouself te kuier en tot rus te kom in jouself (Nicol 2002:33-34) of om innerlik stil te word (Nicol 1989a:49). Die meeste mense vlug egter vir inkering. Nouwen (1982:115) noem dat ons eerder verkies om “besig” te bly aangesien inkering beteken “[that] we have to face our demons”. Dit is hier waar

ons gekonfronteer word met onsself. Nouwen gaan verder: "As long as we are busy and distracted we never really have to deal with who we are."

Die dissiplines van stilte, afsondering en Christelike meditasie het my gehelp om by die *enstase*-speek uit te kom en die reis na binne te onderneem. Soos reeds uitgewys is hierdie egter 'n reis vol uitdagings en onsekerhede en stem ek saam met Nicol (2002:34-35) dat die meeste mense hulp nodig het om met inkering rustig te kan raak. Ek is van mening dat die sielkundige en pastorale terapeut wat kennis dra en self ervaring het van die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit, van hierdie dissiplines kan aanwend om mense op die reis na binne te begelei.

### 1.2.2 My rol as sielkundige en pastorale terapeut

As sielkundige in 'n privaat praktyk word ek gekonfronteer met die vernietigende effek van "besigwees" met aktiwiteite, die geraas en gejaag waarvan mense daagliks deel is. Hierdie prestasiekultuur waaraan ons as Westerlinge blootgestel word, kan aanleiding gee tot psigiese en fisieke siektetoestande. Die proses van meditasie of stilword kan mense help om fisiek en psigies gesonder lewens te leef. Muller (2001:38) noem dat studies bevind het dat mediteerders minder gevoelig raak vir geraas en dat bloedlaktaat verminder met meditasie. Hoë bloedlaktaat word met angsneurose geassosieer. In my sielkundepraktyk maak ek gereeld van ontspanningsterapietegnieke gebruik om mense te help ontspan. Nicol (2002:36) noem ook dat ontspanningstegnieke mense help om te begin mediteer. Ek beskou dus deel van my rol as sielkundige en pastorale terapeut om mense bekend te stel aan die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit as 'n helende spiritualiteit.

## 1.3 RELEVANSIE EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die navorsingsveld van kontemplatiewe spiritualiteit binne die Afrikaanse gereformeerde tradisie is 'n braakveld en ondersoek is hierin nodig. Ek kon slegs een studie binne die veld van praktiese teologie tydens my literatuursoektog vind. Die studie is gedoen deur Schutte (2006) omtrent die relevansie van retreats binne die NG Kerk. Die volledige titel van sy navorsing is: "The Relevance of the Benedictine, Franciscan, and Taizé Monastic Traditions for

Retreat within the Dutch Reformed Tradition: An Epistemological Reflection." Daar sal in die loop van hierdie studie verwys word na sekere van die bevindinge van sy studie.

As navorser in die veld van pastorale terapie is die relevansie van hierdie studie ook om pastorale terapeute bewus te maak van die behoefte aan en die helende ervarings van kontemplatiewe spiritualiteit. Persone binne die helende professies, soos sielkundiges en pastorale terapeute, sal ook kan baat vind by die beoefening van kontemplatiewe spiritualiteitsdissiplines as terapeutiese hulpmiddel. Leech (1986:21) voer aan dat pastorale terapeute geestelike diepte en insig nodig het om mense wat die reis na binne onderneem te fasiliteer op terapeutiese wyses. Hierdie geestelike diepte en insig "only comes as a by-product of a life in which silence and stillness have a major place".

As pastorale terapeut en sielkundige is ek dus nuuskierig omtrent die terapeutiese waarde wat die beoefening van die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit op mense se lewens kan inhou. Die hoofdoelwitte van hierdie navorsing is:

a) Om deur middel van 'n empiriese studie die pastorale behoeftes van Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges wat betrokke raak by kontemplatiewe spiritualiteit te bepaal.
b) Om in die lig van die pastorale behoeftes die ervarings van die deelnemers aan kontemplatiewe spiritualiteit te bepaal.
c) Om in die lig van die bepaalde pastorale behoeftes en ervarings van deelnemers aan kontemplatiewe spiritualiteit vas te stel welke helende en transformerende terapeutiese waarde en implikasies die beoefening van kontemplatiewe dissiplines het.

Vervolgens word 'n uiteensetting gegee van die navorsingbenadering wat in die studie gevolg is.

## 1.4 NAVORSINGSBENADERING VIR DIE STUDIE

Hierdie studie is binne kwalitatiewe navorsing geposisioneer omdat ek as kwalitatiewe navorser geïnteresseerd is "in understanding the meaning people

have constructed, that is, how they make sense of their world and the experiences they have in the world" (Merriam 1998:6), en om sin te maak van sekere aspekte volgens die betekenis wat mense daaraan heg (Denzin & Lincoln 1994:2). Die essensie van Afrikaanse gereformeerde gelowiges se gedeelde behoeftes en ervarings van kontemplatiewe spiritualiteit word omskryf en saamgevat in hierdie studie. Merriam (1998:5) beskryf ook kwalitatiewe navorsing as 'n sambreelkonsep "covering several forms of inquiry that help[s] us understand and explain the meaning of social phenomena with as little disruption of the natural setting as possible". Kontemplatiewe spiritualiteit as 'n tendens binne die gereformeerde tradisie is ondersoek deur 'n "stem te gee" aan Afrikaanssprekende gereformeerdes se pastorale behoeftes en ervarings van kontemplatiewe spiritualiteit. Die kwalitatiewe benadering het dit ook vir my moontlik gemaak om gebruik te maak van data wat die eerstehandse ondervindinge van die deelnemers aan die navorsing insluit asook my eie ondervindinge (Merriam 1998:12). Merriam (1998:7) noem ook dat die navorser volgens die kwalitatiewe navorsingsmetodologie genooi word om sy/haar eie stories en ondervindinge na die navorsingsproses te bring.

Denzin en Lincoln (1994:11-15) struktureer die proses van navraag in kwalitatiewe navorsing in vyf hoofopskrifte of fases. Hierdie fases omskryf die kwalitatiewe navorsingsproses wat ek in die studie gevolg het, naamlik: die navorser, paradigmas en interpreterende perspektiewe, navorsingstrategieë, data-insamelingsmetodes en analisering van empiriese materiaal, en laastens die interpretasie. Die eerste fase, die navorser, is reeds in 1.2 bespreek.

## 1.5 PARADIGMAS EN INTERPRETERENDE PERSPEKTIEWE

Die tweede fase wat die paradigmas en interpreterende perspektiewe omskryf, verduidelik "how the qualitative researcher sees the world and acts in it" (Denzin & Lincoln 1994:13). Ek betree dus die navorsing vanuit 'n spesifieke wêreldbeskouing. My navorsing is uitgevoer binne die sosiale konstruksie- teorie as 'n postmoderne benadering.

### 1.5.1 'n Postmoderne benadering

Gergen (1991:94) stel die volgende omtrent 'n postmoderne benadering:

> While science and modernism teach that the world is composed of fixed and knowable entities, postmodern epistemology teaches that there are no objective/essential truths.

Die verskillende en verskeidenheid stemme van mense binne die gereformeerde geloofsgemeenskap (waarbinne my navorsing uitgevoer is) gee aanleiding tot 'n "increasing range of *other truths"* [my eie kursief] (Gergen 1991:94). Volgens Brueggemann (1993:8-9) kan postmoderne kennis beskryf word as:

- Contextual (the knower helps to constitute what is known)
- Local (there are no large truths)
- Pluralistic (there are many truth claims).

> Rossouw (1993:894) toon die belangrikheid van teologiese refleksie omtrent die postmoderne kultuur waarin ons onsself tans bevind aan. "This cultural shift ... brings a new understanding of self and the world with it" (1993:895) en volgens hom moet teoloë reflekteer oor hierdie nuwe verstaan van die self en die wêreld. Gelowiges aanvaar nie meer die aanspraak wat op die "absolute waarheid" soos van die kansel gepredik, gemaak word nie.

'n Studie binne die postmoderne benadering skep ruimte vir die gekonstrueerde ervarings van mense wat pluralisties, divers en kontekstueel is (Brueggemann 1993:8-9). In hierdie studie word aandag gegee aan mense se alternatiewe vorme van geloofsbelewenis en *ander* waarheidsaansprake.

### 1.5.2 Sosiale konstruksie- teorie

Volgens die sosiale konstruksie- teorie is kennis iets wat deur mense gekonstrueer word deur sosiale prosesse en interaksie waarin hulle voortdurend gewikkel is (Burr 1995:4). Kennis word dus gekonstrueer deur "the process of social interchange" (Gergen 1985:266). Die sosiale konstruksie- teorie neem 'n kritiese houding teenoor "taken-for-granted knowledge" en gaan van die veronderstelling uit dat "... [the] ways in which we commonly understand the world, the categories and concepts we use, are historically and culturally specific" (Burr 1995:3). Kotzé (1994:110) postuleer: "Viewed from a social constructionist

perspective, culture is a social construction and anything said about culture is a social construction about a social construction." Gergen (1994:3-4) se argument is ook dat ondersoek van tradisie nodig is – "... an enquiry into the benefits and shortcomings of our beliefs and practices, and an exploration of alternative possibilities". Die spesifieke kulturele konteks van die Afrikaanse gereformeerde tradisie word in hierdie studie onder die loep geneem met die vraag: *Wat beskou u as huidige tekortkominge binne die tradisionele kerk?* (Sien vraelys in Addendum A).

Die kontemplatiewe spiritualiteit word in hierdie studie as alternatiewe spiritualiteit ondersoek. Anderson (1997:36) neem die gedagte van ondersoek verder en voer aan: "We continually interpret our experiences and interpret our interpretations. And, as a result, knowledge is evolving and continually broadening." Kennis word sosiaal gekonstrueer en in die lig hiervan word in die laaste hoofstuk van hierdie studie ook krities gereflekteer oor die kontemplatiewe tradisie en hoe dit kan bydrae tot sosiale verandering.

### 1.5.3 Praktiese teologie as interpreterende perspektief

Die studie word geposisioneer binne 'n praktiese teologie wat fokus op die geloofshandelinge van mense – in terme van 'n ondersoek hoe gelowiges begelei kan word om 'n sinvolle getuienis, geïntegreer binne hulle alledaagse lewe en aktiwiteit, uit te leef. Hierdie kommunikatiewe handelinge staan dus in diens van die evangelie (Heyns & Pieterse 1994:1-2). Die vertrekpunt en die hele verloop van my navorsingsreis word in die volgende aanhaling van Heitink (1999:7) opgesom:

> A practical theology, which chooses its point of departure in the experience of human beings and in the current state of church society, is indeed characterised by a methodology that takes empirical data with utter seriousness, takes these as its starting point and keeps them in mind as it develops its theory.

In my navorsingsreis het ek praktiese teologiese benaderings gebruik wat sosiaal konstruktivisties van aard is, naamlik die kontekstuele en deelnemende benaderings.

*1.5.3.1 Kontekstuele benadering tot praktiese teologie*

Ek voer my navorsing as praktiese teoloog uit "in the lived experiences of individuals and communities" en die oogmerk is om mense in hulle kontekste te verstaan (Cochrane, De Gruchy & Petersen 1991:17). Binne die konteks van die Afrikaanse gereformeerde tradisie is daar gelowiges wat die pastorale behoefte aan kontemplatiewe spiritualiteit uitspreek en wat reeds dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit beoefen. Myburg (2000:48) vat die kontekstuele benadering as volg saam:

> The significance of this approach is the introduction of the context with the intention to both change and transcend the life world of people. As such this approach is aimed at the reconstruction of society from within the community of believers – thus it remains focused on the community of believers.

Binne die kontekstuele teologie is sosiale analise belangrik en het hierdie wyse van teologie *doen* vir my die weg gebaan om te luister na die behoeftes en ervarings van gelowiges wat reeds deelneem aan kontemplatiewe spiritualiteit. Sosiale analise begin deur te luister na die insigte, ervarings en idees van die "ordinary person" (Cochrane et al 1991:31) en het ek gepoog om in hierdie navorsing hierdie behoeftes en ervarings van "gewone persone" te rapporteer.

Gerkin (1986:64) se denkwyse oor die doel van praktiese teologie resoneer met my: "The purpose of practical theological thinking is always the facilitation of the transformation of life." Die kontemplatiewe spiritualiteit kan 'n rol speel in die transformasie van lewe en 'n bydrae lewer tot die "reconstruction of society".

Die tradisionele gereformeerde spiritualiteit verteenwoordig op 'n sekere vlak 'n "onderdrukkende spiritualiteit" met die klem op dogma, sekerhede en duidelike definisies van God (Schutte 2006:11). Cochrane et al (1991:75-83) en Hudson (2000:33) voer in hierdie verband aan dat binne die kontekstuele model van praktiese teologie gepoog word om 'n versterkende, lewensbevestigende en hoopvolle spiritualiteit te ontwikkel. Van die deelnemers aan die navorsing het spesifiek 'n behoefte aan 'n "empowering ... and hopeful spirituality" (Hudson 2000:33) uitgespreek.

As pastorale terapeut verkies ek om na die stemme van die kontekstuele teologie soos die bevrydings- en die feministiese teologie te luister omdat dit my verder verbind tot 'n "doing spirituality/theology" (Kotzé & Kotzé 2001:4; Bosch 1991:424). Binne die kontekstuele benadering tot praktiese teologie, is "... doing more important than knowing or speaking" (Bosch 1991:424-425). De Gruchy (1994:12) verduidelik verder dat "doing theology" nooit neutraal kan staan nie, maar dat dit praxis insluit. Hy voer verder aan dat praxis die doel van praktiese teologie is en dit veronderstel aksies wat voortspruit en bydra tot kritiese refleksie.

Volgens Bosch (1991:421) word feministiese teologie gesien as die "revolusionêre" kant van die kontekstuele benadering. Ackermann (1996:45) verduidelik: "Feminist theology of praxis is an exercise in accountability to a specific way of doing theology which stems from a passion for change." Ek sluit my verder aan by Ackermann (2003:35) se verduideliking van praxis: "I want to make sure that the theology I do will not lose the critical relationship between acting and reflecting, between thinking and doing." Binne die konteks van die kontemplatiewe spiritualiteit moet daar 'n voortdurende interaksie plaasvind tussen kontemplasie en aksie – dit wat ek bepeins moet my motiveer tot aksie in die wêreld. Hierdie interaksie word ook na verwys as die inwaartse/uitwaartse reis, maar meer hieroor in hoofstuk 2. Spiritualiteit en sosiale geregtigheid kan nie van mekaar geskei word nie. Rowan Williams (aangehaal in Ackermann 2003:134) verwerp die idee dat spiritualiteit slegs 'n individuele ervaring is: "[I]t must now touch every area of human experience, the public and social, the painful, negative, even pathological byways of the mind, the moral and relational world."

#### *1.5.3.2 Deelnemende benadering tot praktiese teologie*

Die kontekstuele teologie moedig voortdurende dialoog tussen teks en konteks (Bosch 1991:426-427) en tussen alle deelnemers (Kotzé & Kotzé 2001:5) aan. Ek het my verbind tot 'n "participatory way of doing spirituality" (Kotzé & Kotzé 2001:6) wat onder meer impliseer dat ek "co-research with people in search of alternatives" (2001:9). Die alternatiewe in hierdie navorsing verwys na gereformeerde gelowiges se soeke na 'n meer outentieke vorm van spiritualiteit

wat aangespreek word deur kontemplatiewe spiritualiteit as 'n "nuwe spiritualiteit" binne die Afrikaanse gereformeerde kerke.

'n Deelnemende benadering tot praktiese teologie word beoefen binne die postmoderne paradigma wat, volgens Herholdt (1998:224), teologie benader as "a commitment to participation". Hierdie deelnemende benadering daag my verder uit om binne die postmoderne kultuur sensitief te wees vir die "praktiese gevolge wat teologiese perspektiewe en geloofspraktyke mag hê" (Rossouw 1993:903). Hierdie sensitiwiteit behoort pastorale terapeute uit te daag om bewus te raak van mense se spirituele behoeftes. Walsh (1999:3) maak die opmerking: "Therefore, as therapists and human service professionals, we need to attend to the spiritual beliefs and practices of our clients if we are to understand them and assist in their healing and growth."

Van die deelnemers aan die navorsing beskryf hul deelname aan kontemplatiewe spiritualiteit as 'n lewensveranderende ervaring. Die navorsing kan moontlik bydra tot 'n "enriching journey" (Schutte 2006:11) vir gelowiges binne die gereformeerde tradisie wat kontemplatiewe spiritualiteit ontdek.

### 1.5.4 Die narratiewe hermeneutiese benadering tot pastorale sorg as interpreterende perspektief

In my navorsingsbenadering het ek gebruik gemaak van die beginsels van die narratiewe hermeneutiese benadering wat daaroor gaan dat 'n storie 'n beskrywing en verduideliking van die lewe is.

> By means of stories of the self and of the world around us we hold together events, persons and experiences that would otherwise be fragmented. To be a person is therefore to live a story.
>
> (Gerkin 1986:52)

White en Epston (1990:3-9) beskryf stories as "events linked in sequence across time according to a plot". Tydens indiepte onderhoude met deelnemers aan die navorsingsprojek het ek die onderhoud begin met die vraag: "Vertel my die storie van jou geestelike reis en hoe dit ontvou het tot jou deelname aan kontemplatiewe spiritualiteit." Die storie(s) het begin met 'n beskrywing van ervarings in die tradisionele kerk tot die deelnemers se ontdekking van

kontemplatiewe spiritualiteit. Die beskrywing van hul stories het die "probleemstorie" (die tekortkominge in die tradisionele kerk) en die "alternatiewe storie" (die ontdekking van kontemplatiewe spiritualiteit) ingesluit (Morgan 2000:12-15). Die doel van "narrative hermeneutics is to construct alternative stories as alternative perspectives, narratives, actions and practices to replace [the] unacceptable ones" (Schutte 2006:110). Vir mense wat dus die tradisionele gereformeerde spiritualiteit as beperkend ervaar, kan die beoefening van kontemplatiewe spiritualiteit as alternatiewe spiritualiteit aangebied word.

As pastorale terapeut en navorser sien ek dus my taak in ooreenstemming met Gergen (1994:250) se idees van "transformative dialogue in which new understandings are negotiated together with a new set of premises about meaning". Die gesprekke wat ontvou het tydens die groeps- en individuele onderhoude het die helende en transformerende aard van kontemplatiewe spiritualiteit belig. Die deelnemers aan die onderhoude het ook 'n ontdekking gemaak van die nuwe betekenis wat kontemplatiewe spiritualiteit tot hulle geloofsreis bygedra het. Hierdie ontdekkings is onder meer gemaak soos wat die gesprek tydens die onderhoude ontvou het. In die onderhoudvoering met die navorsingsdeelnemers is van narratiewe terapeutiese praktyke gebruik gemaak. My blootstelling aan die werk van Michael White en David Epston in die veld van narratiewe terapie (White & Epston 1990; White 1991, 1997, 2000) en die toepassing van narratiewe beginsels in my sielkundepraktyk, het my hiermee gehelp.

Die studie is nou geposisioneer in terme van die verskillende paradigmas en interpreterende perspektiewe en nou kan daar beweeg word na die volgende fase naamlik die spesifieke strategieë van navraag wat in die studie gebruik is.

## 1.6 STRATEGIEË VAN NAVRAAG

Die strategieë van navraag verwys na die navorsingsontwerp wat in die studie gebruik is.

### 1.6.1 Navorsingsontwerp

’n Ondersoekgebaseerde navorsingsontwerp is gebruik omdat dit volgens Hofstee (2006:122) die beste manier is om mense se opinies, behoeftes en houdings te bepaal. Hofstee beveel ’n ondersoekgebaseerde navorsingsontwerp aan wanneer die navorser poog om inligting te bekom van ’n beperkte aantal individue waarvan verwag word dat hulle oor die inligting beskik waarna die navorser soek. Daar word verder verwag dat hierdie groep individue bereid is om die inligting aan die navorser te kommunikeer en dat hulle gewoonlik verteenwoordigend is van die groter populasie of groep.

In my navorsing is Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges wat reeds blootstelling aan kontemplatiewe spiritualiteitsdissiplines gehad het as verteenwoordigende groep gebruik. Hierdie groep se deelname aan kontemplatiewe spiritualiteitsdissiplines impliseer dat hulle reeds ’n behoefte het wat hulle aan hierdie spiritualiteit laat deelneem. Hulle blootstelling daaraan maak dit ook moontlik dat hulle hulle ervarings daaromtrent kan kommunikeer.

Merriam (1998:10) onderskei verskillende tipes van kwalitatiewe navorsing wat deel uitmaak van die “strategies of inquiry” van Denzin en Lincoln (1994) se fases van kwalitatiewe navorsing. Fenomenologiese navorsing is een van die tipes kwalitatiewe navorsing wat Merriam (1998:12) beskryf en dit vorm ook deel van die navorsingontwerp wat in hierdie studie gebruik is. Fenomenologiese navorsing maak gebruik van data wat die eerstehandse ondervindinge van die deelnemers en die navorser insluit (Merriam 1998:15). Hierdie tipe navorsing is gebaseer op “the assumption that there is an essence or essences to shared experience. These essences are the core meaning mutually understood through a phenomenon commonly experienced” (Patton aangehaal in Merriam 1998:15). Die doel van ’n fenomenologiese studie is dus om die fenomeen, wat in hierdie studie kontemplatiewe spiritualiteit in die Afrikaanse gereformeerde tradisie is, so volledig moontlik te verstaan. Leedy en Ormrod (2005:139) bied die volgende verduideliking van ’n fenomenologiese studie wat verder my keuse vir hierdie ontwerp ondersteun:

> In some cases, the researcher has had personal experience related to the phenomenon in question and wants to gain a better understanding of the experiences of others. By looking at multiple perspectives on the same situation, the researcher can make some generalizations of *what something is like* [Leedy & Ormrod se kursief] from an insider's perspective.

In my navorsing is die essensie van Afrikaanse gereformeerde gelowiges se gedeelde behoeftes en ondervindinge van kontemplatiewe spiritualiteit omskryf en saamgevat. Mouton (2002:103) praat van eksplorerende studies en die doel van sulke studies is om nuwe data te versamel om vas te stel of daar interessante patrone in die data voorkom. Die patrone of temas wat geïdentifiseer is omtrent die navorsingsdeelnemers se behoeftes en ervarings word in Hoofstuk 3 en 4 bespreek.

In die volgende fase word die metodes wat gebruik is in die insameling van die data omskryf.

## 1.7 METODES VAN INSAMELING EN ANALISE VAN DIE EMPIRIESE MATERIAAL

'n Verskeidenheid van metodes kan ingespan word in die versameling van empiriese data. Mouton (2002:111) beveel aan om van multi-metodes gebruik te maak in die proses van data-versameling. In hierdie navorsing is vraelyste en kwalitatiewe onderhoudvoering as die belangrikste metodes ingespan. Vraelyste en onderhoude pas by ondersoekgebaseerde navorsing (Hofstee 2006:122) asook by 'n fenomenologiese studie (Leedy & Ormrod 2005:140). Daar is ook tot 'n mindere mate van deelnemende waarneming (Mason 2002:84) gebruik gemaak in die verskillende navorsingsomgewings soos byvoorbeeld tydens die bywoning van 'n retreat of 'n meditatiewe diens. Die metodes van data-insameling word eers kortliks toegelig en die proses van opname wat in die navorsing gevolg is, word daarna bespreek.

### 1.7.1 Deelnemende waarneming

Mason (2002:84) beskryf deelnemende waarneming as "... methods of generating data which entail the researcher immersing herself or himself in a research 'setting' so that they can experience and observe at first hand a range

of dimensions in and of that setting". Ek het deelnemende waarneming as metode gekies as deel van die multi-metode strategie (2002:86) – ook omdat daar nog baie min data omtrent kontemplatiewe spiritualiteit in die gereformeerde konteks beskikbaar is. Tydens die navorsingreis het ek myself in 'n verskeidenheid van "settings" of omgewings bevind as deel van die navorsingslandskap waarbinne ek deelnemende waarnemings kon maak. Die verskillende navorsingsomgewings waarin ek myself oor 'n periode van 18 maande bevind het, het die volgende ingesluit:

- Die bywoning van meditatiewe dienste in 'n paar gemeentes
- Die bywoning van 'n retreat wat deur dr. Willem Nicol aangebied is
- 'n Besoek aan Taizé in Frankryk
- Kursusse wat deur die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit binne NG Kerk gemeentes aangebied is
- 'n Werksessie wat deur dr. Willem Nicol oor die aanbieding van retreats aangebied is.

Hierdie navorsingomgewings word in die loop van die studie, maar veral in hoofstuk 3, in meer detail bespreek.

### 1.7.2 Vraelyste

Vraelyste is aan Afrikaanssprekende gereformeerdes wat betrokke raak by kontemplatiewe spiritualiteit uitgedeel. Die vraelyste is deur die deelnemers tuis voltooi en aan my teruggepos in 'n gefrankeerde koevert. Die volgende redes word aangevoer vir die gebruik van vraelyste in my navorsing (Hofstee 2006:132):

- Dit is een van die beste metodes om 'n ondersoek te doen omtrent mense se behoeftes, opinies en ervarings van 'n sekere saak.
- 'n Groter aantal mense kan in die navorsing ingesluit word om sodoende meer "stemme" te hoor.
- Vertroulikheid word gewaarborg en dit bied die geleentheid vir deelnemers om hulle opinie eerlik te lug.
- Kwantitatiewe resultate kon verkry word omtrent aspekte soos byvoorbeeld ouderdom, geslag en kerklidmaatskap van deelnemers.

Daar bestaan natuurlik ’n hele aantal beperkings in die gebruik van vraelyste, soos interaksie en waarneming van respondente wat uitgesluit is en die feit dat geen verdere indiepte opvolg op antwoorde gedoen kan word nie. Daarom is onderhoudvoering as verdere data-insamelingsmetode gebruik om die betroubaarheid van die studie te verhoog (Mouton 2002:111) en word die doel van onderhoude verder in 1.7.3 bespreek.

Die vraelys is so saamgestel dat dit verskillende tipes vrae ingesluit het soos, feitelike vrae om byvoorbeeld ouderdom en geslag te bepaal, opinievrae waarin die deelnemers hulle opinies vrylik kon uitspreek en gestruktureerde vrae, byvoorbeeld rangordevrae, gebeurlikheids- en invulvrae (Halloway & Wheeler 1998:54). Die vrae is ook in verskillende kategorieë ingedeel om analise te vergemaklik (Hofstee 2006:134). ’n Brief is ook aan die vraelys geheg wat kortliks die doel van die navorsing verduidelik het en my kontakbesonderhede verskaf het. Verwys na Addendum A vir ’n voorbeeld van die brief en vraelys.

### 1.7.3 Kwalitatiewe onderhoudvoering

Met die term kwalitatiewe onderhoude word gewoonlik verwys na indiepte, semi-gestruktureerde vorme van onderhoudvoering (Mason 2002:62). Reinharz (1992:19) noem dat feministiese navorsers onderhoudvoering verkies aangesien “interviewing offers researchers access to people’s ideas, thoughts, and memories in their own words rather than in the words of the researcher”. Kwalitatiewe onderhoudvoering is as verdere data-insamelingsmetode gekies weens die volgende karaktertrekke soos uiteengesit deur Mason (2002:62-63). Al hierdie karaktertrekke is ingespan in my navorsing.

- Dialoog word moontlik en kan bereik word deur een-tot-een interaksie, fokusgroeponderhoude en internetkorrespondensie.
- Die informele styl tydens die semi-gestruktureerde onderhoude.
- Die vloeiende en buigbare struktuur het dit moontlik gemaak dat verskillende temas tydens die onderhoude ontwikkel kon word soos mense hulle “stories” met my gedeel het.
- Die perspektief dat kennis gekonstrueer word tydens dialoog en dat dit binne ’n konteks plaasvind. Kennis word derhalwe sosiaal gekonstrueer

> en "meanings and understandings are created in an interaction, which is effectively a co-operation, involving researcher and interviewees" (Mason 2002:63).

Die proses van data-insameling word vervolgens uiteengesit.

**Veldnotas en reflekterende analises** is gemaak tydens my besoek aan Taizé, met die bywoning van meditatiewe dienste en retreats en die kursusse by die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit. Daar word nie 'n gedetaileerde beskrywing van hierdie data gegee nie, maar die veldnotas en refleksies is wel ingeweef in die bespreking van die navorsing. Die refleksies tydens die deelnemende waarneming is veral gebruik in die opstel van die vrae vir die vraelyste.

**Semigestruktureerde onderhoude** (Mason 2002:62) is eerstens met drie baanbrekers op die gebied van kontemplatiewe spiritualiteit binne die Afrikaanse gereformeerde tradisie gevoer. Hulle is, dr. Willem Nicol (voorsitter van Sentrum vir Spiritualiteit, Pretoria), dr. Carel Anthonissen (direkteur van Sentrum vir Christelike Spiritualiteit, Kaapstad), dr. Riaan van der Merwe (Sentrum vir Christelike Spiritualiteit, Kaapstad). Die basiese struktuur van die onderhoude het die volgende temas ingesluit; agtergrond en geskiedenis van die persoon se betrokkenheid by kontemplatiewe spiritualiteit; eie belewenis van hierdie spiritualiteit; huidige betrokkenheid; terugvoering en getuienisse ontvang van mense se belewenisse van deelname aan van die kontemplatiewe spiritualiteitsdissiplines. Die inligting wat uit hierdie onderhoude verkry is, het as agtergrond gedien vir die opstel van die vraelyste asook om inligting in te samel as deel van die literatuurstudie.

Tweedens is 'n **vraelys** (sien Addendum A) opgestel en uitgedeel aan Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges wat reeds blootstelling aan óf 'n retreat óf 'n meditatiewe/stil diens gehad het. 'n Totaal van 100 vraelyste is uitgestuur en 61 voltooide vraelyste is terug ontvang. Hierdie vraelyste is op die volgende maniere versprei:

Dr. Willem Nicol het vraelyste uitgedeel aan mense wat van sy retreats bygewoon het asook mense wat die Adoramus-dienste in Pretoria bywoon. Ek het drie gemeentes wat meditatiewe dienste aanbied besoek en voor die diens

kortliks my navorsing aan die gemeente bekendgestel. Die versoek is gerig dat dié wat sou belangstel, na afloop van die diens 'n vraelys kon neem om op hulle eie tyd tuis te gaan voltooi. Hierdie gemeentes het die volgende ingesluit: 'n Weeklikse meditatiewe diens wat deur die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit in Stellenbosch aangebied word; die Stellenberg-gemeente in Bellville en die Constantia NG-gemeente. Tydens 'n retreat wat deur dr. Willem Nicol aangebied is en wat ek saam met predikante van die Caledon- en Somerset-Wes-ring bygewoon het, het drie van die predikante vraelyste geneem om by hulle retreats en meditatiewe dienste te versprei. Dié predikante was van die Helderberg NG-gemeente in Somerset-Wes, twee NG-gemeentes in Caledon en NG-gemeente Welgemoed waar dr. Riaan van der Merwe weekliks 'n meditatiewe diens lei.

Derdens is 'n **fokusgroeponderhoud** gevoer. De Vos (1998:314) beskryf fokusgroeponderhoude as 'n doelgerigte bespreking van 'n spesifieke onderwerp wat plaasvind tussen agt tot tien persone met dieselfde omstandighede en belangstellings. Die fokusgroeponderhoud is gevoer met persone wat 'n meditatiewe diens in Stellenbosch bywoon wat deur die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit aangebied word. Die deelnemers is mense wat uit die vraelyste aangedui het dat hulle bereid was om deel te neem aan 'n groepgesprek. 'n Totaal van tien persone het aangedui dat hulle aan die groepsonderhoud sal deelneem en hulle het almal 'n e-pos-adres en telefoonnommers verskaf. Hierdie tien persone is per e-pos gekontak en is twee moontlike datums as opsies aangebied waartydens die groepsgesprek kon plaasvind. Ná bepaling van 'n datum wat die meeste sou pas, is weer 'n e-pos uitgestuur met 'n uitnodiging en detail van die gesprek. 'n Aankondiging is ook die vorige Sondag tydens die meditatiewe diens gedoen as herinnering aan die gesprek en om nog mense uit te nooi wat moontlik sou belangstel. Ses persone het opgedaag vir die gesprek ná afloop van die diens en die gesprek het 90 minute geduur. Toestemming is van hulle verkry om die onderhoud op band op te neem en vertroulikheid is bespreek. Die identiteit van die deelnemers aan die groepsgesprek word nêrens in die navorsing bekend gemaak nie. Transkripsies is ná die tyd van die volledige onderhoud gemaak. 'n Opsomming van die gesprek met hooftemas is per e-pos aan al die deelnemers aan die fokusgroep gestuur asook aan die persone wat op die vraelyste aangedui het dat hulle aan die groepsonderhoud wil deelneem,

maar dit nie kon bywoon nie. Die versoek is gerig om enige verdere kommentaar te lewer.

Vierdens is vyf **individuele onderhoude** gevoer met persone wat gereelde retreats en meditatiewe dienste bywoon en aangedui het dat hulle bereid is om deel te neem aan 'n onderhoud. Hulle is almal lede van die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit. Ek het hulle almal persoonlik gekontak vir 'n afspraak. Die onderhoude is op 'n tyd en plek geskeduleer wat hulle die beste gepas het. Hulle is almal vooraf in kennis gestel omtrent die doel van die onderhoud en min of meer hoe lank dit sou duur. Toestemming is van hulle verkry om die onderhoud op band op te neem en die belangrikheid van vertroulikheid is met hulle bespreek. Hulle identiteit word nêrens in die navorsing bekend gemaak nie. Die onderhoude het gewissel tussen 60 en 90 minute. Ná afloop van die onderhoude is die deelnemers vir hulle waardevolle bydrae per e-pos bedank. Transkripsies is van die onderhoud gemaak om seker te maak dat die inhoud waarheidsgetrou vasgelê is.

**E-pos-korrespondensie** met die deelnemers aan die navorsingstudie het ook deel uitgemaak van die data-insamelingsmetodes. 'n Persoon wat in Pretoria woon en een van die vraelyste voltooi het, het per e-pos verder met my gekorrespondeer oor sy eie ervarings van kontemplatiewe spiritualiteit. Sy ervarings is ook as deel van die data-analise geïnkorporeer in die studie. E-pos-korrespondensie het ook geskied met die deelnemers aan die fokusgroep-onderhoud, die individuele onderhoude en die baanbrekers. Die resultate van die ondersoek is aan hulle gekommunikeer vir verdere kommentaar en insette en hulle insette en kommentaar word in Hoofstuk 5 as "die finale woord" (sien 5.7) gerapporteer.

**Transkripsies** van die inhoud van die werksessie oor die aanbieding van retreats wat deur dr. Willem Nicol (2008c) gehou is, is ook in die navorsingsresultate ingewerk. Hierdie werksessie is deur ses predikante in die Wes-Kaap, myself en 'n kollega bygewoon. Hierdie was die eerste werksessie van sy soort en baanbrekerswerk op die gebied van kontemplatiewe spiritualiteit binne die Afrikaanse gereformeerde tradisie is gedoen.

## 1.8 INTERPRETASIE

Die laaste stap in die vyf fases is die konstruering van die kwalitatiewe interpretasies van die data wat volgens Denzin en Lincoln (1994:15) "artful and political" is. 'n Groot uitdaging in die analise en interpretering van data gaan oor die vraag: "[H]ow can you be sure that you are not simply inventing data, or misrepresenting your reseach participants' perspectives?" (Mason 2002:76). Ek is gelei deur feministiese navorsing (Reinharz 1992:39) deur die "eie stemme" van die navorsingsdeelnemers sover as moontlik in my navorsing te gebruik. Ek rapporteer die deelnemers aan die navorsing se "stemme" deur hulle eie woorde te gebruik, soos in die vraelyste verwoord en uit die transkripsies van die onderhoude, "uncensored and unedited, rather than rephrased as 'correct' English" (Reinharz 1992:39).

Die proses van interpretasie het begin deur die temas uit die onderhoude met die baanbrekers te identifiseer vir die opstel van die vraelyste. Soos wat ek die vraelyste per pos terug ontvang het, het ek eerstens die kwantitatiewe data in *Excel* ingevoer. Hierdie data was byvoorbeeld die kategorieë soos ouderdom en geslag (Mason 2002:148). Die kwantitatiewe data is verkry om te dien as bekendstelling van die deelnemers aan die navorsing. Meer hieroor in hoofstuk 3. Die res van die data is ingedeel in verskillende hoofopskrifte op grond van die vrae in die vraelyste, byvoorbeeld; ervarings van retreats, ervarings van meditatiewe dienste, redes vir bywoning van 'n retreat, ens. Die response soos verkry uit die vraelyste is onder die hoofopskrifte in die rekenaar ingevoer.

Uit die vraelyste is die temas vir die onderhoude bepaal (Mason 2002:150-151). Leedy & Ormrod (2005:140) verwys na die interpretering van data binne 'n fenomenologiese ontwerp as "a general description of the phenomenon as seen through the eyes of people who have experienced it firsthand. The focus is on common themes in the experience despite diversity in the individuals and settings studied". Die temas word in detail in hoofstuk 3 en 4 bespreek. Alle onderhoude is op band opgeneem en transkripsies is ná afloop van die onderhoude gedoen. Hierdie transkripsies is vir 'n paar keer rustig deurgelees en notas is gemaak van verdere temas wat geïdentifiseer is.

Die gebruik van onderhoude en die rapportering daarvan hou heelwat etiese implikasies in (Mason 2002:79). Die etiese oorwegings van die navorsingstudie word vervolgens bespreek.

## 1.9 ETIESE OORWEGINGS VAN DIE NAVORSING

Die soeke na nuwe kennis deur die uitvoer van navorsing impliseer noodwendig praktyke van "power/knowledge" in lyn met die siening van Foucault (1972; 1980). Foucault se werk in dié verband het my gehelp "by challenging the status not of the truths generated by sciences but of the *conditions* necessary for their production" (McHoul & Grace 1993:58). Etiese oorwegings is deurlopend in gedagte gehou tydens die data-insamelingsproses. Dit was in die eerste plek belangrik dat die identiteit van die deelnemers aan die vraelyste en onderhoude anoniem bly. Alhoewel die eie woorde van die deelnemers aan die navorsing in die resultate gerapporteer is, word nêrens melding van hulle identiteit gemaak nie. Vir navorsers is een van die uitdagings van onderhoudvoering om te erken dat "fully informed consent may be impossible always to achieve" (Mason 2002:82). Daarom was dit my verantwoordelikheid "to engage in a reflexive and sensitive moral research practice" (2002:82) wat in meer detail in Hoofstuk 5 bespreek sal word.

Een van die belangrikste etiese verbintenisse tot navorsing is om *deelname deur almal* te verseker wat 'n belangstelling in die navorsingsproses en resultate het (Kotzé 2002:25-26). Ek stem saam met Kotzé en Kotzé (2001:9) dat navorsing baie keer 'n intellektuele aktiwiteit word waar slegs navorsers voordeel trek. Een van die vrae wat Mason (2002:43) voorstel ten opsigte van die etiese besluitneming, is: Wie se belange word deur die navorsing bevoordeel? Vir my is dit belangik dat hierdie navorsing tot die voordeel van *almal* wat 'n belangstelling in die navorsingsproses en resultate het (Kotzé 2002:25-26), sal wees. Sewe deelnemers wat die vraelyste ingevul het, het "versoek" dat die resultate van hierdie navorsing in die *Kerkbode* of elders gepubliseer moet word sodat meer mense bewus gemaak kan word van die behoefte aan en helende ervaring van hierdie vorm van spiritualiteit. Een van die response uit die vraelyste:

> *Dit is wonderlik dat iemand navorsing doen hieroor en ek hoop so dat die belang van kontemplatiewe gebed so onder mense se aandag gebring word. Plaas bevindinge in 'n kerkbode.*

Ek voel passievol oor die pastorale bydrae wat die beoefening van kontemplatiewe spiritualiteit in die lewens van mense tot gevolg kan hê. My "passion for change" en my *commitment* tot die deelnemers van my navorsing het my gedryf om die navorsing te voltooi en om binne die raamwerk van die feministiese teologie verantwoordbaar te wees (Ackermann 1996:45).

## 1.10 HOOFSTUKINDELING

Die navorsingsreis word verder ingelei deur 'n kort uiteensetting van die hoofstukke wat volg.

In **Hoofstuk 2** word gefokus op twee landskappe: kontemplatiewe spiritualiteit en die gereformeerde tradisie. 'n Kort oorsig van die ontstaan en geskiedenis van kontemplatiewe spiritualiteit word bespreek as agtergrond en inleiding tot die studie. 'n Verdere bespreking van die verskillende dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit word hanteer. In die hoofstuk word ook kortliks beredeneer hoe kontemplatiewe spiritualiteit binne die gereformeerde tradisie verlore geraak het.

**Hoofstuk 3** fokus op die huidige tendense van kontemplatiewe spiritualiteit binne die Afrikaanse gereformeerde kerke, spesifiek die NG Kerk soos onder meer weerspieël word uit die onderhoude met die drie baanbrekers. Die behoeftes van gelowiges omtrent deelname aan kontemplatiewe spiritualiteit word ook in hierdie hoofstuk bespreek aan die hand van die resultate verkry uit die vraelyste en onderhoude.

**Hoofstuk 4** analiseer verder die resultate van die ondersoek deur 'n bespreking van die ervarings van die deelnemers aan kontemplatiewe spiritualiteit te gee.

In **Hoofstuk 5** is die bevindinge van die navorsing saamgevat en bevat dit refleksies oor die navorsingsproses en ontdekkings wat tydens die reis gemaak is.

# HOOFSTUK 2

## TWEE LANDSKAPPE: KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT EN DIE GEREFORMEERDE TRADISIE

*We must not cease from exploration and the end of all our exploring will be to arrive where we began and to know the place for the first time.*

(T S Eliot)

*Soos 'n bokkie in die woestyn wat dors is vir water, so het ek 'n vurige verlange om by U te wees, God.*

(Ps 42:1)

## 2.1 INLEIDING

My passievolle belangstelling in die tradisie van kontemplatiewe spiritualiteit en my betrokkenheid by die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit het daartoe gelei dat ek reeds baie wyd oor die veld gelees het. Die landskap van die kontemplatiewe tradisie is met rykdom en diepte besaai. Daar bestaan egter heelwat onkunde, wanpersepsies en agterdog omtrent kontemplatiewe spiritualiteit met selfs 'n hele paar vyandige stemme wat teen die tradisie opgaan. Daar is webtuistes wat spesifiek daarop uit is om kontemplatiewe spiritualiteit as n dwaalleer en as van die bose uit te maak. Een van hierdie webtuistes is http://www.lighthousetrailsresearch.com/ (2008). Op eie bodem skryf ds. Japie Grobler (2005) 'n artikel op die webtuiste van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika met die opskrif *Mistieke Oosterse gebruike in die Kerk?* Hy maak die volgende opmerking:

> Op geestelike gebied word daar al meer na die Ooste gekyk vir geestelike ervarings en so kry ons met terme te make soos *spiritualiteit* i.p.v. godsdiens*, Christelike meditasie* i.p.v. oordenking, *kontemplatiewe gebed ("contemplative prayer"), sentrering ("centering"), asemhalingsgebede ("breath prayers")* i.p.v. aanbidding en gebed waarin die bidder sy hart voor die Here uitstort. Groot is die ontnugtering wanneer die Christen ontdek dat een of meer van hierdie dinge alreeds in die kerk is en dat dit aan lidmate voorgehou en aanbeveel word en selfs op georganiseerde wyses aangebied word.

Prof. Johan Malan (2006) skryf 'n artikel *Oosterse Meditasie Sluip só in die Kerk in* en verwys hy na die "wêreldwye vervalproses waarin Christelike kerke gebruike uit die Oosterse mistisisme oorneem". Uit die literatuur (Bosch 1991:215-217; Rousseau 1996:119; Foster 1998:23; Muller 2001:28; Nicol

2002:43; Williams 2003:18; Boyer 1990:173) is dit egter duidelik dat die Christelike meditasiepraktyke en kontemplatiewe gebruike hulle oorsprong in die vroeë Christendom het. Nicol (2002:10) verwys na die kontemplatiewe tradisie as "een van die geheime hartkamers van die kerk".

'n Kort oorsig van die ontstaan en geskiedenis van hierdie tradisie aan die hand van bestaande bronne word in hierdie hoofstuk bespreek. Hierdie oorsig dien as agtergrond en inleiding tot die studie. Weens die beperkte aard van die studie moes ek my verder deur die doelwitte van die studie laat lei in die keuse van wat in die literatuurstudie ingesluit moes word. In die bespreking van die verskillende dissiplines van die kontemplatiewe tradisie is dit belangrik om te let hoe dit in soveel opsigte resoneer met aspekte van die hedendaagse pastorale behoeftes van mense. Aandag word ook gegee in watter mate die kontemplatiewe dissiplines implikasies inhou op die veld van pastorale terapie en selfs ander hulpverlenende professies soos die sielkunde.

Die tweede landskap in hierdie hoofstuk handel oor die gereformeerde tradisie. Daar word gelet op die invloed van die modernisme en hoe die kontemplatiewe spiritualiteit in veral die gereformeerde tradisie verlore geraak het. Die hoofstuk word ingelei deur verheldering van sekere begrippe wat in die studie gebruik is.

## 2.2 OMSKRYWING VAN KERNBEGRIPPE

Dit is eerstens van belang om uit te klaar wat bedoel word met terminologie soos spiritualiteit, Christelike spiritualiteit, kontemplatiewe spiritualiteit en die gereformeerde tradisie soos van toepassing vir doeleindes van hierdie studie.

### 2.2.1 Spiritualiteit

Daar vind binne die postmoderne denkklimaat 'n groot oplewing van en belangstelling in spiritualiteit plaas (Burger 1999:215). Onderskeid word ook hedendaags tussen *spiritualiteit* en *godsdiens* gemaak en mense beskryf hulself as *spiritueel, maar nie godsdienstig nie.* Hierdie opvatting was ook in hierdie navorsing ondersoek as deel van die empiriese studie. Die deelnemers aan hierdie navorsing spreek 'n behoefte aan spiritualiteit eerder as aan godsdiens uit. Dit word in meer detail in hoofstuk 3 bespreek.

Smith (2006:243) omskryf godsdiens as die formele en institusionele beoefening van spiritualiteit "with a specific creed and membership boundaries". Spiritualiteit aan die ander kant gaan meer oor 'n ervaring, "... [and] is better experienced than described. Words do not succeed to portray adequately the sense-sational dimensions of spirituality" (Schutte 2006:182). Daar bestaan letterlik honderde definisies van spiritualiteit en dit het deur die eeue heelwat betekenisveranderinge ondergaan (Smit 1989:85). Uit die aard van die hierdie studie bied die volgende definisie van Smith (2006:243) vir my die beste omskrywing:

> Its a dimension of our human nature – along with the physical and psychological – which stirs in us a sense of wonder, attracts us towards that which is beyond us and gives our lives a sense of purpose.

Dit sluit dus 'n dinamiese wisselwerking tussen liggaam, siel en gees in wat energie vir die geestelike reis bied. Leech (1977:29) maak die opmerking: "The spiritual life is the life of the whole person directed towards God." Hierdie studie sluit aan by Schutte (2006:188) se opmerking: "It is necessary for spirituality to reflect both the element of mystery and material aspects – keeping it practical in everyday life."

### 2.2.2 Christelike spiritualiteit

Dit is ook moeilik om 'n enkele definisie van Christelike spiritualteit te gee. Vir my is Christelike spiritualiteit in die eerste plek onlosmaaklik verbind tot geloof in Jesus Christus. Dit is om te leef volgens die waardes wat Christus vir ons voorgehou het en wat betekenis en waarde tot ons lewe voeg. Dit nooi ons tot eenheid met God en deur God, in verhouding met die hele skepping. Cunningham en Egan (1996:7) definieer Christelike spiritualiteit soos volg:

> Christian spirituality is the lived encounter with Jesus Christ in the Spirit and is concerned not so much with the doctrines of Christianity as with the ways those teachings shape us as individuals who are part of the Christian community living in the larger world.

Tyson (1999:3) is dit eens dat daar onder Christene eenstemmigheid is omtrent die "doel" van Christelike spiritualiteit, maar daar bestaan groot diversiteit

omtrent “hoe” Christelike spiritualiteit toegepas word. Richard Foster (1998) beskryf vyf historiese bewegings of tradisies binne die Christelike geloof wat die verskillende dimensies van Christelike spiritualiteit insluit. Hy beskryf kontemplatiewe spiritualiteit as die eerste tradisie. Hy noem dit onomwonde dat Jesus Christus die enigste Een is wat hierdie dimensies van die spirituele lewe ten volle aan ons modelleer (1998:3). Die fokus is dus Christus se lewe hier op aarde en hoe Hy sy spiritualiteit uitgeleef het. Die ander tradisies wat Foster onderskei is die heiligheidstradisie, die charismatiese tradisie, die sosiale geregtigheidstradisie, die evangeliese tradisie en laastens die inkarnasietradisie.

### 2.2.3 Kontemplatiewe spiritualiteit

Die beoefening van kontemplatiewe spiritualiteit is een van die maniere waardeur die eenheid en intimiteit met God ervaar kan word. Foster (1998:25) voer aan die kontemplatiewe tradisie “addresses the human longing for the practice of the presence of God”. In my nalees en ingrawe in die literatuur van die kontemplatiewe tradisie asook my eie ervaring van hierdie tipe spiritualiteit, omskryf die woorde “n diepe verlange”/*a deep longing* die kontemplatiewe tradisie vir my. Dreitcer (1996:59) merk op:

> [T]he contemplative tradition emphasizes an attitude of attentiveness, noticing, receiving, openness … the contemplative pays attention to what is happening in the interior life and beyond, in the nitty-gritty details of life – and expects to find God in those details.

Foster (1998:53) vat die kontemplatiewe spiritualiteit saam in die volgende pragtige metaforiese omskrywing:

> This is a rocky, desert spirituality. We are summoned to explore the desolate, barren landscape of the soul – a landscape that most people studiously avoid…. It is the place where we find true hope, but only after we see how like despair hope is. It is the place where we discover that the cross means mercy and not cruelty, life and not death.

Hierdie tradisie word verder in meer detail in die res van hierdie hoofstuk bespreek.

### 2.2.4 Gereformeerde tradisie

Die vasspyker van die 95 stellinge aan die deur van die kerk in Wittenberg deur Luther op 31 Oktober 1517, stempel die geboorte-uur van die Protestantse Reformasie en dus die ontstaan van die gereformeerde tradisie. Die kern van die Reformasie was "uit genade alleen" en "die Woord van God alleen" (Foster 1998:13). Van die meer bekende pogings om die kern van die gereformeerde tradisie te omskryf is die sogenaamde *solae* (*sola scriptura* – "die Skrif alleen", *sola fide* – "die geloof alleen", *sola gratia* – "die genade alleen") (Burger 2001:47). Later in hierdie hoofstuk sal in meer detail bespreek word hoe kontemplatiewe spiritualiteit in die gereformeerde tradisie verlore geraak het en in hoofstuk 3 sal verwys word na die huidige tendense omtrent die beoefening van kontemplatiewe spiritualiteit deur Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges.

In hierdie studie word daar deurlopend verwys na Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges. Dit sluit in hierdie studie hoofsaaklik lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) in.

## 2.3 DIE HISTORIESE KONTEKS VAN DIE KONTEMPLATIEWE TRADISIE

In die gedeelte wat volg word 'n kort historiese oorsig van die ontstaan van kontemplatiewe spiritualiteit bespreek. Dit begin met die woestynbeweging in die vierde eeu en die daaruitvloeiende kloosterwese in die Weste.

### 2.3.1 Die woestynvaders en -moeders

In die vierde eeu het talle mans en vroue die beskawing verlaat en hulle alleen of in gemeenskappe in die woestyne in die omgewing van Egipte en Sinaï gevestig (Freeman 2003:9). Hulle resep vir geestelike groei was die peinsende en kontemplatiewe gebed en tussen die vierde en die sewende eeu is 'n tradisie van meditasie en kontemplasie gevestig (Muller 2001:20). Van die literatuur wat geraadpleeg is (Adams 1979:121-122; Foster 1998:25; Williams 2003:16; Tyson 1999:124), is dit eens dat die woestynvaders en -moeders die geboorte ingelei het van die kontemplatiewe tradisie. Hulle het ook die fondasie van die

kloosterwese gelê soos byvoorbeeld die Benediktynse kloosters wat hulle ontstaan in die sesde eeu onder die invloed van St. Benedictus van Nursia gehad het.

Die redes wat in die literatuur aangevoer word waarom die woestynvaders en -moeders hulle werk in die stede verlaat het om 'n lewe van geestelikheid en eenvoud te kon lei, verskil. 'n Gedeeltelike rede is waarskynlik dat die Christene vervolg is en dat hulle na die woestyn moes vlug om vervolging te voorkom (Freeman 2003:8). Adams (1979:121) voer ook aan dat hulle na die woestyn gevlug het om die heidengemeenskap te ontvlug wat besonder korrup was. Tog interessant dat hulle hulself nog dieper in die woestyn teruggetrek het toe die Romeinse staat as 'n Christenstaat deur Konstantyn verklaar is, "for they believed there was no such thing as a truly Christian state" (Adams 1979:122). Muller (2001:17) voer aan dat die onderlinge spanning oor geloofskwessies wat op daardie tydstip in die Christelike wêreld geheers het, ook moontlik een van die redes vir die ontstaan van die gemeenskappies in die woestyne was. In die vroeë Christelike wêreld vol godsdienstige spanning was die woestyntuistes van die gelowige kluisenaars 'n vredige hawe van kalmte, "ver verwyder van al die teologiese twiste" (2001:20). Hierdie gemeenskappies van *abbas* (vaders) en *ammas* (moeders) het ook in baie opsigte die geestelike kragstasie van die jong geloof geword terwyl die hoë kerklike politiek in Rome en Konstantinopel aan die orde van die dag was.

Die leefstyl van die woestynmonnike was wel 'n vreemde manier van lewe, vir sowel die sekulêre gemeenskap van daardie eeu as vir die ander Christene van daardie tyd. Dit was 'n lewe van totale eenvoud, sonder huweliksmaats en kinders (Chryssavgis 2003:81). Baie pelgrims, besoekers en toeriste het die monnike van die woestyn besoek, sommiges om hulle net te pla, maar ander om van hulle te leer. Dit was deur hierdie besoekers se vertellings, waarnemings en gesprekke met die woestynvaders, dat 'n beeld van die lewe in die woestyn verkry is. Die doel was om van hulle te leer en dieselfde leefstyl na die Weste te bring, natuurlik onder ander fisieke omstandighede (Russell 1980:4). 'n Versameling van gesegdes van die woestynvaders en -moeders se vrae en response oor aspekte van die lewe is saamgevat in *The Sayings of the Desert Fathers* of die *Apophthegmata* soos dit in die oorspronklike Grieks genoem is (Chryssagvis 2003:2-3; Russell 1980:3-4).

Die *Sayings* was nie 'n biografiese verduideliking of 'n geskiedkundige rekord van hulle leringe nie. "Instead, the words of these Egyptian hermits resemble flashes of light; they are sparks of fire … the reader is supposed to catch afire" (Chryssagvis 2003:3-4). Die doel was om te inspireer, want volgens Williams (2003:16) sal ons agter die stories en gesegdes die aangesig van God vind en spreek dit tot die hedendaagse mens omdat die spiritualiteit wat daarin vervat is, sterk resoneer met aspekte van die moderne spirituele soeke.

#### *2.3.1.1 Spiritualiteit van die woestynvaders en -moeders*

*Hesychia,* die Griekse woord vir rus, of om 'n innerlike stilte te bekom, was ongetwyfeld die sentrale tema van die spiritualiteit van die woestynvaders (Leech 1986:22). *Hesychia* beteken meer as net die afwesigheid van geraas. Dit gaan oor 'n innerlike waaksaamheid en aandag, 'n wag op God, 'n ononderbroke toestand van gebed – in essensie – 'n gebed van die hart (Leech 1986:19). Dit was juis in die woestyn waar die manne en vroue ook met erns gesoek het om die dieper betekenis van die menslike bestaan te verstaan. Muller (2001:20) voer aan dat 'n mens dikwels verstom staan oor die wysheid en insig van die menslike natuur wat die woestynbewoners openbaar het.

> The hermits who lived in that desert tested and studied what it means to be human – with all the tensions and temptations, all of the struggle beyond survival, all of the contact with good and the conflicts with evil.
>
> (Chryssavgis 2003:1-2)

Die woestynvaders en -moeders se lewe getuig van 'n ongelooflike eenheid met God deur hulle brandende liefde vir God en die asketiese dissiplines van lang tye van vas, stilte, afsondering en eensaamheid (Russell 1980:34). Hierdie tradisie van stille gebed word vandag nog in die Ortodokse Kerk beoefen en het veral in die Russies-Ortodokse Kerk neerslag gevind (Muller 2001:20). Die woestynvaders het dus die tradisie van kontemplatiewe gebed begin wat net so ryk en geskakeerd is soos enigiets wat die Oosterse godsdienste opgelewer het. Vir 1500 jaar sou die kontemplatiewe gebed 'n aanvaarde vorm van gebed in die Christelike wêreld wees, tot dit onder druk van die Rasionalisme in onbruik

geraak het (Muller 2001:17). Meer hieroor in die laaste gedeelte van die hoofstuk.

### 2.3.2 Westerse kloosterwese

Een van die bekendste besoekers van die woestynvaders wat 20 jaar daar gebly het, was Johannes Cassianus (c.360-435). Hy was ’n tydgenoot van Augustinus en het gesorg dat die Oosterse kloosterwese na die Weste gebring is (Holmes [1930] 1980:45). Terwyl die Romeinse Ryk besig was om te verbrokkel in die Weste, het Cassianus aan die voete van die woestynvaders gaan sit om van hulle te leer (Tyson 1999:113). Hy het die leringe van die vaders in die bekende geskrifte *Conferences* saamgevat (Russell 1980:10; Williams 2003:10). Dit is ’n samestelling van die wyshede van die woestynvaders en -moeders in die vorm van ’n dialoog (Tyson 1999:113) asook saamgestelde interpretasies van die doelwitte en metodes van die kloosterdom in Egipte vir gebruik deur monnike in die Weste (Russell 1980:10). Cassianus se *Conferences* en ander geskrifte het die basis van die Rooms-Katolieke Kerk se kontemplatiewe tradisie geword (Muller 2001:22) en het een van die eerste handboeke vir die praktyk van Christelike spiritualiteit geword (Tyson 1999:113).

’n Generasie later het St. Benedictus van Nursia (480-547), wat ook sy kloosters op die woestynmodel geskoei het, die *Rule of St Benedict* ingestel. Hierdie *Rule* word as een van die mees invloedryke en blywende dokumente van die Westerse samelewing beskou (Meisel & del Mastro 1975:11; Freeman 2003:10). St. Benedictus het onder meer aanbeveel dat die *Conferences* van Cassianus daagliks tydens ete in die kloosters voorgelees moes word (Meisel & del Mastro 1975:31).

Hoewel die kloosterwese op die model van die woestynvaders geskoei is, moes dit aangepas word by die Westerse omstandighede. Die kloosterdom, geskoei op die lees van St. Benedictus, het ’n sterk vormende invloed op die Europese samelewing gehad. Na die val van die Romeinse Ryk, gevolg deur die Donker Eeue, het die *Rule of Benedict* bly inspireer en ’n alternatiewe vorm van lewe verkondig.

> It was a life in hard-working, economically self-sufficient communities conscious of their responsibilities to the world around them but practising a gospel form of the radical detachment exemplified by the desert fathers.
>
> (Freeman 2003:11)

*2.3.2.1 Benediktynse spiritualiteit*

Die Benediktynse spiritualiteit is katafaties en affektief van aard en word gevoed deur die lees van die Woord, veral die Psalms. Dit geskied veral in gemeenskap met die ander monnike (Holmes [1930] 1980:46). St. Benedictus het sy volgelinge aangemoedig om 'n lewe te lei waarin alles wat hulle doen, gevoed moet word met geloof en dat elke aksie vrugte moet dra wat groei uit die liefde. Die hele Benediktynse lewe is 'n lewe van geloof in die Woord van God (Merton 1977:51). Gebed vorm die integrale deel van die Benediktynse orde. St. Benedictus noem onder meer die volgende:

> [E]very time you begin a good work, you must pray to God most earnestly to bring it to perfection; God is present everywhere, petition … with great humility and total devotion; we are heard in purity of heart and tearful compunction … prayer should be short and pure, unless perhaps it be prolonged under the inspiration of divine grace.
>
> (aangehaal in Swan 2005:37)

Die Benediktynse leefstyl was gekenmerk deur harde werk en die oogmerk was om te kon funksioneer as ekonomiese selfvoorsienende gemeenskappe. Hoewel hulle hulself ook soos die woestynmonnike radikaal onttrek het van die samelewing, het hulle met 'n sterk sosiale bewustheid en verantwoordelikheid teenoor die wêreld om hulle geleef (Freeman 2003:11).

Binne die Benediktynse kloosters het die kontemplatiewe gebed wel sy eie rigting begin inslaan, weg van die eenvoud van dié van die woestynvaders (Muller 2001:23). Tydens die Middeleeue, wat die begin van die skolastiese periode inlei, is staatgemaak op die rasionele analise in teologie ten koste van persoonlike ondervinding (Keating 1998). Dit is gekenmerk deur 'n geneigdheid om die geestelike lewe te kompartementaliseer en die ervaring was dat die stilword met God uit verskillende elemente kan bestaan, wat dikwels soos volg genoem is:

- *lectio* (lees van die Woord);
- *meditatio* (meditasie oor wat gelees is);
- *oratio* (gebed bestaande uit gedagtes en gevoelens wat teenoor God oopgemaak word);
- *contemplatio* (die gebed van die hart; blote rus in God anderkant gedagtes en gevoelens).

(Nicol 2002:11)

Hierdie elemente of dissiplines wat deel uitmaak van die kontemplatiewe spiritualiteit word in 2.6 in meer detail bespreek.

## 2.4 DIE WYSHEID VAN DIE WOESTYN EN DIE HEDENDAAGSE SPIRITUELE EN PASTORALE BEHOEFTES

’n Hele paar bronne oor die woestynvaders en -moeders verwys na die “wysheid van die woestyn” (Nouwen 1982; Williams 2003; Russell 1980; Chryssavgis 2003; Leech 1986) wat deur die eeue pelgrims op die geestelike reis inspireer het. Freeman (2003:8) noem: “The desert wisdom teaches rather than preaches. Its authority is experiential not theoretical.” Die woestynvaders en -moeders se vlug na die woestyn, op soek na innerlike stilte (Leech 1986:21), resoneer in baie opsigte met die hedendaagse mens se pastorale behoefte aan ’n outentieke spiritualiteit, gevoed deur stilte, persoonlike en geestelike groei. Hierdie woestynvaders en -moeders “sought to maintain authentic Christian life in revolt against a compromised and wordly church (Leech 1986:22). Die *abbas* en *ammas* van die Egiptiese woestyn “had left this world of compromise, adaptation, and a lukewarm spirituality and had chosen solitude, silence, and prayer as the new way to be living witnesses of the crucified and risen Lord” (Nouwen 1982:xiv).

Die samelewing, ná die vervolging van Christene en die daaropvolgende aanvaarding van die Christendom, is ook gekenmerk deur ’n prestasiekultuur waarin die najaag van geld, mag, roem, invloed en sukses belangrik was (Nouwen 1982:xv). Die vlug na die woestyn was dus ’n wegbeweeg van die dominante diskoers van prestasie wat vandag nog in veral die Westerse samelewing oorbeklemtoon word (Satura 1981:9; Nicol 2002:34). Om aktief en produktief te wees is die boodskap van die Weste en mense word as redelik waardeloos beskou indien hulle nie aan hierdie vereistes voldoen nie. Dit gee dikwels aanleiding tot die onderdrukking van ’n minderheidsgroep of groepe soos

bejaardes, gestremdes en kinders. Die woestynvaders en moeders het egter 'n ander stel waardes proklameer soos deur Chryssavgis (2003:17) uiteengesit:

> They promoted a way of life that reflects a reversal of all ordinary social values and expectations.... [C]hange occurs through silence and not war, ... inaction may be the most powerful source of action and ... productivity may be measured by obscurity, even invisibility.

Hoewel hierdie kluisenaars van die woestyn hulle van die samelewing onttrek het, het hulle hulself altyd beywer vir die behoeftiges en armes (Chryssavgis 2003:79). Diens aan ander het steeds die belangrikste aspek in hulle lewe gebly. Dit is waarom een van die woestynvaders noem: "Even if the brother who fasts six days were to hang himself by the nose, he could not equal the one who serves the sick" (Nouwen 1982:xvii).

Die postmoderne samelewing word aan die dieselfde dominante diskoerse van prestasie en teologiese twiste blootgestel as tydens die woestyntydperk. Die spiritualiteit van die woestynvaders en -moeders kan ons help om hierdie diskoerse uit te daag deur die waardes van stilte, gebed, afsondering en aksie in die wêreld, aan te moedig (Nouwen 1982:xv). Muller (2001:20) wys daarop dat die woestynvaders en -moeders die volle wydte van die mens se geestelike en sielkundige behoeftes en probleme raakgesien en aangespreek het: emosies, versoekinge, vrese, swakhede en deugde. Daarom kan ons so baie van hulle leer.

Foster (1998:51-53) noem 'n paar van die kardinale bydraes van die kontemplatiewe tradisie vir Christene. In die eerste plek beklemtoon dit dat gelowiges die "vlamme van ons liefde vir God met ons hele hart hoog moet laat brand". Christene moet egter nie die eenvoud van hierdie boodskap onderskat nie – om hierdie "eerste liefde" warm te laat brand, vereis onophoudelike toegewydheid. Ten tweede maak die kontemplatiewe tradisie dit duidelik dat die intellektuele formulering van geloof nie voldoende is nie. Thomas Merton (1961:4) skryf in dié verband:

> The contemplative is … he who has risked his mind in the desert beyond language and beyond ideas where God is encountered in the nakedness of pure trust, that is to say in the surrender of our own poverty and incompleteness in order no longer to clench our minds in a cramp upon themselves, as if thinking made us exist.

Verder gaan die kontemplatiewe tradisie ten diepste oor 'n lewe van gebed, "a prayer filled life" (Foster 1998:53), en die beklemtoning van stilte en afsondering. De Mello (1992:10) noem dat stilte beteken om verby gedagtes en woorde te beweeg omdat woorde en gedagtes beperkend is. Die Bybel bevat heelwat voorbeelde van mense wat hulself in stilte en afsondering onttrek het. Die aartsvader Isak het 'n gewoonte daarvan gemaak om saans teen skemer alleen in die veld te gaan sit en mediteer en peins (Gen. 24:36). Die Psalms is vol voorbeelde van meditasie en het Jesus homself gereeld afgesonder (Matt. 7:1-11).

## 2.5 DIE INWAARTSE EN UITWAARTSE REIS: POTENSIËLE GEVARE VAN KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT

Daar word in die geestelike reis soms verwys na die inwaartse en uitwaartse reis soos in die volgende aanhaling van O'Connor (1981:12). Daar behoort 'n dinamiese wisselwerking tussen hierdie twee aspekte van die geestelike reis te wees.

> The inward journey is that part of your spiritual pilgrimage that is in dialogue with yourself, God, and others. It means living into a life of contemplation, meditation, and with a growing awareness of your heart and its relationship to Gods work in the world. The outward journey, in contrast, is that part of your spiritual pilgrimage that is in dialogue with the world. In this journey you are living into what you have discovered about your calling, uniqueness, mission and destiny and embracing the passion of this discovery. All of life is a rhythm between these two journeys. First you turn inward to explore in solitude and prayer to hear what God is saying to you. Then you turn outward to risk that in the world. Look at the prophets and then Jesus to see how this rhythm played out in their lives.
>
> (O'Connor 1968:12)

Die beoefening van die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit help dus in die proses van die inwaartse reis. Een van die gevare in die beoefening van kontemplatiewe spiritualtiteit, is dat mense vasgevang kan raak in die inwaartse reis. Dit kan aanleiding gee tot die onttrekking uit die alledaagse lewe (Foster 1998:54). Ware (1995:42) waarsku ook teen spirituele passiwiteit wat 'n gevolg kan wees van die beoefening van kontemplatiewe spiritualiteit. Dit is dus belangrik dat daar 'n gesonde interaksie moet plaasvind met die ander tipes

spiritualiteit. Geestelike begeleiding of pastorale terapie is een van die aspekte wat Ware (1995:42) vir die kontemplatiewe persoon aanbeveel.

Thomas Merton, een van die leidende Rooms-Katolieke skrywers oor spiritualiteit van die 19de eeu, het tydens sy lewe as ’n monnik die dinamiese verhouding tussen kontemplasie en aksie sterk beklemtoon. In sy oë moet die hedendaagse Christen kontemplatief wees in die wêreld van aksie (Adams 1979:24). Hy het ook die dinamiese verhouding tussen die inwaartse reis van die kontemplatiewe lewe en die uitwaartse reis na die wêreld erken (Merton 1960, 1961). Marankey (1997:91) maak die opmerking: “God draws us inward to the transformation we need and outward to participate in the transformation of the world. We are asked to integrate our inward and outward call.” Die gevaar van die kontemplatiewe spiritualiteit is dat dit ’n *individuele spiritualteit* kweek indien die kontemplasie nie lei tot aksie in die wêreld nie.

## 2.6 DISSIPLINES VAN KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT

Die elemente of dissiplines waaruit die kontemplatiewe spiritualiteit bestaan, is dissiplines wat die hedendaagse mens se spirituele soeke kan voed. Waar hierdie praktyke eeue lank slegs deur mense wat ’n asketiese bestaan gevoer het beoefen is, resoneer hulle ervaring van hierdie dissiplines met die hedendaagse pastorale behoeftes. Hierdie dissiplines staan nie in afsondering teenoor mekaar nie, maar is interverweef en vloei ineen.

### 2.6.1 Afsondering en stilte

Waarskynlik een van die belangrikste dissiplines wat hierdie tradisie uitwys is die dissipline van afsondering en stilte. Dit is juis na stilte waarheen die woestynvaders en -moeders gevlug het om by ’n dieper spiritualiteit uit te kom. Hulle raad was om in stilte te bly en van woorde ontslae te raak, wat die rasionele deel van die mens verteenwoordig, om sodoende by die spirituele self uit te kom (Chryssavgis 2003:47). *The Sayings of the Desert Fathers* is gevul met vermanings en aanmoedigings omtrent die waarde van stilte. Uit die wysheid van die woestynvaders en -moeders haal Chryssavgis (2003:45) die volgende aan oor die stilte in die woestyn:

> What one comes to practice in patience is the virtue of silence (*hesychia).* We come to self-knowledge through stillness and silence, through attentiveness and watchfulness (*nepsis).* When words are abandoned, a new awareness arrives. Silence awakens us from dullness of awareness, from dimness of vision. Silence is the first duty of life, the first requirement for survival in the desert.

Een van die groot hindernisse van die hedendaagse tyd is geraas en die gejaagdheid waaraan ons daagliks blootgestel word en die vernietigende effek daarvan op ons lewens. Nash (1992:10) verwys daarna dat geraas so 'n konstante in ons lewens is dat stilte tot ongemak, vrees en selfs woede kan lei. Stilte kom nie maklik nie en die moderne mens vind dit veral moeilik om by stilte uit te kom. Leech (1986:18) noem dat ons sosiale, kulturele en godsdiensstrukture so georganiseerd is dat 'n revolusie in hierdie strukture nodig is om stilte deel van ons daaglikse lewe te maak. Hy gaan voort deur te sê dat die verwaarlosing van stilte 'n skeiding en breuk met die Christelike spirituele tradisie van die vroegste tye verteenwoordig. Die kontemplatiewe tradisie het stilte en afsondering as die belangrikste elemente van gebed en groei na Christelike volwassenheid beskou. Dit is hierdie gebrek aan stilte wat daartoe aanleiding gee dat die mens van die postmoderne tyd iets mis van 'n eenheid met God, want soos die Jesuïte priester Anthony de Mello (1992:10) opmerk, "any route to God has to be a route toward silence. If you want to reach union with God, you must begin with silence".

Die beoefening van stilte het 'n psigo-spirituele waarde en invloed. Leech (1986:20-21) voer aan dat stilte en afsondering belangrike elemente tot selfkennis is wat die eerste stap tot kennis van God is. Dit speel voorts 'n belangrike rol in pastorale praktyke. Binne die veld van pastorale terapie kan die beoefening van stilte as 'n terapeutiese tegniek sinvol wees as gevolg van die helende en transformerende invloed daarvan. Een van die woestynvaders, Ammonias (aangehaal in Nouwen 1982:39) skryf: "I have shown you the power of silence, how thoroughly it heals and how fully pleasing it is to God."

Die vermoë om te luister is een van die belangrikste elemente in pastorale terapie, geestelike begeleiding en vir die sielkundige. Hierdie vermoë kan volgens Leech (1986:21) gevoed word deur 'n lewe van innerlike stilte en afsondering.

Hierdie praktyke van stilte en afsondering kan die pastorale terapeut en sielkundige ook te hulp kom om uitbranding te voorkom. Die verskynsel van uitbranding of "compassion fatigue" kom redelik algemeen voor onder persone in die hulpverlenende professies (Edelwich & Brodsky 1980). 'n Lewe gevoed met stilte en afsondering, deur byvoorbeeld die bywoning van retreats, kan gesien word as selfsorg aksies vir persone in die hulpverlenende professies.

### 2.6.2 Retreat/Retraite

Daar word soms in die Afrikaanse omgewing verwys na 'n "retraite", maar vir die doeleindes van hierdie studie word die benaming en spelling "retreat" gebruik. 'n Retreat kan help om by 'n tyd van afsondering en diepe stilte uit te kom. 'n Retreat in die Christelike sin van die woord is om God te soek en in sy teenwoordigheid te rus gedurende 'n tyd wat opsy gesit word vir gebed en refleksie. Georganiseerde retreats is as 'n reël ingestel deur St. Ignatius van Loyola (1491 – 1556), en die Jesuïete was die eerstes wat gereelde retreats aangemoedig het (Townroe 1986:580).

In veral die Rooms-Katolieke en Anglikaanse tradisies het retreats nog altyd deel uitgemaak van die geestelike dissiplines, maar in die gereformeerde tradisie is hierdie dissipline verwaarloos. Daar word in hoofstuk 3 meer uitgebrei omtrent die huidige tendens van retreat in die Afrikaanse gereformeerde kerke. Dit is egter van belang om solank te noem dat Schutte (2006:402) in sy navorsing bevind dat retreats 'n bron van transformasie en heling is:

> A monastic retreat does have therapeutic and pastoral care qualities.... Regular retreats ... could be one effective way of creating space and time to receive Gods healing for brokenness, Gods presence for emptiness, and Gods companionship for loneliness.... [It can] lead pilgrims forward on the path of healing, transformation and new life.

### 2.6.3 *Lectio divina*

*Lectio divina* is 'n reflektiewe, meditatiewe lees van die tekste in die Bybel. Dit begin met die stadige lees van 'n teks of paragraaf in die Bybel deur aandag te gee watter woorde of gedeeltes met jou hart praat (Swan 2005:173). *Lectio divina* is deur die eeue beskou as die fondasie vir die innerlike lewe van

meditasie en gebed (Merton 1960:100) en die fondament waarop die kontemplatiewe gebed rus (Muller 2001:34). Moderne eksegese fokus primêr op die letterlike sin van die Woord en om te soek na die wetenskaplike betekenis van woorde en die kulturele agtergrond om sodoende te verstaan hoe om die woorde binne 'n sekere konteks te plaas en te interpreteer. Dit is dus 'n modernistiese en rasionele manier van omgang met die Bybel soos goed bekend aan NG predikante op kweekskool tydens hulle opleiding. Die effek, volgens Schutte (2006:271), van hierdie "cognitive-instrumental rationality was that everything that was not rationally justified or manageable was excluded from discourse". Die gereformeerde tradisie is vir baie lank ontneem van die rykdom wat opgesluit lê in die praktyk van *lectio divina.* Hierdie manier van die Bybel lees, soos dit deur die eeue beoefen is, maak die venster oop vir 'n ervaring van God se teenwoodigheid en 'n ontmoeting met Christus (Keating 1995b:46).

### 2.6.4 *Meditatio*/Meditasie

Meditasie oor die gelese Skrifgedeelte vloei gewoonlik uit die *lectio. Meditatio* is die reflektiewe deel – die herkou van die woorde van die teks in die *lectio divina* (Keating 1995a:40). Baie van die kerkvaders het gesê jy herkou dit soos n koei wat die kos wat sy reeds geëet het, saans rustig lê en herkou. Dit is 'n talm by die woord (Nicol 2002:101). Meditasie het uiteindelik ten doel om ons in 'n nader en dieper verhouding met God te bring.

> Let us never forget that the fruitful silence in which words lose their power and concepts escape our grasp is perhaps the perfection of meditation.
>
> (Merton 1960:57)

In Richard Foster (1980:13-29) se boek *Celebration of Discipline* maak meditasie en afsondering deel uit van die 12 dissiplines wat hy aanbeveel dat die kerk ernstig moet neem en na moet terugkeer. Foster (1980:14) merk op: "Meditation has always stood as a classical and central part of Christian devotion, a crucial preparation for and adjunct to the work of prayer".

Baie Christene, veral binne die tradisioneel gereformeerde tradisie, beskou meditasie egter as iets vreemds omdat die verband met Oosterse godsdienste beklemtoon word. Nicol (1989b:4) maan wel dat daar vorms van meditasie is

wat gevaarlik is en waarteen ons moet waak, maar dat daar ook vorms is wat deur die eeue heen in die Christelike kerk gebruik is en wat veral ons Protestantse godsdiens kan verdiep. Foster (1980:15) beredeneer ook dat Oosterse en Christen-meditasie wêrelde van mekaar verwyder is aangesien Oosterse meditasie poog om die "kop leeg te maak", terwyl Christen-meditasie 'n poging is "to empty the mind in order to fill it". Nicol (2002:99) noem om te mediteer beteken eenvoudig dat jy iets oordink en in jou hart laat insink. Jy laat iets wat jy in die Woord gelees het met jou volle binnewêreld werk: jou verstand, emosie, intuïsie, wil, alles wat jy het sodat jy met God gevul kan word.

### 2.6.5 *Oratio*/Gebed

Die spontane reaksie op meditasie is om te antwoord. Dikwels loop hierdie stil luister vanself in gebed oor en meermale neem dit hoofsaaklik die vorm van 'n gesprek met God aan (Nicol 2002:105). *Oratio*, 'n affektiewe gebed, of 'n gebed van die hart, is die spontane reaksie op God se teenwoordigheid. Dit is om soos in die teenwoordigheid van 'n geliefde of goeie vriend te wees deur te reageer met liefde, eerlikheid en deursigtigheid (Keating 1995a:40). Vir my is *oratio* amper om soos op die skoot van my Pa (of Ma) te sit en net Sy/Haar liefde, omgee, deernis, heling en krag te ervaar. Dit is om te lag of te huil en rus in Sy/Haar arms te vind.

Binne die NG Kerk-tradisie was gebed vir lank egter hoofsaaklik as 'n intellektuele aktiwiteit uitgedruk. Hierdie houding tot die aktiwiteit van gebed maak deel uit van die modernistiese paradigma wat volgens Schutte (2006:276) 'n hoë waarde plaas op "mastering everything via intellect with the dominating conviction that everything could be analysed and understood and when understood could be controlled and even manipulated". *Oratio* is egter 'n gebed van die hart – 'n persoonlike dialoog waartydens gebruik gemaak word van jou hart, gevoelens en emosies deur primêr te luister na God se stem en aanraking en deur dan te reageer op Hom/Haar.

### 2.6.6 *Contemplatio*/Kontemplasie

*Contemplatio* is om verby gedagtes en woorde te beweeg en slegs te rus in God (Merton 1953:15). Die drie aksies – meditasie, affektiewe gebed en

kontemplasie is interverweef met mekaar en kan terselfdertyd plaasvind gedurende dieselfde periode van gebed (Keating 1995a:40). Keating (1995a:4) beskryf kontemplatiewe gebed as ’n proses van innerlike transformasie:

> Contemplative prayer is a process of interior transformation, a conversation initiated by God and leading, if we consent, to divine union. Ones way of seeing reality changes in this process. A restructuring of consciousness takes place which empowers one to perceive, relate and respond with increasing sensitivity to the divine presence in, through, and beyond everything that exists.

Keating (1998) verwys verder na die kontemplatiewe praktyke as geanker binne die Christelike tradisie en dat die beoefening van hierdie praktyke besonderse geestelike en psigologiese groei tot gevolg kan hê. Die geheim van kontemplasie, volgens die kerkvaders, is ’n suiwer liefde vir God wat vloei uit die kennis van God. Die Psalms getuig voortdurend van hierdie liefde en daarom beskou Merton (1953:101) die Psalms as ’n skool van kontemplasie omdat ons die Psalms kan *bid* en saam herhaal, soos ’n *chant.*

> They form part of an action into which the whole Church enters, and in that action, that prayer, the Spirit of Love who wrote the Psalms and who communicates Himself to us in them, works on us all and raises us up to God.
>
> (Merton 1953:101)

### 2.6.7 *Centering prayer/*Sentreringsgebed

*Centering prayer/*sentreringsgebed kom hoofsaaklik van *The Cloud of Unknowing,* deur ’n onbekende 14de-eeuse skrywer (Johnston 1973). Thomas Keating (1995a:11), een van die groot eksperimenteerders met hierdie gebedsmetode, beskryf dit as ’n voorbereiding tot kontemplasie deur die vermindering van die struikelblokke van hiperaktiwiteit van ons gedagtes en lewens. Die riglyn vir die beoefening van sentreringsgebed is die keuse van ’n “sacred” woord (Keating 1995a:64) of ’n gebedswoord soos Nicol (2002:126) daarna verwys. Die bedoeling is dat jy hierdie gebedswoord gebruik om jou aandag te vernou deur telkens wanneer jy van enige ander gedagtes bewus word, saggies met herhaling van die gebedswoord terug-keer na fokus op God.

Sedert die 70’s van die vorige eeu het William Meninger, Basil Pennington en Thomas Keating die pad van *centering prayer* ontwikkel as ’n toegangsroete tot

die kontemplatiewe gebed. Hulle het die organisasie *Contemplative Outreach* gestig wat reeds duisende Christene gehelp het om die roete na kontemplatiewe gebed te vind deur middel van die metode van die sentreringsgebed. Keating het talle boeke en artikels oor kontemplatiewe gebed, veral sentreringsgebed, geskryf en die sentreringsgebedsmetode en die mistiese teologie aan baie bekendgestel, nie net aan Rooms-Katolieke nie, maar ook Protestante. Hy inkorporeer baie van die moderne sielkunde in die gebedsmetode (Nicol 2002:60) en verwys gereeld na die sielkundige en geestelike veranderinge wat die beoefening van die sentreringsgebedsmetode teweeg kan bring (Simpson 1997).

### 2.6.8 Atmosfeer en die liggaamshouding

In aansluiting by al die dissiplines genoem tot nou, word elemente soos liggaamshouding, ritme, ruimte en konteks gekonsidereer en bewustelik ontwikkel en geskep tydens die toepassing van hierdie dissiplines. Aandag word geskenk aan die skep van ’n heilige atmosfeer deur kerse, ikone en ander elemente wat geplaas word binne die gebedsruimte. Afleiding word tot die minimum beperk (Van der Merwe, M 2008).

’n Mens se fisieke houding tydens gebed is baie belangrik. Ons is beliggaamde wesens; wat ons doen met ons liggaam vorm en bepaal ons innerlike lewe. Die meeste onderwysers in *lectio*, Christelike meditasie en sentreringsgebed bestee baie tyd en energie aan hoe ’n persoon moet sit tydens hierdie aktiwiteite (Swann 2005:39). Nicol (2002:73-84) wy in sy boek *Gebed van die hart* ’n hele hoofstuk aan “Stilword en my liggaam”. ’n Hele paar ontspanningsoefeninge word deur hom aanbeveel wat ’n persoon kan bystaan in die proses van meditasie, *lectio* en kontemplasie.

### 2.6.9 Geestelike begeleiding /*Spiritual direction*

Die nodigheid van geestelike begeleiding het ontstaan tydens die woestyntydperk toe die woestynvaders en -moeders hulself van hulle gemeenskappe onttrek het. Hierdie verwydering vanuit die Christelike gemeenskappe het noodwendig aanleiding gegee tot die nodigheid van ’n “spirituele vader” wat opleiding en leiding kon bied. In hierdie sin het die spirituele vader die rol van die biskop of

priester, as verteenwoordiger van Christus, vervang (Merton 1960:11-13). Die woestynvaders het geglo dat 'n mens nie jou hart kan ken sonder die ondersteuning en teenwoordigheid van ten minste een persoon nie. Hierdie dissipline is vandag steeds baie nodig. Merton (1960:13) som dit op as "a continuous process of formation and guidance, in which a Christian is led and encouraged in his special vocation". Swan (2005:176) bied hiervan die volgende definisie: "Also called spiritual companioning, it is a relationship where the presence, actions, callings and directions of God are sought and discerned." Chryssavgis (2000:12) verwys na die geestelike metgesel as iemand wat deel in die persoon se geestelike reis. Ek persoonlik verkies ook die term geestelike metgesel en verwys meer daarna in die opeenvolgende hoofstukke (sien 3.2.3.3, 4.6.4, 5.5.3).

Heelwat word geskryf omtrent die verskille tussen geestelike begeleiding en pastorale terapie (Keating 1995a:104-111, 1997; Leech 1986:47-75; Gerkin 1997:86-87). Leech (1986:57) bied die volgende onderskeid omtrent geestelike begeleiding en pastorale terapie:

> Spiritual direction is essentially and centrally concerned with God, with the vision of God, with understanding the workings of God, and with helping human beings to attain union with God. Pastoral counselling, while it may take place within the framework of a Christian community, is not essentially concerned with theology or with belief. nor can it become so without abandoning and betraying its function of counselling.

Binne die veld van pastorale terapie is die ontwikkeling van inklusiwiteit al meer sigbaar (De Jongh van Arkel 2000:188). Insigte en beginsels van die gedragswetenskappe gekombineer met die dissiplines van teologie word gebruik in pastorale terapie. Daar is dus 'n al hoe sterker konneksie tussen pastorale terapie en geestelike begeleiding deurdat die twee dissiplines van mekaar kan leer om mense te vergesel op die pad van heelheid. Clinebell (aangehaal in Pattison 1993:89) noem: "Pastoral care and counselling must be holistic, seeking to enable healing and growth in all dimensions of human wholeness."

## 2.7 DIE GEREFORMEERDE LANDSKAP

Wat verstaan word onder die gereformeerde tradisie is reeds kortliks gedefinieer in 2.2.4. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word die gereformeerde

tradisie nie in detail bespreek nie, maar sal daar slegs in hierdie gedeelte aandag geskenk word aan die redes vir die verwaarlosing van kontemplatiewe spiritualiteit binne hierdie tradisie en hoe dit uit die tradisie verdwyn het. Soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk genoem is, was mense soos die woestynvaders en kloosterlinge wat hulle lewe so intens vir God afgesonder het een van die lewensare van die kerk. Nicol (2002:47) wys egter daarop dat dit 'n wêreld is wat die Protestante nie goed ken nie, maar waaruit hulle baie kan leer en ontvang.

### 2.7.1 Die Protestantse Reformasie en die moderne era

Die Protestantse Reformasie van die 16de eeu het 'n monumentale verandering ingelei in die sosiale, kulturele en geestelike lewe van Westerse Europa. Dit was ook 'n produk van diverse sosiale, politieke en ekonomiese magte, aangevuur deur 'n nuwe ondervinding en verstaan van die evangelie. Gefokus op die hernuwing van die kerk en die redding van die individu, het die Reformasie 'n beduidende bydrae gelewer tot die transformasie van die gemeenskap (De Gruchy 1991:2).

Die begin van die moderne era wat ook die geboorte inlei van die moderne wetenskap, het Westerlinge se fokus geskuif vanaf die godsdienstige na die wetenskaplike wêreldbeskouing (Gergen 1991:99; Du Toit 2000:42). Die moderne era lê ingebed in die wetenskaplike ontwikkeling en om die "waarheid" van alles te ontdek. Thomas (2002:85) bied die volgende beskrywing van die moderne era:

> [T]his time is often described as the Scientific Revolution during which people believed that the universe and everything within it could be comprehended by discovering the laws (structures) governing all physical phenomena.

Du Toit (2000:36) voer aan dat daar volgens die reëls van modernisme gepoog is om ook geloof in God logies te probeer verklaar en te propageer. Hy beredeneer verder:

> 'n Logiese leer (dogma), gegrond op bepaalde vrae met bepaalde antwoorde (soos die Heidelbergse Kategismus), sien kort ná die aanvang van die moderne tyd oral die lig, met die bedoeling om

> sodoende (met behulp van Bybelverse as bewyse) 'n geloof in God te verdedig.

Nicol (2002:22) hou voor dat die kontemplatiewe spiritualiteit hoofsaaklik deur die rasionalisme van die moderne tyd toegespoel is. Die Kerkhervorming was deel van die moderne lewensgevoel. Teen die 16de eeu het die rasionalisme tot so 'n mate die Europese geesteslewe binnegedring dat daar skaars nog tyd of behoefte was vir die kontemplatiewe gebed. Muller (2001:23) voer aan dat daar toenemend aandag geskenk is aan die deurdink van Skrifgedeeltes, eerder as die stille oorpeinsing daarvan. Dit het in daardie tyd meer populêr geword om geleerde verhandelings oor gebede te skryf as om die eenvoudige gebed van die woestynvaders te beoefen. Die siening het onstaan dat stilwees in die teenwoordigheid van God iets gans anders is as die aktiewe gebed en dat dit iets is wat slegs in die afsondering en stilte van kloosters beoefen kan word (Muller 2001:24). Die stil gebed wat eintlik net bestaan uit 'n oorpeinsing van die teenwoordigheid van God, het heeltemal uit die geloofslewe verdwyn.

> Gebed was nou bloot 'n rasionele daad waarin God geloof word en die mens sy besondere behoeftes pleitend voor God gebring het. Hiermee het die meditasiegebed wat vir eenduidsend vyfhonderd jaar lank 'n kenmerk van die Christelike geloof was, prakties verdwyn.
>
> (Muller 2001:24)

Rasionalisme het nie slegs 'n invloed op die Protestantse kerke gehad nie, maar die Katolieke kerke het dit ook nie vrygespring nie. Die kontemplatiewe of meditasiegebed het slegs in sekere kloosters, veral dié van die peinsende ordes soos die Benediktynse en die Sisteriërs behoue gebly (Muller 2001:25). Nicol (2002:21-23) noem egter dat die Protestantisme minder weerbaar was teen die rasionalisme weens die intellektuele begin en instelling daarvan.

### 2.7.2 Die verdwyning van die gebruik van simbole en ikone uit die gereformeerde kerke

Rituele en simboliek het grootliks uit die Protestantse kerke verdwyn. Veral in die Calvinistiese kerke het die kerkgebou in baie opsigte 'n lesingsaal geword waarin die preekstoel die altaar vervang het (Bosch 1991:243, Muller 2001:23). Calvyn was gekant teen die gebruik van ikone soos veral in die Oosterse Ortodokse Kerke en het hy dit beskou as waardeloos in die lering. Dit, volgens De Gruchy

(1991:101) dui natuurlik op Calvyn se gebrekkige verstaan en begrip vir die gebruik van ikone binne die Ortodokse tradisie en sy eie didaktiese evaluasie van die gebruik van hulpmiddels tydens aanbidding. De Gruchy (1991:101) gaan voort met sy redenasie dat "such didactism has adversely affected Reformed worship and spirituality ever since, often reducing it to an arid intellectualism".

Simbole is uit die kerk verwyder aangesien simbole meer tot die intuïtiewe as die rasionele spreek. Getrou aan die moderne tydsgees van rasionalisme waar die klem op die verstandelike geval het, is emosies en ander "subjektiewe" aktiwiteite met taamlike agterdog bejeën (Muller 2001:24).

### 2.7.3 Protestantisme en die mistiek

Vir die Protestante is mistiek in die Christendom 'n Rooms-Katolieke gegewe en volgens Bouyer (1969:57) is dit juis dié element wat Protestantse teenstand teen Rooms-Katolisisme regverdig het. Bouyer voer verder aan dat die rede wat gewoonlik deur die Protestante beredeneer word, is dat die mistiek essensiële heidense godsdienselemente bevat wat vreemd is aan die Bybel en nie met die evangelie versoenbaar is nie. Hy voer verder aan dat hierdie uitsprake ongelukkig berus op *a priori* (kennis wat bekom is onafhanklik van ondervinding) oordele en dat die uitsprake berus op misverstande, verdraaiings en verwarring. As gereformeerde teoloog voer Nicol (2002:58) wel aan dat daar in die mistiek

> … wilde lote, vreemde bespiegelings en houdings is wat met die Bybel in stryd is. Maar die Christelike tradisie was sterk genoeg om 'n belangrike deel van die mistiek wat in die kerk beoefen is, behoorlik in die Christelike raamwerk te hou.

Die mistiek het wel by sekere Protestante voorgekom met hulle geloof dat die genade en die natuur nie met mekaar in stryd is nie. Nicol (2002:60-61) sonder Johann Tauler (1300-1361) uit wat baie daartoe bygedra het om Luther se denke te bevry en William Law (1686-1761) wat 'n invloed uitgeoefen het op John Wesley en die Metodisme en Andrew Murray wat self 'n mistieke gebedslewe voorgestaan het.

## 2.8 SAMEVATTING

Daar word in die literatuur (Merton 1961:9; Foster 1998:53; Tyson 1999:418) verwys na die veronderstelling dat kontemplatiewe spiritualiteit gekoppel word aan die kloosterwese. Mense kan maklik dink dat die kontemplatiewe lewe nie vir die alledaagse mens is nie, maar slegs moontlik is vir diegene wat hulleself van die samelewing kan verwyder en in afsondering in kloosters lewe. Thomas Merton, die Trappis-monnik, het homself egter daarvoor beywer om te wys dat die kontemplatiewe lewe nie uitsluitlik vir monnike en nonne binne die raamwerk van die kloosterdom is nie, maar dat kontemplasie in die hart van elke Christen se bestaan gevind word. Die kontemplatiewe lewe is dus 'n integrale deel van die lewe en ondervindinge van elke Christen (Tyson 1999:418). Kontemplasie was onder andere Merton se antwoord vir die moderne mens se probleme (Tyson 1999:419). Merton herinner ons dat "contemplation is not a call to withdraw into religious privatism or individualism and neglect the personal and communal responsibility of Christians for the earthly city" (Marankey 1997:100). Die uitdaging vir die hedendaagse Christen-gemeenskap is 'n oproep tot dissipelskap wat gewortel is in gebed wat lei tot aksie in die wêreld.

Die kontemplatiewe spiritualiteit kan met hierdie oproep en uitdaging help en is dit 'n spiritualiteit vir ons tyd wat in baie opsigte resoneer met aspekte van die hedendaagse spirituele soeke. Dit het uit hierdie bespeking 'n paar keer na vore gekom dat hierdie spiritualiteit 'n helende en transfomerende invloed op mense se lewens uitoefen. Binne die ruimte van hierdie studie, resoneer dit ook met die pastorale behoeftes van die Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges. Die tradisie van stil gebed het hoofsaaklik in die Protestantse tradisie verlore geraak en is daar in die hoofstuk gekyk na die rol van die rasionalisme en die Moderne era wat die rykdom van die tradisie met denke toegespoel het.

Daar is egter 'n opbloei en groter aanvraag in die beoefening van die dissiplines van stilte en afsondering. In die hoofstuk wat volg word gekyk na die huidige tendense in dié verband spesifiek binne die Suid-Afrikaanse gereformeerde kerke. Mense se behoeftes aan hierdie dissiplines soos bepaal in die resultate van die studie word ook in die hoofstuk wat volg saamgevat.

# HOOFSTUK 3

## DIE LANDSKAP WORD OOPGESPOEL: HUIDIGE TENDENSE EN PASTORALE BEHOEFTES VAN AFRIKAANSSPREKENDE GEREFORMEERDE GELOWIGES WAT BETROKKE RAAK BY KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT

*God is not to be blamed for our religious stupidities; we are to blame if we do not acknowledge and learn from them.*

(Gerard Hughes 1997:33)

*All human evil comes for a single cause, man's inability to sit still in a room.*

(Blaise Pascal aangehaal in Quoteland.com)

### 3.1 INLEIDING

Die skatte wat begrawe lê in die landskap van die kontemplatiewe tradisie is in hierdie eeu weer besig om oopgespoel te word. Muller (2001:28) merk op dat meditasie en die kontemplatiewe gebed gereed is om weer 'n plek in die hoofstroom van die geloofslewe in te neem. Dit is 'n praktyk wat wêreldwyd besig is om toe te neem, veral noudat daar besef word "meditasie is nie 'n eksklusief Oosterse gebruik nie, maar 'n gebedsvorm met wortels in die eerste eeue van die Christendom" (2001:28).

Soos reeds in die inleidende hoofstuk vermeld, is daar 'n groter wordende behoefte wat uitgespreek word onder spesifiek Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges vir die dissiplines van stilte, afsondering, meditasie en kontemplasie. As pastorale terapeut is dit noodsaaklik om kennis te neem van hierdie tendense en behoeftes van gelowiges aangesien van hierdie praktyke onder andere 'n bron van persoonlike transformasie en heling vir mense kan inhou (Schutte & Dreyer 2006a:1453). Hierdie hoofstuk word ingelei deur kortliks te let op die huidige tendense binne die gereformeerde kerke in Suid-Afrika, spesifiek binne die NG Kerk. In die daaropvolgende gedeelte word die deelnemers aan die studie bekend gestel volgens die resultate verkry uit die vraelyste met 'n bespreking van hulle behoeftes aan die hand van 'n paar temas soos geïdentifiseer uit die vraelyste en onderhoude.

## 3.2 HUIDIGE TENDENSE IN AFRIKAANSE GEREFORMEERDE KERKE

Viljoen (2003:91) bevind in sy studie oor die gebruik van simbole en rituele in die NG Kerk, dat daar 'n groter klem op die mistieke werking van God binne die praktiese teologie is met gevolglike liturgiese skuiwe van 'n meer rasionele en abstrakte kennisbenadering na 'n misterieuse en emosionele beleweniskant. Die indikasies van die genoemde skuiwe is die oplewing van retreats, spiritualiteitsnaweke en seminare, nuwe erns met die kerklike jaar en simbole, Taizé liedere en riglyne vir meditatiewe eredienste in Afrikaanse gereformeerde kerke. Die gedeelte oor die huidige tendense word ingelei deur 'n kort bespreking van die onderhoude met drie baanbrekers wat tans baie betrokke is met kontemplatiewe spiritualiteit in die gereformeerde kerke in Suid-Afrika. 'n Voorbeeld van 'n instansie en gemeenskap wat die kontemplatiewe leefstyl ondersteun, word ook in hierdie gedeelte bespreek. Die laaste gedeelte sal let op die huidige kontemplatiewe praktyke wat in die Afrikaanse gereformeerde tradisie beoefen word.

### 3.2.1 Baanbrekers in die gereformeerde Suid-Afrikaanse konteks

Al drie baanbrekers se betrokkenheid by kontemplatiewe spiritualiteit is eerstens gebore uit 'n eerstehandse ervaring daarvan deur blootstelling aan onder andere Skrifmeditasie, retreats en kontemplatiewe gemeenskappe.

**Dr Willem Nicol** word beskou as een van die grootste baanbrekers op die gebied van die kontemplatiewe binne die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika. Hy het reeds twee boeke in die verband gepubliseer, naamlik *Stem in die stilte: 'n Werkboek in Christelike meditasie,* en *Gebed van die hart: Word stil en beleef God*. Nicol kom 'n lang pad met die toepassing van die dissiplines van stilte en het reeds in die tagtigerjare hiermee "geëksperimenteer" by die studentegemeente in Pretoria waar hy leraar was. Nicol (2008b) noem tydens 'n gesprek met hom: "In 1986 het ek dit gewaag om studente op 'n kamp te laat mediteer of net stil te luister en dadelik gevind dat dit 'n element van ons godsdiens is wat ons moet uitbou." Hy het lank gesoek na 'n voortsetting van hierdie dissiplines, maar eers gemeen dis nie vir "gewone" mense nie, tot sy ontdekking van die boeke van Thomas Keating oor sentreringsgebed. "Toe ek op

bladsy 36 van Thomas Keating se boek, *Open Mind, Open Heart* lees wat basies gedoen kan word, het ek onmiddellik gevoel dis 'n pad wat die Here vir my wys."

Nicol bied gereeld retreats aan waarin hy mense begelei op hierdie pad en neem ook leiding ten opsigte van die Adoramusdiens, 'n meditatiewe diens, in Stellastraatgemeente, Pretoria. Hy is voorsitter van sy Ring se Sentrum vir Spiritualiteit wat heelwat dergelike geleenthede aanbied. Naas meer populêre byeenkomste staan sentraal twee geleenthede waar mense net na 'n teks luister en dan saam vir twee periodes van 20 minute in stil gebed verkeer.

Hy noem dat, binne die postmoderne klimaat, die waarde van die intuïtiewe al meer besef word en dit aanleiding gee tot die behoefte na die terugkeer van die kontemplatiewe spiritualiteit in die gereformeerde tradisie. Hy is van mening dat die "leef" van die kontemplatiewe dissiplines tot 'n transformasie in jou verhouding met God, in jou bewussyn en in jou belewenis van die lewe, lei. Hy noem: "Hierdie pad sluit bevryding en heel word in. Wanneer ek retreats aanbied, besef ek hoe die stilword dinge los maak in mense." Tydens 'n werksessie (2008c) oor die aanbieding van retreats, maak Nicol die opmerking dat retreats en die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit mense kan help om by die persoonlike ervaring van God uit te kom. Hy beskryf die teologie agter hierdie opmerking as volg: "Die Bybel vertel vir ons die stories van mense wat God eerstehands ervaar het. Ons is dus Bybels in ons teologie as ons sê dat mense God eerstehands moet ervaar en nie deur die dominee of selfs retreatleier nie."

**Dr Carel Anthonissen** is tans direkteur by die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit in Kaapstad. Hy bied reeds die afgelope drie jaar 'n weeklikse meditatiewe diens in die kapel van die teologiese fakulteit in Stellenbosh aan en is ook op 'n gereelde grondslag by die aanbied van retreats betrokke. Sy kennismaking met kontemplatiewe spiritualiteit het in die tagtiger jare begin toe hy blootgestel is aan kontemplatiewe gemeenskappe in Europa. Die gemeenskappe se spiritualiteit het 'n geweldige indruk op hom gemaak.

Tydens die onderhoud met hom (2007b) noem hy dat hy, in die woorde van Thomas Keating, stilte as God se moedertaal ontdek het. Stilte het vir Anthonissen die ruimte geword waarbinne God groter geleentheid kry om mense

aan te raak met sy onvoorwaardelike liefde en sorg. “Dis ook die ruimte waar egtheid, eerlikheid en ’n diepe deernis vir alle mense die maklikste gebore word.” Hy maak verder die opmerking: “In elke mens sit daar die versugting om uit te kom by daardie unieke, outentieke en kreatiewe self wat God ons bestem het om te wees. In die woorde van die kerkvader Irenaeus: ‘The glory of God is a human being fully alive.’ Die dissiplines van die kontemplatiewe tradisie kan mense help om hierby uit te kom en so iets van God se glorie sigbaar te maak, selfs iets van God te ervaar. Die meemaak van gereelde retreats onder die leiding van ‘n bekwame geestelike begeleier, speel hierin ’n belangrike rol”.

Anthonissen (2008) is ook van mening dat die NG Kerk steeds sukkel om die bagasie van haar omstrede verlede af te skud, of beter nog, dit sinvol te integreer op haar weg na die toekoms. “Soos baie ander kerke beleef die NG Kerk vandag ook ‘n soort oorlewingstryd. Die versoeking is dan om angstig te word en allerlei foefies te gebruik om mense te lok. Hiermee word haar geloofwaardigheidsprobleem vererger. Lidmate soek vandag egte gemeenskap en ’n eerstehandse ervaring met die God van die Bybel. Ons sou ons mense in die steek laat indien ons hierdie basiese behoefte ignoreer Die ou dissiplines van rus, stilte, meditasie, vas, kontemplatiewe gebed ens., kan ons help om hierdie behoefte aan te spreek.”

Volgens Anthonissen (2008) is daar ook heelwat slaggate wanneer dit kom by die beoefening van ’n meer kontemplatiewe spiritualiteit. “Om op retreats te gaan en stilte op te soek, kan ’n ontvlugting van die kwessies en spanninge van die alledaagse lewe word en so bydra tot wat sommige sielkundiges ‘die kweek van ’n vals bewussyn’ noem. ’n Egte spiritualiteit moet ’n mens egter altyd weer terugneem na die wêreld en die lewe daar buite. Aangeraak deur God se liefde raak ons soekers van vrede en geregtigheid in ’n verskeurde en liefdelose wêreld. Hierdie dinamiese interaksie tussen kontemplasie en aksie is die waarmerk van enige egte spiritualiteit.” Tydens die gesprek met Anthonissen (2007b) merk hy ook op dat sy ervaring is dat baie kreatiewe mense en veral die kunssinniges oor jare ontuis begin voel het binne die strukture van die konvensionele bediening. “Baie voel selfs uitgestoot deur die tradisionele kerk. Die kontemplatiewe tradisie het egter nog altyd ’n ruimte gebied vir mense wat ’n behoefte het om die estetiese dimensie van hulle lewe sterker uit te leef. Trouens, die ironiese waarheid is dat vir hierdie mense daar dikwels baie meer

Godskennis opgesluit is in die kunste – met name die letterkunde, musiek en skilderkuns, as wat in die tradisionele eredienste ervaar word." Daarom is die gebruikmaking van sinvolle rituele, simbole, musiek, kuns, ens., vir hom 'n belangrike deel van aanbidding.

**Dr Riaan van der Merwe** is ook betrokke by die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit en spesifiek gemoeid met die taak om kontemplatiewe spiritualiteit aan die Afrikaanse gemeenskappe bekend te stel. Hy is ook opgelei in die gerefomeerde tradisie.

Van der Merwe (2007) maak die opmerking in 'n gesprek met hom dat mense 'n behoefte het aan meer as dit wat sigbaar is, "hulle het 'n belewenis nodig". Die volgende is 'n verdere aanhaling uit ons gesprek: "Die rasionalistiese oorheersing van die modernisme het nie plek vir kontemplatiewe spiritualiteit nie, want dis nie meetbaar nie. Postmodernisme moet egter mee rekening gehou word. Egte spiritualiteit is aanloklik vir postmoderne mense. Mense is nie meer beïndruk en tevrede met die rigoristiese stelsel van die kerk nie. Soveel mense sal sê – ek is nie 'n kerkmens nie, maar ek is spiritueel."

Van der Merwe is wel van mening dat die kontemplatiewe spiritualiteit die spirituele honger van mense kan voed. Sy ervaring is dat Afrikaanssprekende gereformeerdes soek na geleenthede om blootgestel te word aan die kontemplatiewe leefstyl. Hy bied gereelde retreats vir predikante in die NG Kerk aan en lei ook weke van gebed en kursusse in kontemplatiewe aspekte.

Spiritualiteitsvorming is iets wat hom ook na aan die hart lê: "Binne die gereformeerde tradisie kan die genadeleer mense soms laat dink, ek hoef nie te verander nie, en dan raak dit, om Bonhoefer se term te gebruik, 'goedkoop genade'. Daar moet 'n omvorming plaasvind om al hoe meer die karakter van Christus aan te neem." Volgens van der Merwe is spiritualiteitsvormingsgroepe een van die maniere wat kan help om hierdie omvormingsproses moontlik te maak. Hy bied die afgelope jaar hierdie spiritualiteitsvormingsgroepe op die model van Richard Foster (1998) in die Welgemoed gemeente aan. Van der Merwe (2007) noem: "Ons kom elke week bymekaar en besluit op 'n dissipline wat ons die week gaan oefen en kom rapporteer dan aan mekaar wat gebeur het of wat nie gebeur het nie. Wanneer 'n mens die dissplines beoefen en dit met

mekaar bespreek, raak dit werklikhede en nie net iets waarvan jy gelees het of op 'n retreat ervaar het nie."

Al drie die baanbrekers verwys na die ervaringselement wat die kontemplatiewe spiritualiteit vir gelowiges moontlik maak asook die helende en transformerende invloed van kontemplatiewe spiritualiteit. Vervolgens word gekyk na 'n instansie in die Suid-Afikaanse konteks en 'n gemeenkskap in Frankryk wat gelowiges kan bystaan in die kontemplatiewe leefstyl.

### 3.2.2 Instansies en gemeenskappe

Daar bestaan 'n verskeidenheid van ekumeniese instansies en gemeenskappe reg oor die wêreld wat mense help en begelei in die proses en dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit. Vir doeleindes van hierdie navorsing word die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit (SCS) in Kaapstad as voorbeeld van so 'n instansie kortliks genoem. Hierdie instansie is gekies weens die organisasie se huidige betrokkenheid in Suid-Afrikaanse gereformeerde kerke asook my eie betrokkenheid by die SCS die afgelope twee jaar.

Taizé in Frankryk is 'n voorbeeld van 'n kontemplatiewe gemeenskap en is ook bekend aan 'n hele aantal gereformeerdes. Dit is onder andere weens die Taizé liedere wat in die NG Kerk liedboek opgeneem is en Suid-Afrikaanse gereformeerde predikante wat die afgelope aantal jare toenemend Taizé besoek om die gemeenskap te ervaar. As deel van my navorsings- en persoonlike geestelike reis, het ek ook in 2007 Taizé vir 'n week besoek.

#### *3.2.2.1 Die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit*

Die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit (SCS) is reeds in 1987 onder inspirasie van sy geestelike begeleier Francis Cull, deur die voormalige aartsbiskop van Kaapstad, Desmond Tutu, gestig. Dit het vir etlike jare onder die sambreel van die Anglikaanse Kerk gefunksioneer. Vandag is die SCS meer ekumenies van aard en bestaan dit uit lede van verskillende denominasies en kulture. Ek is self reeds sedert 2007 lid van die beplanningsspan van die SCS, gemoeid met die aanbied van kursusse, retreats en ander aktiwiteite. Tydens 'n onlangse

strategiese beplanningsessie van die sentrum waar die visie en missie weer in oënskou geneem is, is die volgende pragtige visie en missie geformuleer:

> As a part of the faith community we embody the inclusive and caring love of Christ. We choose and encourage a way of life based on the Christian disciplines of silence, prayer, simplicity and contemplation.
>
> Our mission is to offer spiritual nourishment – food for the soul – to a world hungry for meaning. We provide spiritual formation through retreats, spiritual direction and teaching.
>
> We contribute to the healing of our society. We promote a contextualised spirituality in which social justice may flourish, the dignity of all men and women are restored, beauty is embraced and our earth blooms anew.
>
> (The Blue Book 2008:4)

Dit is vir my belangrik om hierdie visie en missie volledig hier uiteen te sit om die dinamiese wisselwerking tussen die inwaartse en uitwaartse reis te illustreer asook die kontekstuele spiritualiteit waartoe die SCS hulself verbind en beywer. Soos reeds in hoofstuk 1 (sien 1.5.3.1) genoem is, verkies ek om na die stemme van die kontekstuele teologie te luister, veral die feministiese teologie. Ek voel my gemaklik binne die ruimte van die SCS wat hulleself verbind tot ’n kontekstuele teologie wat onder andere die volgende aspekte ondersteun soos uiteengesit deur Bosch (1991:424) en saamgevat deur Kotzé en Kotzé (2001:4):

> [A] refusal to endorse the world as static, as something that only has to be explained, but rather as something that has to be changed; a commitment as the first act of theology and then especially commitment to the poor and marginalised; an emphasis on doing theology since doing is more important than knowing or speaking.

Die uitgangspunt van een van die kursusse wat die SCS aanbied, *Die reis na binne: groei in bewussyn*, is dat die Christelike lewe ’n reis is. In hierdie reis word ons toenemend bewus van die misterie van God se liefde. Aangeraak deur dié liefde, groei daar in ons ’n nuwe bewuswording van onsself, die ander, die natuur en ook van die konteks waarin ons leef. Die aspek van ’n ekologiese sensitiwiteit en verantwoordelikheid word dus ook beklemtoon en sluit dit aan by ’n feministiese spiritualiteit “….[that] is ecologically oriented” (Ackermann 1991:111).

Dr Riaan van der Merwe (2007), wat direk gemoeid is met die verinheemsing van die kontemplatiewe spiritualiteit in die Afrikaanse gereformeerde tradisie, noem dat die uitdaging vir die SCS daarin geleë is om te voorsien in die behoeftes van die oorweldigende groeiende belangstelling en navraag omtrent kontemplatiewe spiritualiteit in die Afrikaanse gereformeerde gemeentes. In die tydperk vanaf Februarie 2007 tot Julie 2008 is die inleidende kursus in kontemplatiewe spiritualiteit, *Die reis na binne: groei in bewussyn*, reeds by 6 NG Kerk gemeentes in die Wes-Kaap aangebied. Die SCS beskik egter oor beperkte mannekrag en kan nie altyd voorbly in die aanvraag vir kursusse en opleiding nie. Die mannekrag by SCS bestaan hoofsaaklik uit vrywilligers wat hulle tyd opoffer in die aanbied van kursusse en retreats. Die SCS lewer dus 'n waardevolle bydrae om kontemplatiewe spiritualiteit binne die Afrikaanse gereformeerde opset te bevorder.

#### *3.2.2.2 Taizé*

Die Taizé-gemeenskap is 'n ekumeniese kloostergemeenskap in Frankryk waar Christene (veral jongmense) van regoor die wêreld bymekaarkom om eredienste vol simboliek by te woon, eenvoudige liedere oor en oor te sing, en om tye van afsondering en stilte mee te maak (Fidanzio 2006; Gonzalez Balado 1976; http://www.taize.fr/en). Br. Roger Schultz, die stigter van die gemeenskap in 1949, is tragies tydens een van die gemeenskaplike gebedsgeleenthede in Augustus 2005 deur 'n versteurde persoon aangerand en vermoor. Br. Roger het sy lewe gewy aan rekonsiliasie en vrede tussen alle mense, veral tussen Christene. Vir hierdie doel is sedert 1980 "a pilgrimage of trust on earth" deur die gemeenskap van Taizé vir jongmense regoor die wêreld ingestel. Die jongmense se taak is om vrede draers in hulle eie gemeenskappe te wees wat vertroue en rekonsiliasie aanmoedig (Fidanzio 2006:19). Die volgende pelgrimstog vind op die Afrika-kontinent in November 2008 in Nairobi, Kenia plaas.

Die Taizé-gemeenskap se fokus is ook aksie in die wêreld en word die kontemplatiewe leefstyl gekombineer met uitreike na die armes en behoeftes reg oor die wêreld. Br. Roger het hom ook daarvoor beywer dat kontemplasie en aksie nie geskei kan word nie.

> A struggle for the voice of the voiceless to be heared, for the liberation of every person, the Christian finds his place – in the very front line. And at the same time the Christian even though he be plunged in Gods' silence, senses an underlying truth: this struggle for and with others finds its source in another struggle that is more and more etched in his deepest self, at that point in which no two people are quite alike. There he touches the gates of contemplation.
>
> (Schutz 1970:33)

Besoekers, pelgrims of retreaters aan Taizé, word deur die gemeenskap van broers wat 'n lewenslange verbintenis gemaak het om Christus te volg in 'n gemeenskaplik lewe van selibaatheid en eenvoud, verwelkom. Die uitnodiging word gerig om vir ten minste 'n week deel van die gemeenskap van broers te word deur saam met duisende ander mense deel te neem aan die daaglikse ritme. Hierdie ritme bestaan uit gemeenskaplike gebed drie maal per dag in die kerk ("Church of Reconciliation"), kleingroepbesprekings, Bybelstudiegeleenthede, stilte en gedeelde verantwoordelikheid vir die dagtake soos etes en skoonmaak. Die weekprogram strek van Sondag tot Sondag waartydens 'n Bybelstudietema vir die week deur een van die broers hanteer word. Tydens hierdie Bybelstudiegeleenthede word 'n kort inleiding met Bybeluitleg gegee en daarna word mens gelos met 'n paar prikkelende vrae waaroor jy in die stilte kan gaan reflekteer om jou eie waarhede te ontdek. Daar is geleentheid vir kleingroepbesprekings in die middae, maar is dit alles vrywillig.

Een van die dinge wat uitstaan van 'n besoek aan Taizé is die moeite wat gedoen word met die verwelkoming op 'n Sondag. Mense van verskillende tale en lande word in groepe verwelkom deur vrywillige jongmense wat hulle tyd beskikbaar stel om vir 'n tydperk in Taizé te bly. Die fokus is wel op jongmense en verskil die program vir dié onder 30 van die program vir die bo 30 met bietjie meer struktuur en die verpligte kleingroepbesprekings. Taizé kan ongeveer 6000 mense akkommodeer waarvan twee derdes jongmense moet wees tussen die ouderdomme 15-29.

Soos reeds genoem, is daar 'n toenemende aantal NG Kerk predikante wat die afgelope aantal jare Taizé besoek het om die gemeenskap eerstehands te ervaar. Tydens my besoek aan Taizé, was daar 6 NG Kerk predikante van regoor Suid-

Afrika wat ek (toevallig) daar raakgekloop het tydens gesprekke met die broers van die Taizé gemeenskap.

’n Besoek aan Taizé kan nie regtig in woorde saamgevat word nie, aangesien dit ’n ervaring is wat self meegemaak moet word. Woorde wat wel by my opkom as ek my eie ervaring moet beskryf, is die volgende: aanvaarding, eenvoud, nederigheid, liefde, teenwoordigheid van God, vrede, skoonheid. Taizé verteenwoordig ’n transformerende ervaring wat mens met jou wil saamdra en nie wil vergeet nie. Die uitdaging is wel hoe die Taizé ervaring in die huidige kerk opset alhier toegepas en uitgeleef kan word. Schutte (2006:310) vra die vraag in sy navorsing oor die relevansie van, onder andere, die Taizé tradisie binne die NG Kerk: “Has Taizé something to offer in modern day church environments?” Die volgende (2006:310) is ’n aanhaling van een die deelnemers aan sy navorsing se antwoord op hierdie vraag:

> *Yes, for instance the rhythm or discipline of prayer, tasks, solitude, silence, Bible discussion. In addition, the simplicity of the Gospel lived out here. Churches are too cluttered with dogma, theology, and rational arguments. Maybe we should be more focused on God and his loving presence and his mystery and make more of symbols or icons and just being in his presence....making use of elements of reflection, silence and music to help us going deeper into ourselves.*

### 3.2.3 Praktyke van kontemplatiewe spiritualiteit in die Afrikaanse gereformeerde tradisie

In hierdie navorsing is gefokus op gelowiges binne die Afrikaanse gereformeerde tradisie wat meditatiewe dienste bywoon asook die wat al retreats bygewoon het. In hierdie gedeelte word ook kortliks verwys na die huidige tendens van geestelike begeleiding binne die gereformeerde tradisie.

#### *3.2.3.1 Stil en meditatiewe dienste*

Soos reeds in hoofstuk 1 genoem, is stil en meditatiewe dienste aan die toeneem in die NG Kerk tradisie. Statistiek is ongelukkig nie beskikbaar om die presiese aantal gemeentes te noem wat tans stil en meditatiewe dienste binne die Afrikaanse gereformeerde kerke aanbied nie. Volgens die nuutste handleiding vir die erediens in die NG Kerk (2007:161-167) is ’n afdeling vir meditatiewe dienste met riglyne vir die inrig van sulke eredienste. Daar word in hierdie handleiding

melding gemaak van die toenemende waardering vir die waarde van stilte en meditasie in die gereformeerde kerke (2007:161).

Hierdie dienste verskil heelwat van die tradisionele gereformeerde eredienste en is daar geen preek nie, maar soms 'n kort inleiding tot die Skrifgedeelte. Die Bybel vorm nog steeds die sentrale fokus en word tekste ’n paar keer deurgelees. Tydens hierdie dienste word onder andere ook gebruik gemaak van kontemplatiewe oefeninge om mense tot die stilte in te lei. Die eenvoud, stilte, nadenke en rus wat kenmerkend is van meditatiewe eredienste, stel mense in staat om op ’n alternatiewe wyse bewus te raak van God se teenwoordigheid (2007:161). Die kunste, soos poësie en musiek, word ook ingespan. Dit alles geskied binne ’n atmosfeer van stilte wat onder andere geskep word deur simbole soos kerse en kruise. Die liturgie is op simboliese en rituele kommunikasiemiddelde ingestel waar sigbare tekens van brood, wyn en olie teenwoordig is. Mense word uitgenooi om deel te neem aan die rituele deur onder andere die bediening van die Eucharistie, salwingsgeleenthede en die aansteek van kerse.

Soms word die hele diens in die Taizé styl aangebied. Daar word gebruik gemaak van Taizé liedere wat ’n paar keer herhaal word, ’n gedeelte word uit die Bybel voorgelees en daar is lang stiltes – ongeveer tien minute. ’n Ruimte word geskep waar mense hulleself in stilte voor God bring.

#### *3.2.3.2 Retreats*

Buvton in Stellenbosh, ’n organisasie vir predikante bediening, bied die afgelope 19 jaar, onder leiding van dr. Michiel van der Merwe, gereelde retreats vir predikante van die Wes-Kaap aan. Soos reeds genoem, is die SCS ook baie gemoeid met die aanbied van retreats en het die navraag daarvoor aansienlik toegeneem. Onderskeid kan gemaak word tussen ’n groep- en individuele retreat.

- Begeleide groeps-retreat

’n Begeleide groeps-retreat bestaan uit ’n groep wat gewoonlik nie meer as 20 persone insluit nie en word gelei deur ’n retreatleier. Dit kan die vorm aanneem van ’n tematiese retreat waartydens ’n bepaalde tema oordink word of ’n

meditatiewe retreat waartydens 'n aantal tekste aan die hand van die *lectio divina* hanteer word. Die tema word ingelei deur die retreatleier en sekere aspekte word belig. Lang periodes van stiltes volg waartydens die deelnemers aan die retreat die spesifieke gedeeltes oordink in die teenwoordighed van God. Daar is gewoonlik tyd waartydens ervaringe gedeel kan word in 'n luistergroep. In 'n luistergroep word geen raad bedien nie, maar is die fokus slegs op luister na mekaar (van der Merwe 2008).

- Individuele Retreat

Die oogmerk met 'n individuele retreat is om jouself te onttrek uit jou bekende omgewing en jouself in te boek by 'n klooster of 'n plek wat spesifiek ingerig is vir retreats. Tyd kan opsy gesit word vir eie refleksie en meditasie. So 'n tyd kan ook ingerig word deur gesprekke met jou geestelike metgesel een of twee keer terwyl die res van die tyd in afsondering en stilte deurgebring word.

Retreats speel dus 'n belangrike rol om mense te begelei op die pad van die kontemplatiewe. Schutte (2006) het navorsing gedoen omtrent die relevansie van klooster-retreats binne die NG Kerk-tradisie. Van sy navorsingsbevindinge word in die volgende aanhaling (2006:400-429) saamgevat:

- Monastic retreat is a justifiable, commendable or even for some, an "essential" way of becoming aware of and experiencing the presence of God.
- Monastic retreat is a source of regeneration and healing and provides a context conducive to therapeutic pastoral care.
- Certain elements of monastic retreat pave the way for pilgrimage into the Ultimate Mystery.
- The monastic rules of the different traditions, although they originated in a premodern context, are a valuable source for a spiritual way of life in the Reformed tradition in a postmodern context.

#### *3.2.3.3 Geestelike metgesel/begeleiding*

Van der Merwe (2007) noem dat die navraag by Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges vir geestelike begeleiding of 'n geestelike metgesel toeneem. Tydens die werksessie oor aanbieding van retreats noem Nicol (2008c) dat dit in geestelike begeleiding daaroor gaan dat die *begeleide* die Here self moet ervaar en dat die *begeleier* agter die persoon aanloop en help sien waar die hand van die Here is. Hy noem dat geestelike begeleiding 'n proses is wat mense

dus kan bystaan om "eerstehandse, eie ervaring van God" op te doen. In aansluiting hierby noem dr. Michiel van der Merwe tydens hierdie werkswinkel dat hy meer van die term geestelike metgesel hou. "Dit impliseer dat jy nie die 'ekspert' in iemand se lewe is wat sê hoe die persoon se ervaring van God moet wees nie." Daar word dus van die standpunt uitgegaan dat die begeleide die ekspert is en die metgesel neem 'n "nie-wetende" posisie in (Anderson & Goolishian 1992:30). Griffith (1995:126) maak die stelling: "[I]f 'I think I know' the basic story of someone's experience with God, I am probably beginning to close off therapeutic possibilities." Dit wil dus blyk dat binne die terrein van geestelike begeleiding, narratiewe beginsels soos byvoorbeeld die "not-knowing" benadering (Anderson & Goolishian 1992:30) kan bydrae tot ryker beskrywings van mense se ervarings. Daar sal ook in Hoofstuk 5 uitgebrei word met aanbevelings van verdere narratiewe beginsels wat gebruik kan word om mense te help om hulle eie geestelike ervarings ryker te beskryf (Morgan 2000:75).

Dit blyk dus uit die bespreekte gedeelte omtrent die huidige tendense in die Suid-Afrikaanse gereformeerde tradisie, dat kontemplatiewe spiritualiteitsdissiplines reeds binne gereformeerde kerke toegepas word. In hierdie studie is gefokus op Afrikaanssprekende gereformeerdes wat reeds blootstelling aan kontemplatiewe spiritualiteit gehad het. Vervolgens word die deelnemers aan die navorsing bekend gestel.

## 3.3 BEKENDSTELLING VAN DIE DEELNEMERS AAN DIE NAVORSING

Die resulte van die navorsing word ingelei deur 'n profiel te verskaf van die deelnemers aan die navorsing soos verkry uit die 61 voltooide vraelyste. Die profiel is op drie aspekte gebaseer naamlik geslag, ouderdom en deelname aan kontemplatiewe dissiplines. Om myself te oriënteer ten opsigte van die deelnemers aan die navorsing was dit nodig om 'n paar kwantitatiewe vrae (alhoewel nie deel van kwalitatiewe navorsing) in die vraelys in te sluit. Hierdie data is statisties kwantifiseerbaar, nie soseer vir statistiese analise nie, maar om eerder sekere tendense uit te wys, byvoorbeeld hoeveel mense woon retreats en meditatiewe dienste by en besoek 'n geestelike begeleier. Die kwantitatiewe opname kan ook voorsien in relevante data wat moontlik in verdere studies aangewend kan word. Slegs sekere van hierdie data word in hierdie gedeelte bespreek en kan die res van die data in Addendum B gevind word.

### 3.3.1 Geslag





**Diagram 2**

Vroue-respondente het die oorgrote meerderheid van die navorsingsdeelnemers uitgemaak (Diagram 2). My ervaring is dat vrouens meer geredelik retreats bywoon as mans, maar dat die aantal mans en vrouens wat meditatiewe dienste bywoon min of meer gelyk is. Die rede waarom meer vrouens retreats bywoon, is gebaseer op die aanname dat vrouens hulleself dalk makliker uit die "rat race" kan onttrek en tyd kan inruim vir 'n retreat. Mans is ook waarskynlik meer geneig tot 'n intellektuele "kop spiritualiteit" (Ware 1995:86) wat staan teenoor 'n mistiese spiritualiteit. Dominante diskoerse omtrent geslag, word dus hier sigbaar. Retreatfasiliteerders behoort te besin hoe mans meer betrek kan word by die bywoning van retreats. Vrae vir verdere studie sou ook wees om te ondersoek waarom meer vrouens retreats bywoon as mans.

### 3.3.2 Ouderdom

Volgens Diagram 3 val die grootste persentasie van die deelnemers aan die navorsing in die ouderdomsgroep 51 tot 70. Binne die veld van die ontwikkelingssielkunde, verwys Erik Erikson (Meyer & van Ede 1990:65) na die ontwikkelingstake van hierdie ouderdomsgroep as generatiwiteit teenoor stagnasie. Die persoon wat generatiwiteit en sorgsaamheid verwerf, hou hom/haar op die een of ander wyse besig met die verryking van die lewe vir hom/haarself en ander mense. Mense in hierdie fase is dus nie meer so op

prestasie ingestel nie. Een van die deelnemers wat 61 jaar oud is, noem tydens 'n onderhoud die volgende: "Op 'n sekere ontwikkelingsfase in mens se lewe is jy nog baie op prestasie ingestel, maar soos wat jy ouer word, is dit nie meer belangrik nie. Dis in my ouderdomsfase nie meer belangrik wat ander mense sê of dink nie, maar werk jy vir jouself uit wat is goed vir jou en ander."

Fowler (1981: 89-90) onderskei in sy bekende teorie, verskillende geloofsfases. Die geloofsfase waarin iemand verkeer kan 'n moontlike invloed uitoefen of hy/sy sal deelneem aan kontemplatiewe spiritualiteit al dan nie. Fowler (1981:89) maak wel die opmerking dat ingedagte gehou moet word dat geloofsfases en menslike ontwikkeling, "can give us only half of a much larger and richer picture". Binne die konteks van hierdie navorsingsstudie word daar wel van die veronderstelling uitgegaan dat mense wat al "gevorder" het op hulle geloofsreis en waarskynlik al ouer is, gemakliker sal voel binne die kontemplatiewe spiritualiteit. Tydens 'n onderhoud maak een van die deelnemers die volgende opmerking: "Religion is for people that don't want to go to hell and spirituality is for people that's been there. Ek dink spiritualiteit is dus vir ouer mense en vir mense wat alreeds deur iets moeilik is in hulle lewe. Dit is 'n dieper soeke wat die kontemplatiewe tradisie bied."





**Diagram 3**

### 3.3.3 Deelname aan kontemplatiewe spiritualiteitspraktyke

Uit die onderstaande grafiese voorstelling (Diagram 4) omtrent mense se deelname aan kontemplatiewe spiritualiteit, het die grootste persentasie al retreat(s) bygewoon. Meditatiewe dienste word by slegs vier gemeentes wat aan hierdie navorsing deelgeneem het, op 'n weeklikse basis aangebied. 'n Kleiner persentasie van deelnemers het dus toegang tot meditatiewe dienste. Sowat 35% van die deelnemers noem dat hulle die behoefte het aan 'n meditatiewe diens in hulle gemeente. Uit die navorsing blyk dat slegs 3 gemeentes jaarliks retreats vir gemeentelede aanbied terwyl 39% van die deelnemers die behoefte aan die aanbieding van retreats deur hulle gemeente op 'n meer gereelde basis uitspreek.





**Diagram 4**

Vervolgens word die behoeftes van die deelnemers aan die navorsing bespreek aan die hand van 'n paar temas wat geïdentifiseer is.

## 3.4 BEHOEFTES VAN AFRIKAANSSPREKENDE GEREFORMEERDES BINNE DIE POSTMODERNE ERA

Du Toit (2000:171) noem dat dit vir die kerk belangrik is om rekening te hou met die verskillende religieuse behoeftes, die tradisie waarin mense grootgeword het, verskillende persoonlikheidstipes en belewingskontekste. Die 21ste eeu word gekenmerk as die postmoderne era waarin daar baie ruimte is vir pluraliteit, diversiteit, individuele vryheid en 'n besef van die beperktheid van die rede (Nicol 2000:6). Rede is nie meer die alleenheerser nie en die waarde van die intuïtiewe en dergelike moontlikhede word al meer besef sodat gelowiges vryer voel om godsdiens elkeen op hul eie unieke wyse te beleef (2002:23). Omdat die tradisiestrome wat die gereformeerde godsdiens in die verlede gevoed het gedeeltelik uit 'n baie rasionele klimaat kom, bots dit met die nuwe, meer emosionele en "gevolglik kan ons groot veranderings verwag" (2000:6). Hierdie veranderings blyk onder andere uit die opbloei van die beoefening van kontemplatiewe spiritualiteit onder gereformeerde gelowiges. Volgens Burger (1999:215) is een van die mees "onverwagte ontwikkelings in ons tyd, die ongekende oplewing van en belangstelling in spiritualiteit".

Vir die postmoderne gelowige is die outentieke ervaringselement belangrik. Sweet (2000:28) gebruik 'n akroniem "E-P-I-C" om die postmoderne konteks as 'n epiese tyd te eien. Die letterbetekenis van elke letter wat vir hom die postmoderne behoeftes van mense karakteriseer, is:

| | | |
|---|---|---|
| E –Experiential | – | op die ervaring ingestel |
| P –Participatory | – | deelname en blootstelling |
| I – Image driven | – | beelde en simbole is belangrik |
| C –Connected | - | mense wil behoort aan... |

Die behoeftes soos uitgespreek deur die deelnemers aan hierdie navorsing sluit aan by die postmoderne behoeftes soos deur Sweet (2000:27-109) uiteengesit. Kontemplatiewe spiritualiteit waar die waardes van afsondering en stilte eerbiedig word, waar simbole en rituele belangrik is en die eie ervaring van God vooropgestel word, kan dus voorsien in die postmoderne gelowige se behoeftes. "Om kontemplatief en meditatief met die Woord van God en gebed om te gaan is vir baie eeue en *vandag* [kursief myne] bevorderlik vir 'n *Coram Deo*-lewe" (Viljoen 2003:71-72).

Die bespreking oor die resultate word ingelei deur eerstens te let op die deelnemers se behoefte aan spiritualiteit eerder as godsdiens aan die hand van hulle standpunt oor die stelling, *Ek is spiritueel, maar nie godsdienstig nie* (Vraag 5 van die vraelys). Hulle spreek verder ‵n behoefte aan ‵n outentieke vorm van spiritualiteit uit en word dit bespreek aan die hand van die vraag wat hulle as tekortkominge beskou binne die tradisionele kerk (Vraag 4 van die vraelys).

### 3.4.1 Behoefte aan spiritualiteit eerder as godsdiens

Soos reeds in hoofstuk 2 (sien 2.2.1) genoem, word daar ’n onderskeid gemaak tussen spiritualiteit en godsdiens en beskryf mense hulleself baie keer as spiritueel, maar nie godsdienstig nie.

Hughes (2003:1) maak die opmerking: “Today’s growing interest in spirituality is accompanied by a growing disinterest in churchgoing….” Hughes (2003:1,2) noem verder dat mense nie leiding oor spiritualiteit in hoofstroomkerke vind nie. In ’n onlangse opname (*Die Burger* 2008) deur die Suid-Afrikaanse Reklamenavorsingstigting (Saarf) is bevind dat kerkgangers met 22% afgeneem het. Daar is deesdae baie debatte oor ’n “post kerklike spiritualiteit” aan die gang. Die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit het onder andere in 2006 ’n paneelbespreking gehad met die tema “post kerklike spiritualiteit”. Die gesprek is met groot entoesiasme voortgesit op die kletskerk webwerf met plasing van ‵n artikel “Op soek na ’n alternatiewe post kerklike spiritualiteit” (Anthonissen 2006). Hierdie is egter ’n tema vir verdere navorsing en ek brei nie in detail hieroor uit nie.

Ek sluit my egter wel aan by die argument van Hughes (2003:3) dat die kerk nie sonder spiritualiteit kan oorleef nie. “[C]hurch without spirituality is like a body without breath … [and this] can pose a dangerous threat to human life and freedom.” Die deelnemers aan die navorsing spreek ’n behoefte aan spiritualiteit eerder as godsdiens uit, maar tog interessant dat die meeste van hulle wel aan ’n kerk behoort (sien Addendum B). Uit die gedeelte wat volg, blyk dat talle van hulle ontnugter is deur die kerk. Die standpunte van sommige van die deelnemers oor die stelling “Ek is spiritueel, maar nie godsdienstig nie”, in hulle eie woorde, sien soos volg daaruit.

- *Dit verwoord elke mens se diepste soeke na iets groter waaraan hy/sy behoort/kan vashou. Maar die beeld van God wat deur mense geskep en geleef word, maak mense sku om met die God van "godsdiens" geassosieer te word.*
- *Dit is 'n poging om uitdrukking te gee aan nuwe manier van mens-wees – los van die dogmatiese leerstellings maar tog geestelik bewus.*
- *Godsdiens beteken dat jy in 'n vorm behoort wat nie noodwendig asemhaal nie – spiritualiteit beteken jy soek en is aan die beweeg.*
- *Spiritualiteit het te doen met die misterie van God.*
- *Ek is spiritueel – nie godsdienstig omdat ek nie aan een godsdiens se dogmas/rites wil verbonde wees nie, maar 'n baie wyer siening het van die geestelike lewe.*
- *Die gedagte is seker dat die indiwidu nie vas is aan kerkreëls nie, maar wel 'n geestelike behoefte het. Op hierdie stadium is dit vir my waar, ek gaan nie kerk toe nie en het 'n redelike renons in die hele ding, maar ek vind myself steeds soekend na iets geestelik..*
- *Besig om meer spiritueel as godsdienstig te word. Godsdiens binne die kerk het my beperk om dit wat geglo word te moet aanvaar. Ek ondersoek tans dinge soos joga, energie-heling wat summier deur meeste godsdienstige mense verwerp word as onheilig/new age ens.*
- *Ek is ook spiritueel, maar nie godsdienstig nie. Rituele op voorgeskrewe tye pas my nie - ek wil my verhouding met God laat ontvou terwyl my lewe gebeur.*
- *Ek is ook spiritueel, maar nie godsdienstig nie. Tog bly ek nog binne die struktuur van georganiseerde godsdiens, omdat dit nog baie geleenthede skep waardeur mens kan werk, maar as ek op 'n dag moet kies tussen "God" en "kerk" is daar nie eens twyfel nie. Godsdienstige organisasies het vir my slegs funksionele waarde. Dit is 'n middel tot 'n doel en nie 'n doel opsigself nie.*
- *Spiritueel is baie wyer en laat ruimte vir eie Godservaring. Godsdiens is om in 'n bepaalde geloofsisteem te glo.*
- *Sien godsdiens as vasgestelde dissiplines wat die persoonlik verhouding met God/Jesus/HG kan skaad, maar tog is die dissiplines belangrik. Spiritueel kan ook dalk neig na gevoel en net gevoel is ook nie altyd wys. Balans is dus belangrik.*
- *Mense voel soms nie gemaklik met die God wat deur kerke verkondig word nie.*
- *Toe ek dit self gesê het, was ek in werklikheid op soek na 'n nuwe manier om my spiritualiteit uit te leef. Ek het nie op daardie tydstip geweet van die kontemplatiewe tradisie en dat dit vir my 'n spirituele tuiste kon bied nie.*
- *Godsdiens het te veel gode-diens (letterlik) geword!! + dogma. Eie standpunt: Ek is religieus/spiritueel maar nie gode-dienstig.*
- *Ek skat baie mense is seergemaak of ontnugter deur formele godsdiens of vind dit gewoon net nie meer relevant vir die konteks waarbinne hul lewe nie.*

Ek sluit hierdie gedeelte af met die volgende aanhaling van Sweet (2000:112) wat vir my die gedeelte oor mense se behoefte aan spiritualteit eerder as godsdiens saamvat.

> Postmoderns have had it with religion. They're sick and tired of religion. They're convinced the world needs less of religion, not more....Postmoderns want participation in a deeply personal but at the same time communal experience of the divine and the transformation of life that issues from that identification with God.

### 3.4.2 Behoefte aan 'n outentieke vorm van spiritualiteit

Dit blyk dat baie toegewyde gelowiges hulle vertroue in die kerk verloor het. Hughes (2003:2) merk op dat mense die kerk beskou as "being hypocritical and out of touch, and more interested in self-preservation than in caring for others". In die vraelys noem iemand: "Ek is ontnugter deur valsheid, selfgesentreerdheid en 'n afwesigheid van 'n kontemplatiewe spiritualiteit in die NG Kerk."

Kerke kan nie meer bloot van bo af sê wat reg is en aanvaar dit sal so werk nie. Sweet (2000:112) voeg ook by dat die postmoderne generasie moeg is vir godsdiens met 'n klomp reëls gemaak deur 'n "'officialdom' somewhere". Die Christendom sal moet bewys kan lewer van 'n outentieke, inklusiewe aard soos beredeneer deur Dockery (1995:17):

> In order for the new postmodern generations to consider the plausibility of Christianity they must be convinced of its authenticity, as well as its community-building characteristics, before they will hear its truth claims.

Die volgende is reponse uit die vraelyste omtrent die vraag: "Wat beskou u as tekortkoming binne die tradisionele kerk?"

- *Daar bestaan groot wantroue in die kerk en sy amptenare.*
- *Diepte ontbreek.*
- *Eensydige tuglesse, politiek van die kansel en selfverheerliking hou my van die tradisionele kerk weg.*
- *Te geneig om by oppervlakkigheid vas te steek – by tradisionele gewoontes en nie 'n werklike soeke na 'n verhouding met God.*
- *Tradisionele kerk het te groot geraak – mis 'n intieme, mistieke atmosfeer.*
- *Sterk (groeiende) fundamentalistiese, charismatiese/biblisistiese strominge.*
- *Die donder-doodslag dogmatiese preke. Kerk lê nog te veel klem op "eksterne godsdiens" eerder as interne/mistieke.*
- *Kerk is soms te fundamentalisties – nie ruimte vir mense wat twyfel of dinge bevraagteken nie. Dink tog die NG Kerk is die meeste verlig van die Protestantse kerke.*

- *Te veel tyd word bestee aan formele prediking tydens 'n erediens. Daar is te min momente van stilte, oordenking, stemmingsvolle musiek en nabetragting.*
- *Die kerk moet tred hou met die veranderende wêreld – nie dat die kerk wêrelds moet word nie, maar in struktuur aanpas by moderne samelewing.*
- *Ek voel nie meer gemaklik om na iemand anders se interpretasies te luister nie. Ervaar ook nie die kerk as outentiek en opreg nie. Ek mis 'n opregte nederigheid waar die fokus op liefdevolle aanvaarding en inklusiwiteit is. Veroordeling is nog aan die orde van die dag en 'n "ons het die antwoord" gesindheid. My behoefte is 'n inklusiewe ruimte en aanvaarding.*

Peck (1993:183) maak die volgende opmerking wat dien as aansluiting by die bogenoemde opmerkings van die deelnemers:

> Perhaps the greatest sin of the Christian church has been that particular brand of arrogance, or narcissism, that impels so many Christians to feel they have got God all sewn up and put in their back pocket .... They don't realise the truth that God is bigger than their own theology.

### 3.4.3 Behoefte aan simboliek en rituele

Uit die response van die vraelyste en onderhoude, blyk dit dat die behoefte aan 'n outentieke vorm van spiritualiteit gevind word binne die mistieke. Hierdie mistieke beoefening van spiritualiteit sluit elemente in soos die gewyde atmosfeer wat geskep word deur die gebruik van simbole, kerse, ikone, die kunste en musiek.

Schutte (2006:1457) bevind in sy navorsing oor die relevansie van klooster tradisies as retreat binne die NG Kerk, dat daar "… a growing trend to mystic spirituality as a preferred spirituality" binne NG Kerk tradisie plaasvind. Ware (1995:113) merk ook op dat die huidige tendens in Amerikaanse gemeentes 'n sterk beweging na die affektiewe of spiritualiteit van die hart kenmerk asook 'n beweging weg van "... the intellectualism of many mainline churches … towards the mystic".

Weens die verwydering van simboliek en rituele uit die gereformeerde kerke, maak De Gruchy (1991:232) die opmerking dat dit 'n verarming in die lewe en getuienis van gereformeerde Christene tot gevolg gehad het. Clasen (2000:9) maak egter die stelling dat "mistieke spiritualiteit met al sy simbole" weer besig

is om veld te wen in die NG Kerk. Viljoen (2003:251) bevind in sy navorsing dat "ervarings, metafore, ikone en beelde [in] postmoderne tye, draers en vestigers van die waarheid" is. Die postmoderne mens het 'n soeke na ervaring en bied simbole en rituele 'n regterbrein-kommunikasie en veelsintuiglike dinamika (Viljoen 2003:249). Daar is egter 'n enorme verskil tussen dogma of geskrewe waarhede en simbole, ikone of metaforiese waarhede. Kotzé (2008) maak die volgende opmerking in die verband: "Woorde beperk en sluit eie betekenis uit – dit kritiseer ander se eie betekenis en ervaring. Daarteen maak metafore oop en skryf nie voor nie. Dit skep die ruimte vir eie ervaring en kritiseer dit nie."

Meditatiewe dienste word gekenmerk deur baie simboliek en rituele en die skep van 'n bepaalde atmosfeer is belangrike elemente van so 'n diens. Die volgende is response uit die vraelyste omtrent die redes vir deelname aan meditatiewe dienste:

- *Soeke na 'n intieme, mistieke atmosfeer in die kerk.*
- *Geniet die rustigheid en gewyde atmosfeer van 'n stil diens.*
- *In die stilte, omring deur die simbole – kruise, ikone, kerse, blomme ens en die mooi musiek – voel ek die teenwoordigheid van God.*
- *Ek ervaar God se teenwoordigheid in die stilte en musiek. Die diens is wonderlik!! – gestroop van alle pretensie en mense. Ek hou van die ou-kerkse rituele en musiek.*
- *My spiritualiteit word bevorder met die simbole (sigbaar) en musiek (evokatief) en die stilte.*
- *Ek hou van die rituele, stilte, kerse, nagmaal, chants.*
- *Die gewyde atmosfeer van stilte en musiek bring my nader aan God as 'n gewone diens.*
- *Ek hou van die aansteek van die kerse, die besonderse musiek en liturgie en in dit 'n besonderse belewing van God in die gewydheid.*

Uit die groepsgesprekke is verder hierop uitgebrei met die volgende opmerkings omtrent die deelnemers se behoeftes aan 'n mistieke spiritualiteit:

- *Die elemente wat in hierdie stildiens is, laat my geborge voel – die lig van die kerse, die simbole wat met my praat….Ek word keer op keer aangeraak deur die simbole – asof God self met my praat deur die simbole.*
- *Ja, ek stem saam. God openbaar homself baie keer in die detail en simbole. In hierdie diens is daar ruimte daarvoor en kom verras God ons elke keer daarmee deur 'n vloei wat plaasvind met die simbole en die Lectio Divina – dis amper soos 'n fyn goue draad wat deurloop.*
- *Vir my sit die kontemplatiewe tradisie 'n kreatiewe proses binne myself aan die gang en die simbole bied aan my die geleentheid om op 'n kreatiewe manier daarmee om te gaan.*

- *Ek het ’n behoefte aan die afwisseling van die verskillende rituele, soos die nagmaal, salwing en ook die “ontwikkeling” van nuwe rituele wat kan plaasvind.*
- *Ek dink dit is verder uiters noodsaaklik dat die persoon wat ’n stil en meditatiewe diens lei, self eers net kan stil raak en in diepe afhanklikheid gaan luister. Nie enige iemand kan dit doen nie, dit moet ’n persoon wees wat self ’n behoefte en ervaring van die mistieke het.*

Mense het ’n behoefte om self deel te neem aan die rituele. Hulle spreek ’n behoefte aan die misterie van God uit en net soos Viljoen (2003:103) in sy studie bevind, kan die liturgie mense spiritueel versadig deur deelname aan rituele.

### 3.4.4 Behoefte aan afsondering en stilte

Stilte het byna ’n onbereikbare ideaal in ons samelewing geword. Ons word daagliks oordonder deur inligting en geraas, verkeer en televisie. Muller (2001:10) beweer dat daar selfs in die kerk nog skaars ’n paar minute van stilte is - elke oomblik word in beslag geneem deur orrelmusiek, gemeentesang of die preek. Die gejaagdheid waarin ons blootgestel word, dryf egter mense na ‘n soeke vir afsondering en stilte. Müller (1990:112) haal ‘n studie van Adam aan wat in 1986 in Europa gedoen is en bevind is dat 50% van die ondervraagdes die behoefte uitgespreek het aan stiltes in die erediens. Müller (1990:112) beredeneer verder dat die behoefte aan stilte en besinning deur die kerk in berekening gebring moet word in die ontwikkeling van die toekomstige liturgie en “sal ons moet waak teen besige eredienste”.

Altesaam 24 van die deelnemers wat die vraelyste ingevul het, het stilte en afsondering beskryf as van die spiritualiteitspraktyke wat hulle beoefen; en 23 van die deelnemers wat al ’n retreat bygewoon het, het die soeke na stilte en afsondering as redes aangevoer vir die bywoning van retreats. Ek haal ’n paar van die stellings aan soos verwoord uit die response in die vraelyste:

- *’n Behoefte om nader aan die Here te leef en te onttrek van die daaglikse pligte en ’n paar dae net by die Here se voete te sit. Dit trek my op ’n misterieuse wyse aan om op ’n stilwees manier kontak met God te maak. As jy dit eers eenmaal gesmaak het, wil jy net meer en meer daarvan hê.*
- *My siel soek stilte. Tyd om deur baie dinge te werk in stilte. In die afsondering van ’n retreat is dit ook helend om aan niemand iets te moet verduidelik nie.*

- *Behoefte om net weg te kom van die gejaagde lewensstyl in die stad en in stilte in die natuur weer God te vind.*
- *'n Behoefte aan rustigheid en stilte – stilte om God se stem duideliker te kan hoor.*
- *Om in afsondering stil te word en die Woord en God te hoor – soveel duideliker as wanneer die alledaagse geluide en geraas om jou hoorbaar is.*
- *Tyd om ongestoord tyd deur te bring met die Woord en gebed en in stilte. 'n Mens kan jou nooit by jou huis so onverdeeld en gekonsentreeerd toewy aan die Here nie.*

Uit die fokusgroepgesprek met gelowiges wat 'n stildiens, aangebied deur die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit, bygewoon het, het 'n baie interessante gesprek ontvou. Vyf van die ses deelnemers aan die groepbespreking woon al die afgelope twee jaar die dienste by Stellenbosh op 'n gereelde grondslag by. Hulle is almal lidmate van die NG Kerk, maar woon hulle glad nie meer die tradisionele dienste in hulle onderskeie gemeentes by nie. Ek haal vervolgens 'n paar van die opmerkings aan wat na vore gekom het in die groepsgesprek:

- *Lyk vir my ons is in 'n tyd waar die Gees van God ons roep tot stilte – met al die informasie tegnologie – het ons stilte nodig en maak die Gees ons wakker om weer by ons wortels uit te kom....Dalk is ons in die tyd waarin die Gees van God ons wil leer van stilte. Ons moes dalk maar al die verskillende paaie geloop het – charismatiese pad ens en nou kom die Gees en sê, maar ek is ook in die stilte. Die Gees roep van ons en dalk die akademici om daaroor te skryf.*
- *My koms na hierdie dienste is gebore uit 'n behoefte aan stilte. Ek wil in stilte by God kan uitkom....Het moeg geraak vir daar waar ons in die openbaar geforseer word om by God uit te kom – dit het te erg geraak. So alleen gevoel in die geraas, maar hier voel ek deel van en in die stilte 'n konneksie met mense. In die geraas wil mens amper meer anoniem bly. Maar in hierdie ruimte kan ek tot ruste kom en daar word niks van my verwag nie.*

### 3.4.5 Behoefte aan 'n ervaring van God

Die postmoderne mens het 'n spirituele soeke wat dieper en op 'n meer gevoelsvlak lê en word die emosionele en die intuïtiewe belangriker (Sweet 2000:43). Volgens Rossouw (1993:900) is een van die uitdagings vir teologie in 'n postmoderne kultuur onder andere dat menslike gedrag nie eksklusief gemotiveer word deur onafhanklike rasionele denke nie. Dit beteken dat oorweging nie meer net geskenk word aan die inhoud van wat geleer word nie, maar ook aan die subjektiewe ondervindings van die leerder. Die kerk word in die verband uitgedaag om verskillende style van kommunikasie te ondersoek.

Daar moet spesifiek afstand gedoen word van 'n styl "that aims at downloading religious information on its members" (Rossouw 1993:900). Daar moet eerder gelet word op die behoeftes en ervarings van sy lede, "and which appeals to all their facilities and not solely to their intellect" (1993:901). Tydens die groepsgesprek maak iemand die volgende opmerking:

- *Ek soek sekere dinge, maar het nie altyd woorde om dit te omskryf nie – dit lê nie op die intellektuele, verduidelikende taal nie – dis 'n gevoelsvlak en 'n kreatiewe vlak. Binne die tradisionele kerk vind ek dit nie. Jy weet dus dat die ding wat jy het, is nie genoeg nie, so jy hou aan met soek. Ek dit gevind hier in die stildiens.*

Nicol (2000:196) stel dit duidelik dat in hierdie postmoderne tyd mense honger is vir emosie en verwys hy na emosies as "die loot vol belofte". Die charismatiese beweging, wat losser is van tradisie, kon makliker by die tydsgees aanpas. Alle gelowiges voel hulle egter nie tuis binne die charismatiese kerke nie. Een van die deelnemers noem in die vraelys: "Soek al lank na 'n dieper belewenis wat ek nie kon vind binne die charismatiese nie - te raserig."

Die behoefte aan 'n ervaring van God word wel duidelik uitgespel in die volgende aanhalings:

- *Behoefte om God anders te belewe – op 'n nuwe manier met God te verkeer.*
- *Geïnteresseerd in die nuwe terrein en wat dit sou oopbreek in my pad saam met God*
- *Soeke na 'n alternatiewe belewenis van spiritualiteit*

Schutte en Dreyer (2006a:1455) bevind wel dat 'n retreat "… facilitates a way of going beyond mere *knowledge* [outeurs se kursief] of God and religious truths to the *experience* of God and truth". Kontemplatiewe dissiplines begelei mense dus op die pad van 'n ontmoeting met God.

### 3.4.6 Behoefte aan persoonlike en geestelike groei

Volgens die model van Satura (1981:8), soos reeds verduidelik in Hoofstuk 1 (sien 1.2.2), is een van die behoeftes wat mense het, die behoefte na *enstase* of inkering. Nicol (2002:33) verduidelik dit onder andere as om "tot rus te kom in jouself". Dit is wel so dat die meeste mense vlug vir inkering. Die probleem is

onder andere dat mense se programme so besig is en die gejaag en kompetisiegerigtheid beroof mense om by die self en God uit te kom. Die moderne mens vlug vir hom-/haarself en verwaarloos sy/haar innerlike lewe wat kan aanleiding gee tot 'n gevoel van leegheid. "Geen wonder dat daar by baie 'n sterk behoefte is om hierdie verlore dimensie weer te ontgin", is 'n opmerking wat Nicol (1989a:49) maak. In hierdie studie is hierdie behoefte aan innerlike groei ook uitgespreek deur die deelnemers aan die navorsing. Die volgende is response uit die vraelyste omtrent mense se redes waarom hulle 'n retreat bywoon.

- *Wil graag geestelik vernuwe word.*
- *Behoefte om by God en myself uit te kom – groei geestelik en God beter te leer ken – 'n toegewyde lewe aan self, naaste, Hom.*
- *My verhouding te laat groei en te oordink en antwoorde in myself te soek.*
- *Ek soek na verdieping, groei en beter hantering van daaglikse stres.*
- *Verdieping te beleef in verhouding met God.*
- *Behoefte aan geestelike verreiking.*

Die volgende is 'n aanhaling uit een van die indiepte onderhoude:

- *Daar is 'n honger en mense is oorweldig deur die informasie tegnologie waarmee ons gebombardeer word en mense het amper hulleself verloor in hierdie aanslag van kompetisiegerigtheid en om te presteer. Ons het balans nodig om by onsself uit te kom. Hierdie spiritualiteit kom by die inkeerproses uit. Dit kan egter bedreigend wees vir mense wat "issues" het deur dinge te onderdruk en te ontken....In hierdie spiritualiteit stel jy jouself baie bloot. Dit is 'n bewuswordingsreis. Mens kan eers werklik weet wie jy is en by jouself uitkom as jy bereid is om daardie dinge in jou lewe te konfronteer. In hierdie reis na binne moet dit gebeur.*

Kontemplatiewe spiritualiteitsdissiplines maak die reis na binne, na ander en na God moontlik wat dus mense kan help in hulle vraag na persoonlike en geestelike groei. Die dissiplines van stilte, afsondering en meditasie kan onder andere mense begelei op die bewuswordingsproses van die self wat psigiese integrasie kan bevorder. Nicol (2002:36) noem:

> Hoe nader mens aan God kom, hoe nader kom jy aan jouself, want sy teenwoordigheid trek jou uit, sodat jy nakend by Hom is. Hier sê jy *ja* [Nicol se kursief] vir wie jy rêrig is, sodat die verskillende dele van jou persoonlikheid al meer met mekaar geïntegreer raak.

### 3.4.7 Behoefte aan 'n geestelike metgesel

Geestelike begeleiding is een van die grootste pastorale behoeftes vir vandag soos Leech (1986:25) reeds meer as twintig jaar gelede aanbeveel het. Dr. Riaan van der Merwe (2007) maak die stelling dat geestelike begeleiding mense in hulle geestelike reis kan voed en verdiep. Soos reeds in 3.2.3.3 het die navraag vir geestelike begeleiding of 'n geestelike metgesel toegeneem. Geestelike begeleiding is egter nog 'n relatief nuwe verskynsel onder Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges. Blootstelling en beskikbaarstelling van opgeleide geestelike begeleiers binne die gereformeerde tradisie is nodig. Dr Willem Nicol bied tans saam met 'n Katolieke non, Suster Mary Fisher, 'n twee jaar opleidingskursus in geestelike begeleiding in Pretoria aan. 'n Paar van die deelnemers in die vraelyste het genoem dat hulle 'n behoefte het aan 'n geestelike begeleier, maar nog te min daarvan weet. 'n Redelike klein persentasie (20%) van die deelnemers aan die navorsing, beskik oor 'n geestelike metgesel (sien 3.3.3). Deelnemers aan die vraelys noem: "Ek besef dis die volgende stap in my geestelike reis en ek moet daarby uitkom; Ek sal graag meer daaroor wil uitvind; Ek sal graag 'n geestelike begeleier wil hê."

### 3.4.8 Behoefte aan blootstelling en inoefening van die dissiplines

Nicol (2002:34-35) noem dat mense hulp nodig het om by die dissipline van stilte uit te kom en met inkering rustig te kan raak. Heelwat van die deelnemers aan die vraelyste het genoem dat hulle 'n behoefte aan meer blootstelling aan die verskillende dissiplines het. Hierdie blootstelling kan moontlik gemaak word deur gemeentes wat meer gereeld retreats aanbied of deur die aanbied van meditatiewe dienste. In aansluiting hiermee, word die behoefte ook uitgespreek dat hulle baie meer leiding nodig het om sekere van die dissiplines, soos byvoorbeeld meditasietegnieke en sentreringsgebed te beoefen en in te oefen. Die volgende opmerkings is deur die deelnemers aan die navorsing gemaak.

- *Behoefte om meditasiepraktyke aan te leer.*
- *Wil meer leer oor hierdie benadering – daarom het ek die eerste keer 'n retreat bygewoon*
- *Is nog so onkundig en wil nog BAIE meer leer en blootstelling hê.*

## 3.5 SAMEVATTENDE REFLEKSIE

Die huidige tendense binne die Afrikaanse gereformeerde konteks wys die toenemende pastorale behoefte vir die beoefening van die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit uit. In Brittanje word die kontemporêre spirituele klimaat ook onder andere gekenmerk deur 'n beweging na "....a search for the inner world, for meditation, silence and contemplative prayer (Leech 1977:29). Binne die Suid-Afrikaanse konteks, spesifiek onder Afrikaanssprekende gereformeerdes, is die aanbied van retreats en meditatiewe dienste aan die toeneem en is die navraag vir geestelike begeleiding ook meer. Binne die gereformeerde landskap is die elemente van stilte wel nog 'n vreemde konsep wat by sommige mense ongemak veroorsaak en word dit soms met agterdog bejeën. Nicol (2008b) maak egter die opmerking dat die kontemplatiewe elemente nuwe grond is wat deur die Here in die gereformeerde landskap ingebring word.

Die gelowiges wat deelgeneem het aan hierdie studie het 'n groeiende belangstelling in spiritualiteit en nie noodwendig vir dogma en godsdiens nie. Dit sluit aan by Sweet (2000:143) se beskrywing van die postmoderne era se "hermeneutics of participant-observation" en 'n liturgie wat getuig van "visible and tangible signs of bread, wine, water and oil" (2000:11). Mense het 'n behoefte om self aan die rituele deel te neem deur byvoorbeeld 'n kersie vir iemand aan te steek. Die hoofrede vir die bywoning van 'n retreat of meditatiewe diens, beskryf die deelnemers aan die navorsing, is om 'n ervaring van God se teenwoordigheid te hê. Daar was ook 'n sterk transformerende behoefte geïdentifiseer – 'n verwagting van persoonlike en geestelike groei, innerlike genesing en geestelike hernuwing. Hierdie ervarings word gebore uit die behoefte aan stilte en afsondering en om te onttrek uit die gejaagdheid van die lewe.

Uit die response is 'n definitiewe behoefte geïdentifiseer om meer gereeld retreats by te woon en deel van hulle geestelike reis te maak. So ook om die elemente van kontemplatiewe spiritualiteit soos stilte, meditasie en kontemplasie te inkorporeer as deel van hulle daaglikse omgang met God. Meeste vra egter vir leiding in die toepassing van die dissiplines, en veral hoe hierdie dissiplines beoefen kan word binne hulle normale, daaglikse besige skedules. Daar bestaan dus 'n behoefte vir leiding op die pad van die geestelike reis. Hierdie behoeftes is ook in Schutte (2006:182) se navorsing geïdentifiseer. In hoofstuk 5 maak ek 'n

paar voorstelle hoe daar binne die Afrikaanse gereformeerde landskap aan hierdie behoeftes aandag gegee kan word.

In hierdie navorsing is bevind dat die beoefening van die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit onder andere ’n ervaringselement van God vir mense oopmaak en vind heling en transformasie plaas. In die hoofstuk wat volg word hierdie aspekte bespreek aan die hand van die ervarings van Afrikaanssprekende gereformeerdes wat deelneem aan kontemplatiewe spiritualiteit.

# HOOFSTUK 4

## ONTDEKKINGS IN DIE LANDSKAP: ERVARINGS VAN AFRIKAANSSPREKENDE GEREFORMEERDES VAN KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT

*Where shall the world be found, where will the word resound? Not here, there is not enough silence.*

(TS Eliot)

*Julle krag lê in stil wees en vertroue hê.*

(Jes 30:15)

## 4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk fokus op die tweede doelwit van die studie, naamlik om in die lig van die pastorale behoeftes (wat in Hoofstuk 3 bespreek is) die ervarings van die deelnemers aan kontemplatiewe spiritualiteit te bepaal. ’n Verstaan van mense se ervarings van God, en in die geval van hierdie studie hulle ervaring van kontemplatiewe spiritualiteit, is noodsaaklik vir die veld van pastorale terapie. Die maak van hierdie stelling vloei voort uit die groot persentasie van die deelnemers wat hulle ervarings van kontemplatiewe spiritualiteitsdissiplines as helend en transformerend beskryf. Hierdie helende en transformerende kwaliteite word beskou as een van die doelwitte van pastorale terapie (De Jongh van Arkel 2000:188).

Die deelnemers se beskrywing van hulle ervarings word gebruik soos uit die vraelyste en onderhoude verkry. Die bespreking word ingelei deur die

deelnemers se ervaring van hulle eie spiritualiteit. Dit word gedoen aan die hand van hulle beskrywings van God; hulle ervaring van God se teenwoordigheid en die verskillende spiritualtiteitspraktyke wat hulle beoefen. Die tweede gedeelte van die hoofstuk fokus op die deelnemers se ervarings tydens retreats en meditatiewe dienste. Die ervarings wat in verskillende temas (Mason 2002:150-151) opgedeel is, word moontlik gemaak deur die aanwesigheid en beoefening van sekere elemente en dissiplines. Hierdie elemente en dissiplines word ook bespreek en ondersteun aan die hand van die stemme van outeurs op die gebied van kontemplatiewe spiritualiteit. In die laaste gedeelte van die hoofstuk word gelet op die tekortkominge van retreats en meditatiewe dienste waarvan aanbieders van hierdie praktyke kennis kan neem.

## 4.2 BESKRYWINGS VAN GOD

Mense ervaar God se teenwoordigheid in hulle lewens op verskillende maniere en op verskillende plekke. Ek glo dat elke persoon ’n persoonlike storie het van wie God is en dat binne ’n postmoderne teologiese perspektief daar altyd ruimte vir nuwe stories oor God is (Griffith 1995:124). Herholdt (1998:224) noem die volgende omtrent die doel van postmoderne teologie:

> [It] is not to provide a rational or exact explanation of God, but to point to coherence between our experience of God and the way we experience the world physically and morally.

Die term “God” hou sekere veronderstellings in. In die vraelys (sien vraag 6 in Addendum A) is die vraag spesifiek gevra omtrent mense se omskrywing van God. Binne die postmoderne teologie verskil elke persoon se beeld van God, maar sluit nie die gevoel uit nie dat “my God is also your God” (Herholdt 1998:225). God kan dus gesien word as “Divinity-in-Diversity: female/male, Black/White, and so forth” (Bons-Storm 1996:130). In my navorsingsreis was ek oop vir nuwe idees, beelde en sienings van God, omdat elke mens se verhouding met God uniek is. Postmoderne teologie het my gehelp om die “sekerhede” van my eie teologie en verstaan van God oop te hou vir die “... refreshing breezes of curiosity and wonder, in which multiple realities can coexist and relationships can evolve” (Griffith 1995:127). ’n Hele paar van die deelnemers aan die navorsing se Godsbeeld is minder dogmaties en intellektualisties en daar is selfs “new age”

beskrywings van God, soos "kosmiese energie", "my hoër self", "inwonende en omvattende Energie wat alles bevat", "Kosmos".

Die beeld wat ons van God het kan beskou word as een van die basiese boustene van ons spiritualiteit. Hierdie beeld is ook bepalend of dit tot 'n bevrydendende of beperkende spiritualiteit bydra (Frielingsdorf 2006:i). Tydens een van die onderhoude, beskryf die deelnemer hoe haar Godsbeeld baie beperkend was, maar hoe die bywoning van 'n retreat deur Denise Ackermann oor die tema "Images of God" vir haar 'n nuwe beleweniswêreld ontsluit het. Sy beskryf dit as volg:

- *Ek was nog in 'n woede stadium en was drywend toe ek my eerste retreat meemaak. Dit was deur 'n retreat wat Denise Ackermann aangebied met die tema 'Images of God'.... [D]ie feministiese teologie het vir my soveel nuwe moontlikhede oopgemaak ... en was die retreat ook 'n belewenis oomblik. Ek het nou maar altyd God as die Vader beleef en op die retreat moes ons deel hoe ons God beskryf. Teen my sin het ek toe maar besluit ek moet nou maar aanvaar dat my beeld van God, 'n Vader is, alhoewel ek nou so gestry het teen die paternalisme.... [Ek] het issues met my pa gehad en hy was 'n NG predikant. My Godsbeeld was gekontamineer en het ek 40+ jaar geworstel met die beeld. Maar haar hele retreat was dat God nie net 'n Vader is nie, maar daar is baie beelde, hy kan 'n Moeder wees, 'n God van wysheid.... [T]oe is dit nou heel groter as wat ek gedink het. Wat 'n bevrydende ervaring!*

Uit die vraelyste is daar ook die volgende opmerkings gemaak:

- *Ek is maar nog verward oor die term vir God, omdat God 'n ietwat patriargale gevoel het, maar energie en kragbron klink te pretensieus, so dan volstaan ek maar by God weens 'n gebrek aan iets meer inklusiefs.*
- *God is al deur jare so misuse en abuse, dus praat ek van Skepper, die Groot lewe, Being.*
- *Ek pas dikwels my term vir God aan by die gesprekgenoot om die ander nie te ontstel en/of begrip te bevorder.*

Uit die omskrywings van God en van die opmerkings hierbo genoem uit die vraelyste, sou ek baie graag nog verdere gesprekke omtrent mense se stories van hulle Godsbeelde wou ontsluit (Griffith 1995:127). Dit wil tog blyk uit die onderhoude dat bywoning van 'n retreat of deelname aan ander kontemplatiewe spiritualiteitsdissiplines wel 'n invloed kan uitoefen op mense se Godsbeeld. Vergelyk die bogenoemde aanhaling uit die onderhoud asook die volgende aanhaling uit 'n ander onderhoud.

- *Ek het nog altyd God as veroordelend en kwaai beleef ... en dat ek moet "regtrap" voor Hy my net gaan aanvaar. Ek kon die ding van onvoorwaardelike aanvaading en liefde in my kop verstaan, maar my hart het min daarvan ervaar.... Ek het tydens die bywoning van 'n retreat vir die eerste keer ervaar dat God my lief het as sy geliefde kind. Dit was 'n ongelooflike bevrydende ervaring!*

## 4.3 TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Van die vrae in die vraelys was: "Op watter maniere of waar ervaar u God se teenwoordigheid en invloed?" asook 'n vraag oor die beoefening van spiritualiteitspraktyke (sien vraag 7 en 8 in Addendum A). Die doel van hierdie vrae het gedien as agtergrond tot 'n beter verstaan van die deelnemers aan die navorsing se spiritualiteit. Praktiese teologie, waarbinne hierdie navorsing geposisioneer is, reflekteer onder meer oor die praktyke van die lede van 'n geloofsgemeenskap en die keuses wat hulle maak om uitdrukking en vorm aan hulle geloof te gee (Bons-Storm 1998:14).

'n Hele aantal van die deelnemers aan die navorsing beskryf hulle ervaring van God se teenwoordigheid in hulle lewe aan die hand van deelname aan sekere kontemplatiewe dissiplines wat onder meer stilte en afsondering, meditasie en die gewyde atmosfeer van 'n meditatiewe diens insluit.

Die grootste persentasie (33%) ervaar God se teenwoordigheid in die natuur met opmerkings soos: "By 'n sonsopkoms en sonsondergang se gloed"; "die berge en die see en wolke in die lug weerspieël God se almag en teenwoordigheid"; "in die natuur se kleure, geluide, vlug van 'n voël en seisoene, in die wind". Retreats word gewoonlik so ingerig dat dit in 'n omgewing is waar mense in die natuur kan inbeweeg. Die natuur word ingespan en gebruik tydens sekere oefeninge, soos byvoorbeeld "Op jou eie met jou bewussyn en die natuur" (Nicol 2008c). Die opdrag is om in die natuur te gaan stap, soveel as moontlik sintuie te gebruik en bewus te raak van alles rondom jou.

Uit die navorsingsdata blyk dit ook dat 'n hele aantal mense God se teenwoordigheid vind in die kunste soos musiek en die uitdrukking van kreatiwiteit. "Ek vind God baie keer in musiek en in die kunste," is 'n opmerking van een van die deelnemers. Anthonissen (2007b) maak die opmerking: "[Ek] het op die weg van kontemplatiewe spiritualiteit ... geleer dat daar dikwels meer

Godskennis opgesluit is in die kunste – met name die letterkunde, musiek en skilderkuns – as in baie preke en dogmas van die kerk." Sommige van die deelnemers aan die navorsing beskryf ook God se teenwoordigheid in die alledaagse – dinge wat daagliks om jou gebeur – "orals en gedurig, in elke asemteug," noem een van die deelnemers. Hierdie beskrywing van God se teenwoordigheid sluit aan by Gerard Hughes (1997:2) se opmerking: "God is in everything, closer to me than I am to myself."

## 4.4 SPIRITUALITEITSPRAKTYKE

Die spiritualiteitspraktyke wat deur meeste van die deelnemers beoefen word, sluit kontemplatiewe spiritualiteitsdissiplines in. Die volgende praktyke is gerapporteer uit die vraelyste en onderhoude in orde volgens die hoeveelheid response:

- Afsondering en stilte
- Meditatiewe wandelinge in die natuur
- Gebed en meditasie
- Bybelstudie – die Woord
- Bywoning van retreats
- Bywoning van meditatiewe dienste
- Luister na kontemplatiewe en aanbiddingsmusiek
- Skep van 'n gewyde atmosfeer deur kerse, musiek
- Besoeke aan 'n geestelike metgesel/*spiritual director*
- Stap van 'n labirint
- Lees van Christen-mistici se oordenkings
- Joernaalinskrywings en skryf soos digkuns
- Salwing
- "Drumming"
- "Holotropic breathing"

'n Studie wat in 1995 deur Bibby (aangehaal in Wulff 1997:5) gedoen is, bevind dat 52% van die respondente aan die navorsing erken dat hulle "spiritual needs" het. Op die vraag hoe hulle hierdie spirituele behoeftes bevredig, het net meer as die helfte genoem dat hulle dit doen deur meer konvensionele metodes soos gebed, kerkbywoning en deur ander te help. Die res was minder konvensioneel in

hulle response. Hulle het praktyke soos meditasie en refleksie genoem, en praktyke wat "a sense of wholeness or oneness with inner or outer awareness" bevorder.

## 4.5 ERVARINGS TYDENS RETREATS EN MEDITATIEWE DIENSTE

Die ervarings en belewenisse van die deelnemers aan retreats en meditatiewe dienste sluit bymekaar aan en daarom word dit saam bespreek. Die bespreking word gedoen aan die hand van spesifieke temas (Mason 2002:150-151) wat geïdentifiseer is.

### 4.5.1 Bewustheid en ervaring van God se teenwoordigheid

Schutte (2006:176) bevind in sy navorsing dat een van die hoofredes waarom mense ’n retreat bywoon, is om in die teenwoordigheid van God te wees en ’n geestelike ervaring te hê van "moving deeper into God's presence". Sommiges beskryf dit selfs as "an 'essential' way tot become aware of and experience the presence of God".

My navorsing ondersteun hierdie bevindinge. Die bewustheid van God se teenwoordigheid word as een van die belangrikste ervarings van ’n retreat en bywoning van ’n meditatiewe diens beskryf. Uit die vraelys beskryf die deelnemers die volgende omtrent hulle ervarings tydens ’n retreat:

- *Dit het diepte in geloof teweeggebring en my belewenis van die Heer se teenwoordigheid was/is soveel sterker.*
- *Ek ervaar ’n retreat as ’n afskakel van myself, my ego, en luister sodat ek bewus kan word van God se teenwoordigheid.*
- *’n Tyd van afgeslote en gefokusde aandag op God en myself in Sy teenwoordigheid. Dis ’n geleentheid van ’n onbelemmerde belewenis van die lewe wat God gee; belewenis van die natuur, inkyk in myself my verhoudings, ens.*

Die volgende beskrywings kom uit die vraelyste omtrent ervarings tydens ’n meditatiewe diens:

- *Ervaar die teenwoordigheid van God* [Ses deelnemers het dit so beskryf].
- *Dis baie meer intiem met ’n "dieper kyk" en dieper in God se teenwoordigheid.*
- *Kan hier in die teenwoordigheid van God tot rus kom.*

- *In die stilte en omring deur die simbole – kruise, ikone, kerse, blomme ens. en die mooi musiek – voel ek in die teenwoordigheid van God.*
- *Ervaar God se teenwoordigheid in die stilte en musiek.*
- *Wonderlike manier om rustig en stil te word met musiek en waar jy regtig die teenwoordigheid van die Here duidelik kan ervaar.*
- *Die atmosfeer en stilte en musiek bring my nader aan God as 'n gewone erediens – voel ook geborge.*
- *Ervaar met die aansteek van kerse, die besonderse musiek en liturgie 'n besonderse belewing van God in die stilte en gewydheid.*

Uit die fokusgroeponderhoude met mense wat 'n meditatiewe diens bywoon, is die volgende opmerkings gemaak:

- *Hierdie is soos 'n veilige hawe waar jy in die teenwoordigheid van God en absoluut die Gees van God kan beleef. Ek wil nie gaan teologie swot om meer kennis op te doen nie, maar wil eerder minder van daai kennis hê en meer van die belewenis. Hier, in die diens, kan ek in die stilte regtig deur die Gees van God aangeraak word. Wanneer jy so afhanklik in die teenwoordigheid van God is – dan kan die Gees self met jou praat.*
- *Ja, ek stem saam. Ek voel die ervaringslering is belangrik en dit kan nie net deur 'n preek gedoen word nie, maar hier in hierdie diens is daar meer van 'n ervaring en nie net sogenaamde "kennis" wat oorgedra word nie.*

Kontemplatiewe spiritualiteitsdissiplines kan onder meer mense begelei op 'n pad wat 'n ervaring en 'n ontmoeting met God moontlik maak en is dit van die behoeftes wat ook deur die deelnemers aan die navorsing uitgespreek word (sien 3.4.5). Sweet (2000:xxi), wat homself as 'n postmodernis beskou, onderstreep dat die rasionele klem op godsdiens na ervaring van die godsdiens moet beweeg. Fokus op kennis vir geloofsekerheid skuif na wat beleef word uit die persoon se verhouding met God. Hierdie klemverskuiwing van kennis na ervaring moet uitgebrei word na 'n deelnemende geloofshandeling waar die persoon praktyke beoefen wat die eie ervaring van God moontlik maak, soos byvoorbeeld stilte tydens 'n retreat of meditatiewe diens.

Magee (aangehaal in Schutte 2006:264) herinner pelgrims wat na 'n retreat gaan (of 'n meditatiewe diens bywoon) dat God self die ontmoeting met ons bewerkstellig:

> It is none other than Christ himself who calls us into retreat. He wants to meet us far more than we want to meet him. We may only want to rest, meet one another or meet with the retreat conductor. It is God alone and not the retreat leader who can lead us into silence and keep us in it.

Die genoemde response van die ervarings van die deelnemers aan die navorsing sluit by hierdie aanhaling aan.

### 4.5.2 "Luister" en "hoor" God se stem

In aansluiting by die ervaring van God se teenwoordigheid tydens 'n retreat en 'n meditatiewe diens, noem 'n beduidende hoeveelheid van die deelnemers aan die vraelyste en onderhoude dat hulle makliker na God kan luister en sy stem baie duideliker kan hoor tydens 'n retreat of 'n meditatiewe diens.
Die ervarings tydens 'n retreat word as volg beskryf:

- *Het geleer om die Bybel te oordink op 'n vars en nuwe manier en om so te kan hoor wat God van Homself sê en van my vra.*
- *Kon baie dinge vir die Here sê en na Hom luister.*
- *Beleef God en verhouding met Hom op 'n totaal ander vlak – geestelik verrykend – kan rus, kan luister en kan hoor.*

Die ervarings tydens 'n meditatiewe diens word as volg beskryf:

- *Dit is 'n plek waar die Here met my "praat".*
- *Kan God se stem in die stilte hoor.*
- *Die stil oordenking van elke Sondag se Skrifgedeelte beteken vir my meer as 'n preek. Kan Sy stem duideliker hoor soos wat ek die essensie van die Skrifgedeelte deel maak van my lewe.*
- *Ek vind dit baie bevredigend om toe te laat dat God só met my praat.*

'n Deelnemer aan die fokusgroep onderhoud beskryf die ervaring so:

- *Die feit dat jy so in totale stilte is, maak die Woord vir jou oop. Jy kry 'n geleentheid om so diep te kan luister na wat God sê. Dieselfde Skrifgedeelte kan op verskillende maniere met ons praat – in die veilige ruimte van die stilte haak jy aan by daardie gedeelte waar die Gees met jou praat.*

Dit blyk duidelik dat mense die werking van die Heilige Gees ervaar. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat elke persoonlike ervaring van God legitiem sou wees, vanweë die rol wat die Heilige Gees daarin speel.

### 4.5.3 Kom tot rus in God se teenwoordigheid

Deelnemers beskryf ook dat 'n retreat en 'n meditatiewe diens hulle die geleentheid bied om net tot rus te kom in die teenwoordigheid van God. Hulle

beskryf 'n ervaring van rus en vrede en 'n groter rustigheid wat hulle in hulleself kan saamdra. In 'n vraelys noem 'n deelnemer: "Ek dra die rustigheid geleidelik al meer en meer in my alledaagse lewe – kla selfs minder." Een van die deelnemers noem tydens die fokusgroeponderhoud die volgende:

- *Die stildiens is vir my 'n ruimte waar ek tot rus kan kom en waar daar niks van my verwag word nie. Dis regtig om deur God "bederf" te word.... Die stilte is amper te goed om waar te wees en die rustigheid bring jou tot by 'n plek van rus in God ... wat 'n wonderlike voorreg!*

Nicol (2002:127-128) maak die opmerking dat die beoefening van kontemplatiewe spiritualiteit iets vergestalt van "Let go and let God". Nicol haal die Middeleeuse Spaanse skrywer Johannes van die Kruis aan:

> Hou vol in gebed sonder om jou enigsins in te span ... laat jou siel vry en rustend ... wees tevrede met slegs 'n vreedsame aandag en liefde tot God ... so bly jy in die vreedsame stilte en soet ontspanning van kontemplasie.

### 4.5.4 Verkwikking van siel en liggaam

Hughes (2003:13) maak die opmerking dat Christelike spiritualiteit holisties en geïntegreerd moet wees – met ander woorde wat liggaam, siel en gees insluit. In die sielkunde word baie geskryf oor die liggaam/siel-konneksie en die konneksie tussen "psychological experience and physical ailments" (Moore 1992:158). Stres word die siekte van ons tyd genoem en as sielkundige is ek daagliks in my praktyk bewus van die verband tussen stres en fisieke siektetoestande. Angs en paniektoestande word veral in die liggaam ervaar en mense het tegnieke nodig om die liggaam te help ontspan. Wanneer 'n mens gespanne is, is jou asemhaling vlak en vinnig. Deur ritmies asem te haal, kan 'n mens jou asemhaling dieper en rustiger maak en terselfdertyd jou gemoedstoestand verander (Muller 2001:40). Die liggaam kan help om die mens se siel tot rus te bring deur gebruik te maak van ontspanningsterapietegnieke. Met die bywoning van Nicol se retreat (2008c) het ek geleer dat hy baie maak van ontspanning van die liggaam deur die inoefening van ontspanningstegnieke. Hierdie oefeninge lei mense in stilte in en is 'n voorbereiding vir meditasie. Nicol (2002:79) noem dat die ontspanning van die liggaam meer insluit, naamlik bevryding en heel word. Die bedoeling is dat liggaamlike en geestelike ervarings geïntegreer moet word

(2002:74). "Die ontspanning van die lyf en die geloofsrus in die kop behoort 'n goue spiraal te vorm: die lyf help die kop en die kop help die lyf" (2002:84).

Een van die behoeftes en ervarings wat die deelnemers aan die navorsing beskryf is "rus in God" (sien 4.5.3). Hierdie *rus* beteken tegelykertyd ook dat jou liggaam kan ontspan (Nicol 2002:74). Mense beskryf dat tydens 'n retreat hulle liggame die geleentheid kry om te kan ontspan en te rus. Opmerkings is gemaak soos: "Ek het verkwik na liggaam en siel gevoel na afloop van die retreat"; "Ek het van die retreat vertrek met hernude energie."

### 4.5.5 Helende en transformerende ervaring

Schutte en Dreyer (2006a:1453) maak die aanname dat "... 'monastic retreat' – though a relatively new phenomenon in the Dutch Reformed tradition – can become a source of regeneration and healing". Uit my navorsingstudie beskryf die grootste persentasie deelnemers aan die vraelyste en onderhoude die helende en transformerende eienskappe van die beoefening van kontemplatiewe spiritualiteitsdissiplines. Hierdie aspek hou noodwendig implikasies vir pastorale terapie in aangesien een van die belangrike elemente van pastorale terapie juis die transformerende en helende aspek in mense se lewens insluit (De Jongh van Arkel 2000:188). Goeie pastorale sorg, noem Gerkin (1997:88), "embodies the gospel in relationships by speaking to the inner being of individuals".

Dit is interessant om te let op die deelnemers aan die vraelyste se beskrywings van hulle ervarings van retreats en meditatiewe dienste as geestelik en persoonlik vernuwend en helend. Hulle ervaar ook 'n ontdekking van aspekte van die self en God. Volgens die model van Satura (1981) noem Nicol (2002:36) tydens die enstase-behoefte dat mense in stilte nader aan die ware self kom. Nicol gaan voort en beskryf dit as volg:

> Hoe nader 'n mens aan God kom, hoe nader kom jy aan jouself, want sy teenwoordigheid trek jou uit, sodat jy nakend by Hom is. Hier sê jy *ja* vir wie jy rêrig is, sodat die verskillende dele jou persoonlikheid al meer met mekaar geïntegreer raak.

Deelnemers aan die vraelyste beskyf hulle bywoning van 'n retreat as 'n helende en transformerende ervaring in die volgende woorde:

- *'n Retraite het my die geleentheid gebied om my verlede van 45 jaar gelede agter te laat en te vergewe vir dit wat met my gebeur het. Wat 'n helende ervaring. Dit was absoluut die moeite werd!*
- *Loskom van baie verbondenhede in eie psige, handel daarmee. Bring heling in psige.*
- *Dis 'n belewenis! Dwing jou om jou binneste skoon te maak. Die lyf leer ontspan, die kop leer minder raas!*
- *Dis so 'n positiewe ervaring van groei.*
- *Die retreat is 'n wonderlike ervaring en 'n vernuwing van my geestelike lewe. Dit dwing my om ook partykeer dieper te delf as wat ek andersins sou doen en dinge voor God te bring waarvan ek dalk self nie so baie van hou nie.*
- *Het met nuwe hoop en gedagtes by die huis aangekom. Moes belangrike dinge ook besef van myself – waaraan ek moet aandag gee wanneer ek terug is in die realiteite.*
- *Dit help my om myself beter uit te sorteer en my geestelik te verdiep.*
- *Ek het al 14 retreats bygewoon. Jaar na jaar buig God my en vorm my dat ek 'n ademlose verstomming kan terugkyk en passievol hunker om verder te stap in afwagting vir wat om die volgende draai lê. Deur die jare het ek geleer dat elke retreat 'n volgende leerfase is.*
- *Die stilte van 'n retreat dwing jou om jouself in die oë te kyk en oop te maak vir God.*

Gereelde bywoning van retreats kan op grond van die deelnemers se terugvoer beskou word as 'n effektiewe manier vir die skep van 'n veilige ruimte en tyd waartydens God se heling vir gebrokenheid ervaar kan word. So bied die ruimte binne 'n meditatiewe of stildiens ook die geleentheid vir transformasie en heling. De Waal (1989:21) maak die opmerking: "We all stand in need of healing, we are all seeking wholeness." Tydens die groepsonderhoud noem die deelnemers die volgende omtrent die helende ervarings tydens 'n meditatiewediens:

- *Ek het die Psalms herontdek en dit het soveel vir my oopgemaak met 'n baie dieper bewyssyn.... Ek smag na God en is biddend en soekend en hier in die stilte en die gewyde atmosfeer kom raak Hy my aan en bring genesing vir my wonde. Hier word die ruimte geskep waar God self kan kom werk met my en my kan aanraak met sy genesende teenwoordigheid.*

Tydens een van die onderhoude beskryf die deelnemer haar ervaring na haar eerste kennismaking met stilte en meditasie tydens 'n groepsessie.

- *Dit het vir my 'n terapeutiese waarde gehad. Ek het dit bygewoon in 'n tyd toe ek deur 'n moeilike fase gegaan het – met verskeurdheid in my eie lewe. Dit was die eerste keer dat ek daardie ervaring gehad het. Wat dominant was in my ervaring was die wonderlike verligting dat ek met my uniekheid, in my konteks met wie ek is – net kon wees. Ander lede in die groep het met hulle eie seer gesit – byvoorbeeld 'n vrou wat 'n kind verloor het en 'n baie gekompliseerde rouproses beleef het. Dit was haar konteks en ek het my konteks, dat elkeen in sy eie konteks letterlik bedien*

*is deur die Here, deur 'n Skrifgedeelte, in die stilte en in jou eie konteks, met ander woorde – jou verbeelde werklikheid was jou werklikheid. Daar was niemand wat kon sê, jy mag nie so voel nie of die Skrif sê eintlik so, jy lees dit verkeerd, maar dat dit die Heilige Gees is wat jou in jou konteks en waar jy op daardie oomblik was, bedien het. Dit was vir my 'n ongelooflike salwende, helende ervaring.... Het later 'n retreat bygewoon. Dis hier in die stilte waar jy God se liefde ervaar. Dit het soveel terapeutiese waarde. As jy die proses onderbreek, dan kan jy dalk daardie ongelooflike bestemming waar jy God werklik ontmoet, mis. Christus self is jou reisgenoot en binne die stilte kom jy by jouself uit... Op my eerste retreat het ek so God se liefde en salwing ervaar en jy doen niks om dit te kry nie. Behalwe die ongestruktureerde Skrifgedeeltes. Dit was ook 'n tyd waar ek begin worstel het en begin skop het teen resepmatigheid.... Het God op 'n afstand ervaar en die resepte wat vir my opgedis is, het nie vir my gewerk nie... .God was vir my amper 'n abstraksie wat ek nie in die werklike lewe kon ervaar nie. En toe die ervaring op die retreat. Kon toe vir die eerste keer ervaar my uniekheid en dat God nie wil hê dat ek iemand anders moet wees nie. Ek kan maar net ek wees – dis so bevrydend. Hierdie spiritualiteit is ook so sag – 'n sagte manier om by God uit te kom. Mense mag dit as bedreigend ervaar, maar God openbaar Homself op 'n sagte manier.*

### 4.5.6 Outentiek en soos 'n tuiskoms

Soos reeds in 3.4.2 beskryf, het mense 'n behoefte aan 'n meer outentieke vorm van spiritualiteit en beskryf 'n hele paar deelnemers aan die navorsing dat kontemplatiewe spiritualiteit vir hulle 'n egtheid en eerlikheid verteenwoordig. Drie van die deelnemers aan die vraelyste beskryf ook dat die kontemplatiewe spiritualiteit "voel na 'n tuiskoms na 'n jarelange soeke". Tydens die groepsonderhoud het die volgende gesprek ontvou:

- *Het jare nie meer kerk toe gegaan nie weens iemand wat vir my sê, dit werk so en dan werk dit nie vir my so nie.... Maar in 'n meditatiewe diens ervaar ek 'n soort eerlikheid ... jy moet self aan die dinge gestalte gee – aan God soos Hy* [sekere] *dinge die dag aan jou openbaar. Die ruimte word hier so geskep dat* [die persoon wat voorgaan] *daai ding respekteer wat God self in ons kom belê en waarmee onsself moet woeker.*
- *Ja, hier word die geleentheid gebied om uit meer dimensies na God te kyk. En die geleentheid word gebied om buite die boksie te dink en daar hoef geen "performance" te wees nie. Dit is 'n "authentic experience".*

## 4.6 DISSIPLINES EN ELEMENTE WAT DIE ERVARINGS MOONTLIK MAAK

Sekere prominente idees en voorstelle is deur die deelnemers aan die navorsing gemaak omtrent die belangrikheid van die dissiplines en elemente wat

teenwoordig moet wees om die ervarings moontlik te maak. In hoofstuk 2 is die onderskeie dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit bespreek en sluit die bevindinge van die navorsingsresultate aan by die nodigheid van die beoefening van hierdie dissiplines. Die aspekte wat belangrik is, sluit die volgende in: stilte en afsondering, die liturgie wat ryk moet wees aan simboliek, rituele, 'n gewyde atmosfeer deur kerse, ikone en meditatiewe musiek, begeleiding in *lectio divina,* meditasie en kontemplasie en laastens die leierskap rol van die persoon wat die retreat of meditatiewe diens lei. Geestelike begeleiding of 'n geestelike metgesel dra verder by om by 'n dieper ervaring uit te kom en geestelike transformasie te beleef. Hierdie elemente en dissiplines word vervolgens in meer detail bespreek.

### 4.6.1 Stilte en afsondering

Een van die belangrikste elemente en dissiplines vir die beoefening van kontemplatiewe spiritualiteit is stilte en afsondering. Byna al die deelnemers aan die navorsing beskryf die belangrike effek wat stilte en afsondering ontsluit.

- *Ek was verbaas wat in die stilte in my siel gebeur het – 'n venster van 'n ander manier van wees oopgemaak – en rus en vrede en insig.*
- *Dis wonderlik om so stil te raak en hope tyd te hê om op God se Woord te fokus.*
- *Die stilte en afsondering met God se Woord het my lewe verryk en betekenis gegee.*
- *'n Retreat is 'n goeie oefening in die dissipline van stil wees/afsonder.*
- *Was goed om stil te word en net op God te fokus – deur nie eens te praat nie. Die waarde van afsondering en stilte is beklemtoon.*
- *Dit is lekker om 'n ruimte te hê om stil te word en die dissipline in te oefen.*

Nouwen (1981:25) beskryf die dissipline van afsondering as 'n "furnace of transformation." Sommige mense ervaar diep insig in hulle innerlike pyn en "facing the demons" tydens episodes van afsondering, stilte en meditasie (1981:13-14). Johannes van die Kruis (1542-1591) verwys na hierdie episode van afsondering as die "dark night of the soul". Om "alleen" met God te wees, bring jou nader aan die helende teenwoordigheid van God en Foster (1980:90) beskryf dit as volg: "The dark night is one of the ways God brings us to a hush, a stillness, so that He may work an inner transformation upon the soul." Verdere waardevolle raad van Nouwen (1981:39) is om tydens periodes van stilte en afsondering juis al ons gedagtes, planne, idees, bekommernisse en projekte in diepe afhanklikheid in gebed voor God te bring. Die volgende pragtige aanhaling

van Keating (1998) omtrent die helende krag van stilte is die hoop wat ek vir my kliënte wil bied deur die beoefening van hierdie dissipline op 'n gereelde grondslag.

> The noise and frenetic character of modern life, the excessive chatter, so much information, so much entertainment – all of this has to quiet down inside of us. The greatest teacher is silence. To come out of interior silence and to practice its radiance, its love, its concern for others, its submission to God's will, its trust in God even in tragic situations is the fruit of living from your inmost center, from the contemplative space within. The signs of coming from this space are a peace that is rarely upset by events, other people and our reactions to them, and a calm that is a stabilizing force in whatever environment you may be in. God gives us everything we need to be happy in the present moment, no matter what the evidence to the contrary may be.

Soos reeds in 2.5 genoem is die potensiële gevaar van dissiplines soos stilte en afsondering dat dit slegs op die self ingestel en individualisties is. Een van die vrugte van stilte en afsondering is nietemin juis ook 'n dieper deernis en sensitiwiteit vir ander (Foster 1980:95). Merton (1961:42) skryf ook in die verband dat om jouself af te sonder beteken nie om nie meer die nood van ander raak te sien nie – afsondering maak dit juis moontlik.

### 4.6.2 Atmosfeer, rituele en simbole

Viljoen (2003:191) noem in sy navorsing dat van die mees onderbenutte potensiaal wat in rituele opgesluit lê, sekerlik die pastorale en terapeutiese aspekte daarvan is. Menken-Bekius (2001:61-105) beklemtoon die helende, transformerende en terapeutiese impak wat rituele in die pastorale konteks het. Pastorale sorg, volgens Gerkin (1997:82), moet nie net altyd geskied deur die medium van gesprekvoering nie. Simboliese aksies soos byvoorbeeld salwing en bediening van brood en wyn wat gemeenskaplik gedeel word deur die geloofsgemeenskap, moet deel vorm van pastorale sorg. So vind diep konneksies tussen lede van die geloofsgemeenskap plaas (Gerkin 1997:82). Keating (1996:3) beskryf rituele as "symbols, gestures, words, places and things that have sacred meaning". In studies gedoen deur James Pratt oor die sielkunde van godsdiens, bevind hy in 1950 dat daar baie helende krag opgesluit lê in "... the mental images, tangible objects, and ritual actions..." (aangehaal in Wulf 1991:508).

Tydens 'n meditatiewe diens word daar gewoonlik heelwat van rituele gebruik gemaak en word die atmosfeer ook so ingerig deur die gebruik van simbole en kerse (sien 3.2.3.1). 'n Hele aantal van die deelnemers aan die vraelyste en onderhoude het genoem watter helende ervaring rituele inhou asook die simboliese waarde van byvoorbeeld kerse, ikone, musiek en kuns. Uit die vraelyste omtrent die ervaring en rede vir bywoning van 'n meditatiewe diens kom opmerkings soos:

- *Ek kan elke keer nagmaal gebruik.*
- *Kan 'n kers vir iemand aansteek.*
- *My spiritualiteit word bevorder met die simbole (sigbaar) en musiek (evokatief).*
- *Ek hou so van die rituele, kerse, nagmaal, chants.*
- *Ek ervaar die aansteek van kerse, die besonderse musiek en liturgie as 'n besonderse belewing van God in die gewyde atmosfeer.*

Tydens die groepgesprek het die volgende gesprek ontvou:

- *Die elemente hier laat my geborge voel – die kerse, ikone.*
- *Ek is verantwoordelik vir die skep van die atmosfeer en die inspan van simbole vir die diens. Vir my is God in die detail en deur die skep van hierdie ruimte en deur die gebruik van die simbole kan ek daardie detail vir mense kom wys. Ek voel bevoorreg om my ook so te kan uitleef! Dit is 'n ander manier waarop God homself kom openbaar – in die detail, simbole.... [M]aar die liturgie vra 'n fyn goue draad. Jy kan nie net sommer vinnig 'n klomp goed kom saamflans nie, jy moet hoor wat die Here wil kom doen deur die simbole en rituele. Ons wissel dit af – die rituele van nagmaal, salwing en kersseremonie. Die rituele ontwikkel ook maar soos ons aangaan – nuwes ontstaan, hang af wat die tema is en waar ons in die kerklike jaar is. Deel van die liturgie moet dus altyd 'n ritueel wees.*
- *Wow, en het hierdie rituele en simbole wat jy so saamstel al met my gepraat!* [In respons op vorige opmerking]. *Ek ervaar regtig hoe God met my kom praat en dis 'n helende ervaring.*
- *Vir my sit die kontemplatiewe tradisie 'n kreatiewe proses in jouself aan die gang en die simbole bied aan jou die geleentheid om op 'n kreatiewe manier daarmee om te gaan.*

Tydens een van die onderhoude vertel die deelnemer wat haar ervaring was tydens 'n retreat waar 'n heelmakingsritueel gebruik is:

- *Die vlak van simboliek en simbole het so met my gepraat tydens 'n retreat... .[D]it was oor die genesing van die man by die bad van Bethesda. Daar was 'n bak met water en 'n takkie wat die bad van Bethesda verteenwoordig het. Sy* [die retreatleier] *het ons gelei deur 'n*

> *meditasie en ons kon toe die water self roer – die water wat genesing bring. Die simboliese handeling – dis verby die rede – dis 'n "whole body" ding. So daardie soort rituele praat ook ongelooflik met my. Dit bring soveel bevryding en die eenvoud daarvan. Sekere ander rituele ook op die retreat, byvoorbeeld, skryf jou wonde neer en verbrand dit. Dit werk dieper as die formules en meer op 'n belewenisvlak en dit is dit wat jy onthou. Want die formules is baie meer in jou kop, maar die belewenis en gevoel kan jy nie manipuleer nie. Die eenvoud van dinge praat meer met my.*

Schutte en Dreyer (2006b:1457) vat die rol wat rituele as helende en transformerende aksie in mense se lewens kan speel as volg saam:

> Ritual as a way of expressing oneself can become a vehicle by which to come to know oneself better or to rediscover life and the meaning of life.... [R]itual structures people's lives within time and space and provides a bridge between the inner-world of emotions, passions and desires and the surrounding outer-world of actions, people and environment.

Sweet (2000:86-88) maak verder 'n duidelike saak daarvoor dat postmoderne mense gemaklik voel in kommunikasie wat ryk is aan beelde ("image"), stories en metafore en dat dit binne die liturgie die potensiaal het om kernwaardes en spiritualiteit te transformeer en te vestig.

### 4.6.3 *Lectio,* meditasie en kontemplatiewe gebed

Binne die postmoderne wêreld spreek al hoe meer mense die behoefte uit om self God se stem te hoor (sien 3.4). Heelwat literatuur (Nicol 1989a:59; Foster 1980:19; Merton 1961:106; Satura 1981:71) beskryf meditasie as een van die maniere om in die teenwoordigheid van God te kom. Volgens Foster (1980:19) is dit egter vir sommige mense moeilik om te glo dat hulle self God se stem kan hoor en is hulle baie keer na 'n tussenganger op soek. So word die dominee gesien as die persoon wat meer direkte kontak met God het en vertrou mense amper nie hulle eie verhouding met God nie. Die praktyke van *lectio divina, meditatio, oratio* en *contemplatio* (sien 2.6.3 – 2.6.6) kan hierdie direkte kontak met God moontlik maak. Daar vind 'n voortdurende vloei tussen hierdie elemente plaas as deel van die kontemplatiewe leefstyl "in which the Centre of being filters and saturates everything else that is encountered and experienced" (Schutte 2006:417).

'n Interessante gesprek het ontvou tydens een van die onderhoude. Die deelnemer beskryf hoe belangrik dit is dat mense bemagtig moet word om self met die Woord en God om te gaan en die genesende uitwerking wat dit kan hê. Sy beskryf hoe die dissiplines van *lectio* en meditasie mense in die proses kan help:

- *Mense is soms bang om in stilte met God en die Woord te verkeer. Hulle vertrou amper nie hulleself om self deur sekere dinge te werk nie. Hulle soek 'n "quick fix" en iemand van buite wat sê doen so en doen so. [Ek] dink as pastorale terapeute kan mens mense aanbeveel om op 'n retreat te gaan en selfs net 'n paar beginsels van byvoorbeeld meditasie of stil gebed aan te leer.... [O]p daardie manier uit te kom by die Here.. .[d]ie Woord te oordink en vir jouself tyd te gee, [d]ie Lectio aan te leer.... Dit kan geweldig help vir gelowige mense en ek dink dit kan regtig vir baie mense genesing bring. Dit bemagtig mense om vry met die Bybel en die Here om te gaan en dis nie die sogenaamde "expert" wat vir jou sê hoe jy moet dink nie. Dink baie lidmate wil nog met melk gevoed word.... [Hulle] weet nie daar is meer nie, want hulle is nie bemagtig om self met die Woord om te gaan nie en dit is hartseer. Die kerk het ons so geleer.... [Die] predikant weet mos die antwoord. Mense voel hulle kan nie self by God uitkom nie. Vir my gaan dit egter oor jou verhouding met God. Mense het egter nie 'n ervaring en belewenis van God nie.... [Hulle] voel hulle is invalides en soek 'n ekspert wat hulle moet help om in die hemel te kom en besef nie daar is nie 'n tussenganger nodig nie. Die kerk moet 'n ruimte vir spiritualiteit skep.... Ek dink die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit kan hierdie [ruimte] vir mense skep. Daar is al te veel mense seer gemaak deur die kerk en is dit tyd dat mense self moet gaan hoor wat God vir hulle persoonlik wil sê.*

Schutte (2006:414) som die belangrikheid van *lectio divina* as volg op:

> The practical and expressive dimensions of *lectio divina* have the potential to open the eyes/ears of the heart for another horizon and to direct it to a more intimate, relational, holistic way to become immersed in the text and in God whilst reading and reflecting on it. It opens a window to spiritual nourishment on different levels of being for example sense, feelings, reasoning, and the heart uniting them in the search for God's presence.

Binne die beoefening van kontemplatiewe spiritualiteit is dit belangrik dat meditasie en gebed oor *Skrifgedeeltes* sentraal moet staan en is dit ook die behoefte soos uitgespreek deur die deelnemers aan hierdie navorsing. Een van die deelnemers aan die groeponderhoud merk op: "Vir my is dit belangrik dat die *Lectio Divina* altyd deel van die liturgie tydens 'n stildiens moet wees – die Skrif moet dus altyd sentraal wees." Outeurs soos Satura (1981:71), Nicol (1989a:59)

en Foster (1992:148) is dit eens dat in die praktyk van meditasie, die Skrif die belangrikste aspek vir Christelike meditasie is.

Nicol (2001:109) verduidelik die proses van meditasie en om verby die gedagtes te beweeg met die doel om by God self uit te kom aan die hand van die volgende diagram.





**Diagram 5**

Die boontste gedeelte van Diagram 5 stel Bybellees voor. Die gedagtes is nog baie en die ervaring of belewenis nog nie so diep nie. Tydens Skrifmeditasie word die aandag baie meer vernou en lei dit tot ’n verdieping van ons bewussyn oor ’n sekere saak. In die skerp punt van die driekhoek gaan dit dan nie meer oor jou gedagtes nie, maar oor God self. Nicol (2001:110) beskryf dit so: “Die aandag word tot die minimum vernou, sodat jou bewussyn maksimaal oopgestel word vir [God] se teenwoordigheid.”

Sielkundiges het probeer navors waarom meditasie bewussynsverdieping moontlik maak. Een van die verklarings waarop van hulle afgekom het, is dat die blote uitskakeling van aktiwiteit dikwels tot bewussynsverruiming lei volgens die Skadinawiese navorser Hjalmar Sundén (Nicol 1989b:36-37).

Op die vraag waarom dan mediteer, is Muller (2001:79) se antwoord eenvoudig, “om genees te word”. Meditasie is die begin van ’n pad wat op geestelike integrasie kan uitloop. Meditasie is dikwels die voorspel tot diep insig in probleme

waarmee mense op ’n spesifieke stadium mee worstel. Nicol (1989a:49-52) gee ’n baie goeie verduideliking van die psigiese prosesse wat met meditasie gepaard gaan. Die proses van meditasie maak kontak met die dieper lae van die psige moontlik. Hierdie kontak met die dieper lae van die psige tydens die meditasieproses gee ook aanleiding tot ’n fyner waarnemingsvermoë en verhoging van kreatiwiteit. Nicol (1989a:49-50) verduidelik dit verder as volg:

> Verdronge vrese, herinnerings en ander emosies kom in jou bewussyn op, en as jy hulle in die oë kyk en aanvaar, bevorder dit jou psigiese integrasie en rustigheid.... [M]editasie [help] ... om nie-analities met ’n saak om te gaan, om die wese daarvan te skou, om nie net met die rede te ken nie, maar ook met die intuïtiewe vlakke van jou psige.

Jung ([1964]1978:1-59), een van die bekendste psigoloë wat met die dieptes van die onderbewuste gewerk het, het ondervind dat ’n ontmoeting met die onderbewuste genesend kan wees. Hy het dit ook as ’n ontmoeting met God beskou. Jung het ’n groot bydrae gelewer om die verband tussen godsdiens en sielkunde te omskryf. Leech (1986:55) noem die volgende omtrent Jung se bydrae: “In most of his writings, C G Jung was using categories of understanding and interpretation which seemed to overlap with those of theological discourse.” Skrywers soos Nouwen (1981:78) en Merton (1961:2) verwys na die diepte van die psige en dat God in die dieptes met ons praat.

Nicol (1989a:53-54) spreek egter wel kritiek uit teen van die 20ste-eeuse Rooms-Katolieke skrywers wat die innerlike so vergoddelik dat “meditasie maklik ’n weg van selfverlossing [word] waarin die stilte die genade verdring en ervaring die geloof”. Foster (1992:149) skryf ook dat tydens meditatiewe gebed “... we are [rather] called to life-transforming obedience because we have encountered the living God of Abraham, Isaac, and Jacob. Christ is truly present among us to heal us, to forgive us, to change us, to empower us.” Tydens ’n onderhoud met Thomas Keating (Olsen 1995) omtrent die proses van kontemplatiewe gebed wat hy “divine therapy” noem, antwoord hy:

> I call it divine therapy because it’s not just a relationship, a friendship, but it’s also a medicinal relationship. Jesus said, “I am a physician, and those who need a doctor should come to me.” Contemplative prayer is really the healing of body, mind, and spirit.

### 4.6.4 Geestelike begeleiding/metgesel

Geestelike begeleiding word deur 'n hele paar outeurs (Merton 1960; Keating 1995a, 1997; Foster 1980; Nouwen [1975]1996; Leech 1986) as een van die belangrike elemente in kontemplatiewe spiritualiteit beskou. Leech (1986:25) voer aan dat die geestelike begeleier 'n noodsaaklike rol speel in "connecting the corporate fellowship with the individual needs of unique, but often perplexed and undernourished souls". Die verdere rol van die geestelike begeleier is volgens Foster (1980:159) om mense te begelei na die ware Begeleier. Hy (1980:160) noem verder: "Spiritual direction is concerned with the whole person and the interrelationship of all of life." Tydens die proses van geestelike begeleiding vind 'n verdieping en voeding van siel en gees plaas. Die volgende is van die response van deelnemers aan die navorsing wat 'n geestelike begeleier het:

- *Dit is vir my ondersteunend en bevrydend.*
- *Baie positiewe ervaring en laat my altyd dieper gaan en dink.*
- *Gee vir my perspektief oor aspekte in my lewe – ek groei elke week en leer.*
- *Dit bied my die geleentheid om ervarings te bespreek.*

Nicol (2008a) gee die volgende nota uit aan mense wat belangstel om hom te kom sien vir geestelike begeleiding:

> Die doel van my geestelike begeleiding is die bevordering van jou eie geestelike reis. Dit gaan oor hoe jy jou verhouding met die Here ervaar en oor wat die Here aan die doen is in jou lewe en persoonlikheid. Dws.ons werkwyse is psigo-spiritueel in die sin dat ons ook na jou persoonlike ontwikkeling kyk as deel van jou spirituele ontwikkeling. Hoofsaaklik loop ek nie voor jou uit nie, maar agter jou aan om jou te help sien en ervaar.

## 4.7 TEKORTKOMINGE TYDENS RETREATS EN MEDITATIEWE DIENSTE

Die vraag is in die vraelys gevra wat mense as tekortkominge tydens 'n retreat en 'n meditatiewe diens ervaar. Die tekortkominge hou sekere implikasies vir die ontwikkeling van kontemplatiewe praktyke in. Aanbieders van retreats en meditatiewe dienste kan kennis neem van hierdie tekortkominge vir hulle eie beplanning en aanbieding van hierdie praktyke. Die volgende response ten opsigte van tekortkominge tydens retreats is aangeteken:

- *Altyd te kort. Twee dae (naweek retreats) is net nie genoeg tyd om regtig in die stilte te kom nie.* [Vyf deelnemers].
- *Geniet nie die kleingroepbesprekings nie. Te veel gemaak van die "deelsessies" – soek meer stilte; minder praat.* [14 mense het genoem dat hulle nie die kleingroepbesprekings positief ervaar nie].
- *Die grootte en aard van die groep is belangrik. Te groot groepe maak die stilte moeilik.*
- *Te veel lesings en kennis oordrag van aanbieder.*
- *Soek geleentheid vir persoonlike gesprek met die leier.*
- *Soms is struktuur te veel.*
- *Het begeleiding nodig om die stilte te betree – daar moet dus genoeg tyd vir stilte te wees.*
- *Sou graag meer kontak met ander retreaters wil hê.*
- *Soek geleentheid om ook meer met ander te deel, maar tog is die stilte-element belangrik.*
- *Wens my gemeente kan retreats aanbied.*
- *Sou graag eerder 'n individuele retreat wil meemaak waar ek nie hoef te deel met die ander nie en deur die ander gesteur word nie.*

Tekortkominge tydens meditatiewe dienste:

- *Nie alle predikante kan dit aanbied nie. Dit moet deur iemand gedoen word wat self die dissiplines beoefen en 'n aanvoeling het. Nog te veel predikante wil 'n "preek" gee. Leiding van 'n meditatiewe diens is 'n kuns.*
- *Soms te veel kreatiwiteit en musiek en te min geleentheid vir kontemplatief wees.*
- *Stiltes kan langer wees – ten minste 10 minute.*
- *Moet meer dienste in kerke hou sodat mense blootstelling daaraan kan kry.*
- *Daar is nog te min belangstelling, want te min mense weet daavan en is onkundig oor wat daar gebeur. Meer blootstelling nodig.*

Dit blyk dat mense 'n behoefte het aan langer periodes van stilte tydens retreats en selfs meditatiewe dienste. Hulle beskou 'n retreat en meditatiewe dienste as 'n ruimte waartydens die dissipline van stilte beoefen kan word. 'n Groot persentasie (52%) verlang langer periodes van stilte tydens 'n retreat. Terselfdertyd is daar wel ook 'n behoefte aan meer kontak met die mede-retreaters hoewel slegs 'n klein persentasie (11%) dit noem. Tydens die fokusgroeponderhoud het dit egter wel aan die lig gekom dat daar waarde is in die deel van geloofstories met mekaar in groepverband (sien 5.4.5). Tydens die werksessie met Nicol (2008c) omtrent die samestelling van retreats, het die aanbieders van retreats verwys na luistergroepe wat aan retreaters die geleentheid bied om met mekaar te deel. Die luistergroep funksioneer op die beginsel van slegs luister na mekaar sonder die bediening van raad of die lewering van enige kommentaar. Dit sou dalk van belang wees dat die reëls

omtrent die funksionering van so 'n groep elke keer verduidelik word en dat iemand in die groep verantwoordelikheid neem om te voorkom dat dit 'n besprekingsgroep word. Aanbevelings word verder in 5.4.5 gemaak vir terapeutiese groepbyeenkomste waartydens die beginsel van *koinonia* ondervang kan word.

Struktuur, die gebrek of oormaat daarvan, is 'n verdere kwessie wat as tekortkominge tydens retreats genoem word. Tydens die werksessie (2008c) saam met Nicol, is tot die slotsom gekom dat struktuur wel aangebied moet word, maar dat dit slegs as riglyn dien. Deelnemers aan 'n retreat het die keuse om daarvan gebruik te maak al dan nie. Voorsiening moet altyd gemaak word om die verskillende persoonlikhede van mense te akkommodeer in die samestelling van 'n retreat. Dr Riaan van der Merwe noem egter tydens die werksessie dat die retreatleier egter altyd onderskeidingsvermoë aan die dag moet lê en self baie fyn ingestel moet wees op die influisteringe van die Heilige Gees. Die voorbereiding deur die leier is uitermate belangrik en soos een van die deelnemers aan die navorsing ook tereg noem, is dit belangrik dat die leier self ingegrawe moet wees in die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit.

'n Paar verdere kern-idees en voorstelle word in hoofstuk 5 gemaak vir die toepassing van kontemplatiewe dissiplines en ook as moontlikhede vir verdere navorsing.

## 4.8 SAMEVATTENDE REFLEKSIE

In hierdie hoofstuk is uitgewys in watter mate die beoefening van kontemplatiewe spirituele dissiplines soos retreats, stilte, meditasie en kontemplasie 'n helende en transformerende invloed op mense uitoefen. Hierdie dissiplines help om die outentieke bewustheid van God se teenwoordigheid in jouself te ontdek. Die beoefening van die verskillende dissiplines skep 'n ruimte vir transformasie en bekering waar die ou self doodgaan en die nuwe persoon uit die smeltkroes van God se teenwoordigheid verskyn. Die empiriese data wys daarop dat mense bewus raak van die teenwoordigheid en die aansporing van die Heilige Gees en sommiges ervaar heling en herlewing. Ander beskryf dit as 'n lewensveranderende ervaring en 'n nuwe verbintenis met God en om meer

bewustelik in sy teenwoordigheid te leef. Atmosfeer, simboliek en beoefening van rituele speel ’n belangrike rol in die ervaring.

In die laaste hoofstuk reflekteer ek oor die navorsingsreis en die ontdekkings wat ek in die navorsings- en spiritualiteitslandskap gemaak het. As pastorale terapeut en sielkundige het ek veral die terapeutiese en helende waarde van die beoefening van die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit ontdek. Dit was bowenal vir my ’n geestelik verrykende reis waarvoor ek vir ’n hele paar mense wat rigtingaanwysers op my pad was, baie dankbaar is. Die hoofstuk word op ’n gepaste wyse afgesluit deur die stemme van die deelnemers aan die navorsing wat die navorsingsreis moontlik gemaak het en aan wie ek die meeste dank verskuldig is.

# HOOFSTUK 5

## DIE EINDE VAN DIE REIS: REFLEKSIES IN DIE LANDSKAPPE

*Everything that happens within us, every thought, every act of will, has cosmic repercussions, and affects all creation, for better, for worse, for richer, for poorer.*
(Gerhard Hughes 1997:201)

### 5.1 INLEIDING

Die skryf van die laaste hoofstuk van hierdie navorsingsreis, vra vir 'n tyd van refleksie. Volgens Wolcott (1992:52) raak 'n navorser slegs bevoeg in navorsing "by engaging in it and reflecting on it". Ek dink aan die landskappe waarin ek myself tydens hierdie navorsingsreis bevind het. In hierdie hoofstuk reflekteer ek oor die ontdekkings wat in die navorsings- en spiritualiteitslandskappe gemaak is. Die refleksies word gedoen aan die hand van drie temas: refleksies oor die navorsingsmetodologie, refleksies oor die navorsingsvrae en laastens die effek van die navorsing op my as navorser.

My belangstelling in hierdie studie het voort gespruit uit my eie geloofsreis na die ontdekking van kontemplatiewe spiritualiteit as 'n helende vorm van spiritualiteit. In die terreinverkenning aan die begin van hierdie navorsingstudie (sien 1.1), noem ek dat die soeke na stilte en kontemplasie by Afrikaanssprekende gelowiges van gereformeerde belydenis, aansienlik oor die afgelope tyd toegeneem het. Die vloedwaters van die Gees is in hierdie tyd weer besig om die kontemplatiewe landskap oop te spoel en die skatte wat vir eeue begrawe was, vir veral, gereformeerde gelowiges, oop te maak. Die doel van die navorsing was dus om deur middel van 'n empiriese studie die pastorale behoeftes en ervarings van Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges wat betrokke raak by kontemplatiewe spiritualiteit, te bepaal. As praktiserende sielkundige en pastorale terapeut was ek verder nuuskierig om vas te stel welke helende en transformerende terapeutiese waarde en implikasies die beoefening van kontemplatiewe dissiplines het. Die navorsingsvrae soos uiteengesit in hoofstuk 1 (sien 1.2) was:

a) Wat is die pastorale behoeftes van Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges wat betrokke raak by kontemplatiewe spiritualiteit?
b) Wat is die ervarings van Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges wat betrokke raak by die praktyke van kontemplatiewe spiritualiteit?

c) Watter implikasies hou hierdie pastorale behoeftes en ervarings van kontemplatiewe spiritualiteitspraktyke vir pastorale terapie en ander hulpverleningsprofessies, soos byvoorbeeld die sielkunde, in?

Die empiriese data omtrent die pastorale behoeftes en ervarings van die deelnemers aan die navorsing is onderskeidelik in hoofstuk 3 en 4 bespreek. Die bespreking omtrent die implikasies vir pastorale terapie en ander hulpverleningsprofessies is interverweef in die bespreking in hoofstukke 3 en 4. Enkele kern-idees omtrent hierdie implikasies word ook in hierdie hoofstuk saamgevat.

Hierdie studie dien egter nie as die laaste woord omtrent die onderwerp nie. Die hoop word uitgespreek dat dit juis nuwe gesprekke op die gebied van spiritualiteit, veral binne die gereformeerde konteks, sal oopmaak. Die ondersoekende aard van die navorsing het die proses oopgemaak vir tentatiewe moontlikhede. Volgens Gerkin (1986:128) is die proses van navorsing 'n "ongoing process that should never be allowed to become static, as if completed". Aan die einde van die navorsingsproses is daar dus nog altyd aspekte wat nie ten volle ondersoek is nie en implikasies van dit wat bevind is wat nog nie ten volle ontwikkel is nie. Ek word dus gelaat met 'n hele aantal vrae en onondersoekte onderwerpe wat vrae vir verdere studie deur ander wat nuwe ondervindinge en perspektiewe na die werk kan bring. In die gees van hierdie deelnemende poging van voortgesette dialoog oor die onderwerp, sal daar in hierdie hoofstuk sekere kern-idees saamgevat word en 'n paar voorstelle gemaak word (sien 5.5).

## 5.2 REFLEKSIES BINNE DIE NAVORSINGSLANDSKAP: DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE

In hierdie gedeelte reflekteer ek oor die navorsingsmetodologie en -proses wat gevolg is soos uiteengesit in hoofstuk 1 (sien 1.4, 1.6.1). Bondige verwysings na die proses wat gevolg is, word gemaak en word die bespreking aangevul met insigte waartoe ek gekom het tydens my refleksies oor die proses.

### 5.2.1 Fenomenologiese kwalitatiewe navorsing

Kwalitatiewe navorsing wat gemoeid is met die sosiale aspekte van die wêreld en hoe dit deur bepaalde individue beleef en ervaar word (Merriam 1998:6) is ingespan om die individuele opinies, ervarings en belewings van die deelnemers aan die navorsing te bepaal. Soos dit deur fenomenologie beskryf word, is in hierdie studie betekenis gegee aan die pastorale behoeftes en ervarings van Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges oor kontemplatiewe spiritualiteit. Hierdie is unieke, persoonlike behoeftes en ervarings wat gebaseer is op die deelnemers aan die navorsing se subjektiewe leefwêreld. Die gebruikmaking van ′n fenomenologiese ontwerp het my in staatgestel om ′n indiepte-beskrywing te gee van wat Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges se pastorale behoeftes en eerstehandse ervarings van kontemplatiewe spiritualiteit is. In hoofstuk 3 en 4 is direkte aanhalings van die deelnemers aan die navorsing gegee in ′n poging om die essensie van wat hulle behoeftes en ervarings van kontemplatiewe spiritualiteit is, vas te vang. Hierdie aanhalings is as basis gebruik vir die data wat in die kwalitatiewe ontledings gebruik is.

In my refleksie oor hierdie proses beskou ek die beperkte kontak tussen my as navorser en die deelnemers aan die navorsing, as ′n tekortkoming. Weens die ondersoekende aard van die navorsing (sien 1.6.1), was dit vir my soms ′n "onpersoonlike" proses. Die onderhoude het wel "persoonlike" kontak moontlik gemaak, maar was dit eenmalige kontak. E-pos korrespondensie tussen my en die deelnemers aan die onderhoude het verdere kontak bewerkstellig, maar was ek besorg om nie mense die heeltyd "lastig" te val met vrae en om inbreuk te maak op hulle tyd nie. Ek het dus soms "alleen" gevoel in die navorsingsproses. Hudson (2000:94), ′n kwalitatiewe navorser geposisioneer in ′n narratiewe benadering, het tot die volgende insig gekom tydens die refleksie oor sy navorsingsproses: "I learnt that making the research process a shared activity enriched the participation of those involved and made it more meaningful." Ek het my beperk tot die eenmalige kontak met die onderhoude en in retrospek sou ′n terapeutiese groepbyeenkoms en/of individuele opvolgonderhoude my waarskynlik by dieselfde ontdekking as Hudson kon bring. Ek was egter geïnteresseerd om ′n groter aantal deelnemers tot die navorsing te betrek deur die gebruik van vraelyste, en was dit as sodanig waarskynlik die mees geskikte wyse waarop die navorsingsvrae beantwoord kon word. Om wel ryker en dieper

beskrywings van die behoeftes en ervarings te kry, is multi-metodes ingespan waaroor ek vervolgens meer uitbrei.

### 5.2.2 Multi-metodes

Denzin en Lincoln (1994:2) noem dat die kwalitatiewe navorser "uses the tool of his or her methodological trade, employing whatever strategies, methods, or empirical materials are at hand". In die verband het ek van 'n multi-metode of triangulasie, gebruik gemaak in 'n poging "to secure an in-depth understanding of the phenomenon in question". Die multi-metodes het ingesluit: deelnemende waarnememing, vraelyste en kwalitatiewe onderhoudvoering (sien 1.7.1, 1.7.2, 1.7.3). Kwantitatiewe data is ook as deel van die multi-metode gebruik "[to add] layers of information" (Reinharz 1992:201) tot die navorsing. Die kwantitatiewe data het daartoe bygedra om 'n profiel te kry van persone wat betrokke raak by kontemplatiewe spiritualiteit. Dit het data ingesluit soos byvoorbeeld ouderdom, geslag en die hoeveelheid persone wat al retreats en meditatiewe dienste bygewoon het en 'n geestelike metgesel besoek het (sien 3.3.1, 3.3.2, 3.3.3). Die res van die data kan gevind word in Addendum B. Hierdie data sal dalk in verdere navorsing gebruik kan word.

Ek bespreek vervolgens die drie metodes wat in die navorsingsproses gebruik is. In die eerste plek het deelnemende waarneming in die verskillende navorsingsvelde of "settings" soos Mason (2002:88) dit beskryf, aanleiding gegee tot die eerste ontdekkings in my navorsingsreis. My deelname aan retreats en meditatiewe dienste, die besoek aan Taizé en deelname aan aktiwiteite van die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit, het tot 'n verdieping in my eie geestelike lewe gelei asook tot die ontdekking van kontemplatiewe spiritualiteit as 'n helende spiritualiteit. Hierdie ontdekkings het my opgewonde gemaak oor die bydrae wat kontemplatiewe spiritualiteit in veral Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges se lewens kan maak. Tydens my ontdekkings in hierdie eerste stap in die navorsingsproses, kon ek my vereenselwig met die volgende opmerking van Reinharz (1992:211) wat in die verband skryf: "Initial discoveries energize the scholar to continue on her quest." My eie ervarings en ontdekkings in hierdie verskillende kontekste, het my dus verder gehelp met die vraagstelling in die vraelyste en onderhoude.

Tweedens is die vraelyste gebruik om soveel as moontlik deelnemers by die navorsing te betrek. Volgens Hofstee (2006:132) is vraelyste een van die beste metodes om mense se behoeftes, opinies en ervarings te bepaal. Die gebruik van vraelyste het my instaat gestel om persone buite die grense van my onmiddellike omgewing te betrek. Die vraelyste is dus regoor die land versprei na gemeentes waarvan ek bewus was waar retreats en/of meditatiewe dienste aangebied word.

Vervolgens is persone geïdentifiseer wat direkte blootstelling of ervaring van die nagevorste fenomeen het (Leedy & Ormrod 2005:139) vir deelname aan fokusgroep- en individuele onderhoude. Die gebruik van onderhoude het die ryker beskrywings van die deelnemers se behoeftes en ervarings moontlik gemaak. Die leemte in die gebruik van vraelyste is dus deur die onderhoude ondervang – 'n voordeel wat eie is aan die aard van kwalitatiewe navorsing (Denzin & Lincoln 1994:127). Soos reeds genoem was die kontak met die onderhoude eenmalig en sou opvolg onderhoude waarskynlik kon bydra tot verdere ryker beskrywings deur die deelnemers aan die navorsing. Die gebruik van e-pos korrespondensie het egter die geleentheid gebied waartydens die deelnemers verdere kommentaar kon lewer en ryker beskrywings kon maak. E-pos korrespondensie het dus die gesprek verleng en die geleentheid gebied vir verdieping tot die kwaliteit en betroubaarheid van die data. Hierdie hoofstuk word afgesluit deur die "laaste woord" aan die deelnemers te gee aan die hand van kommentaar oor die laaste hoofstuk via e-pos korrespondensie.

### 5.2.3 Teleurstellings langs die pad

Die proses van kwalitatiewe navorsing het my geleer dat die navorsingsreis nooit presies vooruit beplan kan word nie (Denzin & Lincoln 1994:2). Faktore duik soms op wat buite die beheer van die navorser is. Beplanning en voortdurende refleksie was tydens die navorsingproses noodsaaklik ten einde uitvoering te gee aan die navorsingsproses. Die navorsingstappe kon nie volledig vooraf uitgewerk en bloot toegepas word nie. Detail moes, soos Mason (2002:5) ten opsigte van kwalitatiewe navorsing verduidelik, uitgewerk en aangepas en kreatief ontwikkel word tydens die doen van die navorsing. Tydens die navorsingsreis was daar 'n paar teleurstellings en tekortkominge.

Eerstens was die aantekeninge en "veldnotas" (Mason 2002:97) tydens die deelnemende waarnemingsproses (sien 1.7.1), nie volledig genoeg saamgestel nie en het die kwaliteit van die data skade gelei. Alhoewel die data in die navorsing verweef is, was daar volgens my wel 'n gebrek aan "rich, rounded, local and specific" (2002:89) beskrywings uit die veldnotas. My informele gesprekke met byvoorbeeld predikante wat ek ontmoet het tydens my besoek aan Taizé, gesprekke met die broers van Taizé en die bywoning van kursusse wat deur die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit aangebied is, is voorbeelde van geleenthede waar veldnotas meer volledig afgeneem kon word. Dit sou waarskynlik kon bydra tot ryker beskrywings van die data.

Tweedens was een van die frustrasies met die gebruik van die vraelyste (sien 1.7.2) dat ek nie opvolgvrae op response in die vraelyste kon vra nie. Ek was nuuskierig omtrent van die deelnemers se antwoorde, maar omdat die vraelyste anoniem was, kon geen kontak met die deelnemers gemaak word om verdere ryker beskrywings en verduidelikings te kry nie. In my refleksie oor hierdie proses, sou ek dalk deelnemers aan die vraelyste kon uitnooi deur die opsie te bied om wel hulle name en kontakbesonderhede in te vul sodat verdere kontak bewerkstellig kon word. Die versekering van anonimiteit kon gegee word in die rapportering van die resultate.

'n Derde teleurstelling wat ek tydens die navorsingsreis ervaar het, was dat slegs 6 persone aan die fokusgroepbespreking deelgeneem het. De Vos (1998:314) beveel 'n groep van ongeveer 8 tot 10 persone aan. Ek het meer deelname verwag, aangesien 10 persone - en wel met groot entoesiasme - aangedui het dat hulle graag die bespreking sou wou meemaak. Die wat dit nie kon bywoon nie, het wel verskoning aangebied weens ander verpligtinge wat opgeduik het op die dag waartydens die gesprek geskeduleer was. Die voordeel was wel dat die groep baie meer intiem was wat waarskynlik meer gelyke deelname deur al die deelnemers moontlik gemaak het. Die deelnemers het gemaklik gevoel in die kleiner groep en was die deelname ryk aan diepte en persoonlike kommentaar.

## 5.3 REFLEKSIES IN DIE SPIRITUALITEITSLANDSKAP: DIE NAVORSINGSVRAE

Die studie is geposisioneer binne ’n praktiese teologie wat fokus op die geloofservaringe van mense (sien 1.5.3). Sosiale konstruksie- teorie en die konteks waarbinne dit geskied, het my gehelp om te verstaan hoe die postmoderne mens spiritualiteit beleef. Die postmoderne benadering in hierdie navorsing het dus die ruimte geskep vir die gekonstrueerde spiritualiteitservarings van mense wat pluralisties, divers en kontekstueel is (Brueggemann 1993:8-9).

In die gedeelte wat volg, word ’n samevatting van die empiriese data gegee wat die essensie van die antwoorde op die navorsingsvrae saamvat. Die gedeeltes 5.3.1 tot 5.3.3 verskaf ’n antwoord op die eerste twee navorsingsvrae terwyl 5.3.4 tot 5.3.5 ’n antwoord verskaf op die derde navorsingsvraag (sien 1.2).

### 5.3.1 Kontemplatiewe spiritualiteit en die ervaring van God

Binne die postmoderne landskap is daar ’n herwaardering van die mens as spirituele wese (du Toit 2000:18) en heers daar ’n oplewing in die belangstelling van die spirituele domein van godsdienste (Sweet 2000:38). In hoofstuk 3 is die groeiende belangstelling in spiritualiteit bespreek (sien 3.4.1) en is daar ’n vraag na ’n outentieke vorm van spiritualiteit by Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges uitgespreek (sien 3.4.2). Hierdie behoefte vloei waarskynlik voort uit hulle ervaring dat die tradisionele gereformeerde spiritualiteit op ’n sekere vlak ’n onderdrukkende spiritualiteit verteenwoordig met klem op dogma en waarheidsaansprake.

Mense aanvaar doodgewoon nie meer die sogenaamde waarheidsaansprake van byvoorbeeld die predikant nie, en dit maak dat die postmoderne mens ’n soeke het na ’n *eie* ervaring van God. Die deelnemers aan die navorsing bevestig dat die beoefening van die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit, soos met die bywoning van ’n retreat of ’n meditatiewe diens, die eerstehandse ervaring van God moontlik maak. Die groeiende belangstelling in spiritualiteit en die honger na die Misterie en Teenwoordigheid en nie noodwendig dogma, geloof, godsdiens

of denominasie nie, spoor gelowiges aan om retreats en meditatiewe dienste by te woon.

Die geloofstories wat ontvou het tydens die onderhoude, vertel van 'n soeke na 'n meer intieme verhouding met God en 'n behoefte aan 'n dieper en meer sinvolle geestelike lewe. Baie ervaar skuldgevoelens omdat hulle nie genoeg in die teenwoordigheid van God kuier nie. Tog is hulle van mening dat die bywoning van retreats, meditatiewe dienste en die gereelde besoek aan 'n geestelike metgesel hierdie balans tussen prestasie en inkering moontlik kan maak.

Van die hoofredes vir die bywoning van retreats en meditatiewe dienste, is om God te ervaar, sy stem te hoor en in Sy helende teenwoordigheid tot rus te kom. Om in God se teenwoordigheid te wees deur weg te kom van die gejaagdheid van die lewe en in afsondering, stilte en gebed weer na God se stem te luister, is die ervarings waarvan deelnemers aan kontemplatiewe spiritualiteit getuig. Die beoefening van die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit baan dus die weg om verby die blote kennis van God en godsdiens-"waarhede" te beweeg tot by die *eie* eerstehandse ervaring van God. Uit die bewuswording van God se allesoorheersende teenwoordigheid, vloei daar 'n verskeidenheid van ervarings waarvan mense bewus word. Dit sluit onder andere die ervaring van heling en transformasie in.

### 5.3.2 Kontemplatiewe spiritualiteit as bron van heling en transformasie

Die ontmoeting met God maak die ontmoeting met die self en jou eie gebrokenheid moontlik. Mense spreek 'n behoefte aan geestelike en persoonlike groei uit (sien 3.4.6). Hulle ervaar die kontemplatiewe dissiplines as bronne van heling en geestelike vernuwing (4.5.5). Binne die kontemplatiewe konteks word 'n ruimte en tyd geskep om God se genesing vir gebrokenheid te ervaar. Tydens 'n retreat, meditatiewe diens of met 'n geestelike metgesel, word 'n veilige ruimte geskep waartydens mense eerlik na hulleself kan kyk en hul harte oop kan maak vir God se onvoorwaardelike, omhelsende liefde. Dit is binne hierdie veilige ruimtes waar mense bewus raak van God se aanvaardende liefde en waar transformasie kan plaasvind (sien 4.5.5).

Die beoefening van hierdie dissiplines moet dus lei tot 'n omvorming of transformasie van die self. Die waarskuwing word egter gerig dat 'n retreat nie daar is om net ons wonde te verbind om nuwe krag te kry om weer verder deel te raak van die prestasie kultuur nie (Satura 1981:8). Die enstase fase (sien 1.2.1) maak dit juis moontlik om tydens die periodes van afsondering, stilte, *lectio*, meditasie en kontemplasie die innerlike "demons" (Nouwen 1981:13-14) en pyn te konfronteer en in God se helende teenwoordigheid te wees.

My eie ervaring tydens retreats was dat God self hierdie werk in die persoon kom doen – dit raak dan God-sorg/terapie of "divine therapy" soos Keating (1995a:75) daarna verwys. Die retreatleier of geestelike metgesel is slegs daar om die proses te fasiliteer en die ruimte te skep waar mense God se helende teenwoordigheid kan ervaar.

### 5.3.3 Belangrike elemente wat die ervarings moontlik maak

Die elemente soos stilte, afsondering, meditasie, kontemplasie, *lectio divina* en die gewyde atmosfeer, maak die deur oop vir 'n dieper ervaring met God en baan die weg vir die reis na die "woestyn". Stilte, afsondering en gebed maak die kernkonsepte van die woestyn spiritualiteit uit (Nouwen 1981:91) en is dit deur hierdie drie dissiplines wat die woestynvaders en moeders vir die hedendaagse mens red van die "shipwreck of our self destructive society" (1981:92). Ons het nodig om gered te word van die prestasie kultuur en gejaagdheid waaraan ons daagliks blootgestel word sodat ons by die enstase of "kuier by God" kan uitkom (Satura 1981:8; Nicol 2002:33). Satura (1981:8) rig die appél dat dit die werk of verantwoordelikheid van die huidige Christendom is om mense by die diep dimensie van byvoorbeeld meditasie uit te bring waar hulle 'n siel- en liggaamsrus kan ervaar. Stiltetyd is egter nie 'n doel op sigself nie. Een van die doeleindes daarvan is om in die daaglikse lewe meer van God se teenwoordigheid bewus te wees. Meditasie en kontemplasie is 'n poging om ons so vir God oop te stel dat sy teenwoodigheid en werksaamheid tydens ons stiltetyd as 'n allesoorheersende werklikheid ervaar word (Nicol 1989a:61). Tydens meditasie waar die bewussyn oopgaan, word die ruimte gespek vir die ontmoeting en ervaring van God en Sy voortdurende aanwesigheid.

Vir Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges is baie van hierdie dissiplines nog vreemd. ’n Aanvanklike ongemak word bespeur en selfs weerstand met byvoorbeeld lang stiltes, meditasie of die atmosfeer van kerse, ikone en simbole. Die blootstelling en ervaring daarvan ontsluit egter ’n nuwe geestelike dimensie wat op ’n dieper en meer outentieke vlak beleef word. Soos reeds genoem, ervaar mense God self en Sy helende teenwoordigheid in ’n gewyde atmosfeer waar rituele en simbole gebruik word. Die atmosfeer van rustigheid, gewydheid, stilte en skoonheid van die natuur tydens ’n retreat, maak hierdie ervarings moontlik. Die liturgie en atmosfeer tydens ’n meditatiewe diens getuig ook van skoonheid, gewydheid en rustigheid deur die gebruik van kerse, simbole en rituele en ervaar mense God se teenwoordigheid. Mense spreek die behoefte uit om self tydens ’n diens aan die rituele deel te neem soos om byvoorbeeld ’n kers aan te steek. Die gebruik van rituele het ’n transformerende en terapeutiese impak op mense.

In die gedeelte wat volg, word gelet op die implikasies wat die pastorale behoeftes en ervarings van kontemplatiewe spiritualiteitspraktyke vir pastorale terapie en ander hulpverleningsprofessies, byvoorbeeld sielkunde, het.

### 5.3.4 Kontemplatiewe spiritualiteit as terapeutiese moontlikheid

Vir my as sielkundige is ’n holistiese benadering met integrasie van liggaam, siel en gees belangrik (sien 4.5.4). Gesprekke oor mense se spiritualiteit vorm dus baie keer deel van die terapeutiese proses. Ek sluit my aan by Walsh (1999:3) se opmerking: “The very essence of the therapeutic relationship and meaningful change are ultimately spiritual in nature, fostering personal transformation, wholeness, and relational connection with others.” Sy gaan voort deur te noem: “Therefore, as therapists and human service professionals, we need to attend to the spiritual beliefs and practices of our clients if we are to understand them and assist in their healing and growth.”

My siening dat spiritualiteit ’n integrale deel van die terapeutiese proses moet wees, word ook verder ondersteun deur die volgende bevinding van Griffith (1995:124).

> Clients and persons who have particiapted in our research have told us that they want to reflect on their spiritual experiences in therapy, and that they feel fragmented by attempting to delegate psychological, relational issues to conversation with their therapists and spiritual issues to conversations with their priest, rabbi, or pastor.

Wanneer dit uit gesprekke met kliënte blyk dat hulle spiritualiteit resoneer met kontemplatiewe praktyke, sou hierdie praktyke ingesluit of aanbeveel kon word as deel van die terapeutiese helingsproses. Pastorale terapeute en sielkundiges behoort dus kennis te neem van die helende en transformerende kwaliteite (sien 5.3.2) van kontemplatiewe spiritualiteit. Kontemplatiewe spiritualiteitsdissiplines maak die reis na binne, na ander en na God moontlik wat dus mense kan bystaan in hulle vraag na persoonlike en geestelike groei. Die dissiplines van stilte, afsondering en meditasie kan onder andere mense begelei op die bewuswordingsproses van die self wat psigiese integrasie kan bevorder.

Pastorale terapeute en sielkundiges wat dus bewus is van die helende en transformerende kwaliteite van kontemplatiewe spiritualiteit, kan persone begelei in die proses of andersins verwys na 'n retreat waar die dissiplines ervaar en beleef kan word.

### 5.3.5 "Wounded healer" en selfsorg aksies vir hulpverlenende professies

Nouwen (1994:82) verwys na die "wounded healer" as die persoon wie se eie wonde 'n bron van genesing vir ander word (sien 1.2.1). Hy ([1976] 1996:100-101) doen egter 'n beroep op "genesers" om om te sien na hulle eie wonde om sodoende die wonde van ander te "genees". Binne die terrein van die hulpverlenende professies, kom uitbranding algemeen voor. Daarom is selfsorgaksies binne hierdie professies belangrik. Beginsels van kontemplatiewe spiritualiteit soos gereelde retreats waar stilte en afsondering die geleentheid bied om tot rus te kom en weer na "liggaam en siel verkwik te word" (sien 4.5.4), kan deel vorm van selfsorgaksies vir persone in hulpverlenende professies. Leech (1986:21) voer aan dat pastorale terapeute moet beskik oor 'n "interiour quietude ….[which] only comes as a by-product of a life in which silence and stillness have a major place". Dissiplines soos stilte, afsondering, meditasie en kontemplasie, is selfsorg aksies wat aangewend kan word as

"partial antidotes to therapist despair, fatigue and burn-out, and as sources of sustenance and inspiration to therapists in their lives and their work" (White, 1997:vi).

## 5.4 PERSOONLIKE REFLEKSIES DEUR DIE NAVORSER

Ek was nie net 'n objektiewe waarnemer in die navorsingsproses nie, maar het self eerstehandse ervaring van die fenomeen, kontemplatiewe spiritualiteit opgedoen. Reinharz (1992:211) maak die opmerking: "Being a researcher-traveler means having a self and a body. It means abandoning the voice of 'disembodied objectivity' and locating oneself in time and space." In hierdie gedeelte reflekteer ek oor die effek van die navorsing op my persoonlik en die ontdekkings wat ek gemaak het. My ervaring was soos Reinharz (1992:212) beskryf, "the self changes during the journey". Ek begin hierdie gedeelte eerstens deur erkenning te gee aan rigtingaanwysers op my pad wat die ontdekkings in die landskap moontlik gemaak het.

### 5.4.1 Rigtingaanwysers in die landskap

Op my navorsingspad was ek voortdurend bewus van die teenwoordigheid van die Groot Rigtingaanwyser en het hierdie navorsingsreis my geestelik verdiep. Ek het die belofte in Jesaja 49:9-10 my eie gemaak: "Hulle sal versorg word terwyl hulle op pad is, selfs op kaal heuwels sal daar vir hulle genoeg wees. Hulle sal nie honger of dors kry nie, die woestynhitte en die son sal hulle nie brand nie, want Hy wat Hom oor hulle ontferm het, sal hulle onder sy sorg neem." Ek is voorwaar gelei en versorg en het die Here mense op my pad gestuur as pad- en rigtingaanwysers sonder wie se leiding ek moeiliker my weg sou vind en minder ontdekkings sou maak.

Ek dink eerstens aan Penny Joy Day, my geestelike metgesel en mede pelgrim op die kontemplatiewe weg. Penny het my in die eerste plek aan kontemplatiewe spiritualiteit blootgestel deur die werk van die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit asook deur middel van retreats en stildae wat deur haar fasiliteer is. Sy is sedert 2006 my geestelike metgesel en pastorale terapeut en ontmoet ek haar elke tweede week by *Poustinia*, die naam van haar praktyk. *Poustinia* wat kom uit die Oosterse Christelike spiritualiteit, is die Russiese woord vir die

woestyn – ’n plek van afsondering en stilte wat deur De Haeck Doherty (1976) aanbeveel word vir die Westerse Christen. As geestelike metgesel, het Penny my die rigting aangewys na die *woestyn* (sien 2.4) wat vir my ’n ontmoeting met God en myself moontlik gemaak het. Ek het ontdek dat die *woestyn* ’n wye landskap is waar God hom/haarself openbaar en in liefde Sy/Haar beloftes aan my bied terwyl ek in stille afwagting daarop wag. In die ontdekking van *my* woestyn, het ek ook die *woestyn* in my naaste raakgesien en kon ek die volgende woorde van T S Eliot (aangehaal in Leech 1986:29) verstaan:

> The desert is not remote in southern tropics,
> The desert is not only around the corner,
> The desert is squeezed in the tube train next to you,
> The desert is in the heart of your brother.

Dit is juis in die verband dat Thérèse Hulme, een van my mentors en leermeester in feministiese teologie en narratiewe terapie, my ook ook weer in die rigting van “die ander” gewys het. Tydens my refleksies saam met haar oor die navorsingsproses, het ek weer baie bewus geraak van hoe ’n etiese spiritualiteit my uitnooi om die wisselwerking tussen kontemplasie en aksie altyd in gedagte te hou (5.4.3). Die refleksie het my herinner aan die potensiële gevare van kontemplatiewe spiritualiteit as individualisties (sien 2.5) en hoe belangrik “die ander” is of soos Eliot dit uitdruk “the heart of your brother”. Die vrae wat sy my gevra het aan die einde van die navorsingsreis, het my eie refleksiwiteit bevorder en is dit ook ’n aspek eie aan die aard van kwalitatiewe navorsing (Clandinin & Connelly (1994:414).

Die baanbrekers van kontemplatiewe spiritualiteit in die Suid-Afrikaanse konteks, Dr’s Nicol, Anthonissen en van der Merwe, het verder bygedra om die nuwe grond in die gereformeerde landskap, vir my te begin oopbreek. Ek is dankbaar vir hulle “woestyn wysheid” wat hulle met my gedeel het, veral weens hulle eie jarelange ervarings op die kontemplatiewe weg. Hulle al drie sal vir my bly uitstaan as bakens op my eie kontemplatiewe weg weens hulle voorbeeld van opregte nederigheid, geestelike insig en wysheid.

As sielkundige wat reeds ’n magister graad voltooi het, was die terrein van die praktiese teologie egter vir my ’n onbekende navorsingslandskap. Dr Dirk Kotzé, my studieleier, het aan my die kaart verskaf om in die landskap my weg te vind.

Ek is dankbaar vir sy teologiese en akademiese rigtingaanwysing waarsonder ek gereeld my op ’n doodlooppad bevind het.

Die inhoud van hierdie dissertasie rus tot ’n groot mate op bronne wat deur die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit (SCS) aan my beskikbaargestel is in die vorm van literatuur en deelname aan aktiwiteite wat deur die SCS aangebied word. Ek is dankbaar vir die blootstelling wat ek kon kry en die voorbeeld van die kontemplatiewe weg. Hierdie studie is ook opgedra aan die SCS waar ek my tuis voel en waar ek inklusiwiteit, liefde en aanvaarding ervaar.

Die deelnemers aan die navorsing was natuurlik die belangrikste rigtingaanwysers sonder wie se insette hierdie studie nie moontlik sou wees nie. Ek is dankbaar vir hulle eerlike insette en weens my etiese verbinding (sien 1.9) en verantwoordelikheid, het hulle my gehelp om deur te druk met die navorsing wanneer ek met tye die pad wou verlaat.

### 5.4.2 Persoonlike groei en geestelike verdieping: ’n Verhouding en ’n ontmoeting

My persoonlike verhouding met God, vorm vir my die kern van my geloof. Om hierdie verhouding te verdiep en te laat groei, is ’n ware ontmoeting met en ervaring van God nodig. Die beoefening van die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit, het onder andere vir my hierdie ontmoeting met God moontlik gemaak. Een van die mees bevrydende ervarings tydens die bywoning van ‘n retreat, was dat ek tot rus kon kom in God se helende, liefdevolle en aanvaardende teenwoordigheid. Vir te lank was my verhouding met God gekenmerk deur vrees vir straf. Hierdie ontmoeting met God het ’n nuwe dimensie in my eie geloofsreis en verhouding met God oopgemaak. In die kontemplatiewe spiritualiteit het ek ’n tuiskoms by myself en God ervaar.

My waarneming van mede pelgrims op die kontemplatiewe weg en veral die ervarings van die deelnemers aan die navorsing, het die passie in my aangevuur omtrent die helende en transformerende rol van kontemplatiewe spiritualiteit in mense se lewens. Die volgende woorde van Keating (1997) vat vir my saam wat die effek van die kontemplatiewe weg op mense se lewens kan wees.

> The greatest teacher is silence. To come out of interior silence and to practice its radiance, its love, its concern for others, its submission to God's will, its trust in God even in tragic situations is the fruit of living from your inmost center, from the contemplative space within.

Dr Nicol noem in ’n e-pos aan my (2008a) dat ons egter versigtig moet wees om te dink dat stilte die enigste “leermeerster” is, maar dat die Heilige Gees enige manier gebruik om ons te bereik. Stilte is egter ’n element wat in die moderne tydsgees verwaarloos word en daarom het mense blootstelling daaraan nodig. Verder is dit natuurlik belangrik dat uit die kontemplasie, moet die aksie vloei.

### 5.4.3 Kontemplasie en aksie: Sosiale transformasie van die samelewing

Ek staan dus langs die deelnemers aan die navorsing, die baanbrekers in die gereformeerde tradisie (sien 3.2.1), instansies soos die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit (sien 3.2.2.1) en gemeenskappe soos Taizé (sien 3.2.2.2), op soek na heling en sosiale geregtigheid vir almal. In dié verband het Thérèse Hulme (sien 5.4.1) my oor die volgende vrae help reflekteer.

> In watter mate sou die *resources of faith* soos ’n retreat, kon bydra tot sosiale verandering in die Suid-Afrikaanse konteks? Sou dit moontlik wees dat die besinning of kontemplasie oor iets buite jouself kan wees, soos die natuur, en die lyding in die groter gemeenskap? Met ander woorde, die klem op die relasionaliteit. In hoe ’n mate sou die individuele heling van kontemplatiewe spiritualiteit, tot die heling in die samelewing kon bydra? Die teologie wat hom besig hou met die “ander” is ’n teologie van besinning oor die ander ter wille van die ander. En dan vloei die aksie daaruit. Sou kontemplatiewe spiritualiteit ’n plek kon kry om aktief die individuele praktyke wat baie keer deel is van “kerkwees” uitdaag tot die neem van aksie?

Nouwen ([1976]1996:50) verskaf in die volgende aanhaling vir my ’n antwoord op van hierdie vrae: “A real spiritual life…makes us so alert and aware of the world around us, that all that is and happens becomes part of our contemplation and meditation and invites us to a free and fearless response.” Die behoeftes en ervarings van die deelnemers aan die navorsing, wys egter meer op ’n interne gerigtheid (inwaartse reis) as op kontemplasie van die sosiale respons (uitwaartse reis). Die fokus op die inwaartse reis, is een van die groot gevare van kontemplatiewe spiritualiteit (sien 2.5) omdat dit aanleiding kan gee tot ’n

selfgesentreerde godsdiens. Sentraal tot die pastorale taak, is die ontwikkeling van 'n spiritualiteit wat Cochrane et al (1991:23-24) as volg beskryf: "It is a spirituality which arises out of personal and ecclesial transformation within the context of the struggle for justice and liberation." Ek beskou dit dus as deel van my pastorale taak, asook die taak van retreatfasiliteerders en aanbieders van meditatiewe dienste, om mense uit te daag tot die "outward journey" (sien 2.5) en "socially transforming praxis" (Cochrane et al 1991:24). Jesus se lewe op aarde getuig van die wisselwerking tussen kontemplasie en aksie en sy fokus op sosiale transformasie.

### 5.4.4 'n Nuwe pad word sigbaar

Die doen van hierdie navorsing het my roeping om die proses van heling en transformasie in mense se lewens te fasiliteer, bevestig en versterk. Met die ontdekking van kontemplatiewe spiritualiteit en die doen van navorsing daaroor, het 'n nuwe pad egter vir my as sielkundige en pastorale terapeut begin sigbaar word.

In die eerste plek het ek sielkunde, teologie en spiritualiteit meer begin integreer. Gesprekke oor spiritualiteit word al hoe meer deel van die terapeutiese proses en is ek veral deur die werk van Griffith (1995) en Walsh (1999) geïnspireer. Tydens terapeutiese gesprekke met kliënte, word aspekte soos onder andere die waarde van stilte en afsondering ondersoek, ontspanningsterapietegnieke geoefen en meditasie as terapeutiese moontlikheid word aanbeveel.

In die tweede plek het die postmoderne benadering en die sosiale konstruksieteorie waarbinne hierdie navorsing uitgevoer is, my weer sensitief gemaak vir die aspekte wat in verband gebring word met hierdie wêreldbeskouing. Deur te aanvaar dat realiteit sosiaal gekonstrueer word, daag my uit om die dominante diskoerse oor veral godsdiens en die Godsbeeld van my kliënte te ondersoek. 'n Groot uitdaging, maar ook 'n bevrydende aspek vir my as Christen terapeut, is dat daar geen objektiewe of essensiële waarheid is nie. Bons-Storm (1998:18) se siening van wat "truth" is, het my baie gehelp in die verband: "Truth can be understood as the road towards liberation from oppression and alienation, through changing landscapes and changing contexts. It is an avowed truth of

where one stand 'for the time being'." Hierdie wêreldbeskouing maak nuwe moontlikhede in die terapeutiese gesprekke vir my kliënte oop en help dit in die "co-authoring [of the] alternative stories" (White & Epson 1990:17) van byvoorbeeld mense se spiritualiteit.

In die derde plek wys die nuwe pad wat vir my sigbaar geword het om buite die grense van my terapiekamer te beweeg en meer "in die wêreld" betrokke te raak. Ek glo dat die doen van hierdie navorsing my in die rigting gewys het om betrokke te raak in die aanbied en fasilitering van retreats. In so 'n konteks wil ek my verantwoord binne 'n feministiese teologie van praxis "which stems from a passion for change" (Ackermann 1996:45). Tydens retreats sal ek mense wil begelei in die proses van kontemplasie en aksie deur kritiese vrae te vra oor sosiale geregtigheid. Terapeutiese spiritualiteitsgroepe, wat in detail in 5.5.4 bespreek word, is 'n verdere ruimte buite my terapiekamer waar die beginsels van kontemplasie en aksie aangespreek kan word. Dit laat my by die uitdaging van Denise Ackermann (2003:56) se antwoord op die volgende vraag: "What does my faith require of me? To be vigilant about justice, to love boundlessly, never to cease hoping, and to be actively involved in the work of healing."

## 5.5 HOE VERDER IN DIE LANDSKAP? 'N PAAR KERN-IDEES EN VOORSTELLE

Die navorsingsreis het dit dus ook moontlik gemaak dat nuwe idees gebore is, nuwe visies ontbloot is en 'n nuwe pad sigbaar geraak het in die spiritualiteitslandskap. In die gedeelte wat volg noem ek 'n paar kern-idees en maak voorstelle vir die reis binne die spiritualiteitslandskap. Hierdie voorstelle dien terselfdertyd as terreine vir verdere navorsing en om voortgesette dialoog oor die onderwerp oop te maak. Weens die kwalitatiewe aard van die studie, is die kern-idees en voorstelle nie aangebied as die "finale waarheid" oor die onderwerp nie, maar eerder as 'n uitnodiging om kontemplatiewe spiritualiteit binne die gereformeerde konteks verder te ondersoek. Die soeke na nuwe betekenis binne die komplekse postmoderne landskap waarin die gereformeerde kerk haarself bevind, word uitgenooi in die gedeeltes 5.5.1 tot 5.5.5.

### 5.5.1 Verinheemsing van kontemplatiewe spiritualiteit in die Afrikaanse gereformeerde konteks

Alhoewel die kontemplatiewe spiritualiteit deur rasionalisme binne die gereformeerde tradisie toegespoel is (sien 2.7), is dit duidelik dat daar ’n behoefte aan die beoefening van kontemplatiewe dissiplines by veral Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges aanwesig is. Ek sien hoe die paaie van die kontemplatiewe en gereformeerde landskap kan ontmoet en is daar definitief ruimte vir die kontemplatiewe beoefening binne die gereformeerde tradisie. Jonker (1992:519) maak dit duidelik dat gereformeerde spiritualiteit nooit in die voltooide tyd praat nie, maar juis in die onvoltooide tyd. Gereformeerde spiritualiteit wil dus bly hervorm.

Ek voel dus gemaklik om ’n paar kern-idees uit te lig en voorstelle te maak aan die hand van die bevindinge in die studie vir toepassing binne die gereformeerde konteks. Weens die beperkte omvang van die studie, word die voorstelle slegs as kern-idees aangebied en nie in detail bespreek nie. Die kern-idees sluit ook moontlikhede vir verdere navorsing in.

### 5.5.2 Blootstelling nodig aan die dissiplines deur middel van retreat en meditatiewe dienste

Aan die hand van die geïdentifiseerde behoeftes en ervarings van die deelnemers aan die navorsing, is dit in die eerste plek duidelik dat hierdie ervarings nie moontlik sal wees sonder blootstelling aan die dissiplines via ’n retreat of ’n meditatiewe diens nie. My eie ervaring en die van die baanbrekers en deelnemers aan my navorsing, is dat mense deur blootstelling en ervaring die waarde van hierdie dissiplines ontdek.

Ek sluit my aan by Nicol (2002:183) se opmerking dat die kontemplatiewe weg vir gereformeerde gelowiges “oopgemaak” moet word:

> Dit is ’n geweldige verlies dat die pad na die skat van die mistiek in so groot mate vir ons onbegaanbaar geraak het. Daar kan mos nie twyfel daaroor wees nie dat die Here ons wil help om dit weer oop te maak. Dis nie genoeg dat enkelinge die toegegroeide voetpaadjie kry nie – hulle moet help dat baie kan kom. Is dit dan nie vir elkeen van ons juis ’n deel van die pad saam met God om dit ook vir ander te help gelykmaak nie?

Leech (1986:15) beveel ook aan dat dit die taak van die kerk is om mense bloot te stel aan byvoorbeeld praktyke van kontemplatiewe spiritualiteit en hulle daarin te begelei. Hy (1986:27) gaan voort deur te noem:

> A church should be a place of spiritual nourishment, a power house of spiritual growth, and this should involve the provision of space for silence and solitude …. The conditions of the desert – a place of silence, of attention to God in simplicity and faith – should be made accessible in each parish community.

Die liturgie van ’n meditatiewe of Taizé diens, maak volgens die deelnemers aan die navorsing, hierdie aspekte moontlik. Die waardes van hierdie dissiplines word ervaar tydens hierdie tipe dienste, asook tydens die bywoning van ’n retreat omdat blootstelling aan dissiplines soos stilte, meditasie en kontemplasie ervaar en beleef word.

Daar is wel in hierdie studie geïdentifiseer dat die eerste blootstelling aan die dissiplines vir sommige Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges vreemd en “te misties” is. ’n Kort oriëntasie en agtergrond van kontemplatiewe spiritualiteit sou dus ’n belangike komponent wees in die samestelling van ’n retreat, veral indien dit mense is wat nog min blootstelling en ervaring van retreats gehad het. Daar is egter nie ’n resep of ’n finale formule in die aanbieding van retreats en meditatiewe dienste nie. Een van die belangrikste voorvereistes wat deur die deelnemers aan die navorsing uitgedruk is, is dat die persoon wat die retreat of meditatiewe dienste lei, self erns moet maak met die beoefening van dié dissiplines en dat dit deel van so ’n persoon se leefstyl moet wees.

Deelnemers aan die navorsing maak ook die opmerking dat die uitdaging daarin lê om die dissiplines in jou daaglikse lewe toe te pas en deel van jou lewe te maak. Baie kry ook nie die geleentheid om gereeld by ’n retreat uit te kom nie of ’n meditatiewe diens by te woon nie. Min gemeentes binne die Afrikaanse gereformeerde kerke, bied gereelde retreats of meditatiewe dienste aan. Daar is

ook die behoefte om meer leiding te ontvang in die toepassing van die dissiplines. Gereelde besoeke aan ’n geestelike metgesel en deelname aan pastorale terapeutiese of spiritualiteitsvormingsgroep, sou onder andere iets hiervan kon ondervang. Dié twee aspekte word in meer detail in die volgende twee gedeeltes bespreek.

### 5.5.3 Geestelike metgesel en narratiewe terapeutiese beginsels

’n Geestelike metgesel kan ’n persoon begelei om die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit deel van die daaglikse lewe te maak. Die behoefte aan ’n dieper en intieme ervaring van God kan dus gevoed word deur gereelde besoek aan ’n geestelike metgesel. Opleiding van geestelike metgeselle in die gereformeerde tradisie is egter nodig weens die toenemende navraag vir geestelike begeleiding deur gereformeerde gelowiges. Die verskille tussen geestelike begeleiding en pastorale terapie is in hoofstuk 2 (sien 2.6.9) kortliks genoem. Inklusiwiteit en oorvleueling is egter al hoe meer sigbaar tussen die verskillende dissiplines (De Jongh van Arkel 2000:188) en daarom kan beginsels van narratiewe terapie ook binne die konteks van geestelike begeleiding aangewend word. Geestelike metgeselle sou dus kon baat by narratiewe opleiding. Hierdie is egter veral ’n area vir verdere navorsing deur die gebruik van narratiewe praktyke binne die terrein van geestelike begeleiding te ondersoek.

Narratiewe terapeutiese beginsels is geïnteresseerd om ryker beskrywings van ’n persoon se alternatiewe storie te bied (Morgan 2000:74-75). Die narratiewe benadering is ook gemik op die bemagtiging van mense en die bevryding van onderdrukkende diskoerse (2000:45). Die volgende is onder andere van die praktyke wat tydens geestelike begeleiding gebruik kan word.

Eerstens kan beginsels soos die “not knowing” benadering waarna Anderson en Goolishian (1992:30) verwys, bydra tot ’n ryker beskrywing van byvoorbeeld mense se eerstehandse ervaring van God. Die geestelike metgesel neem ’n nie-wetende posisie in wat die kliënt bemagtig deur sy/haar eie ervaring van God te beskryf. Dit kan alternatiewe moontlikhede ten opsigte van byvoorbeeld die persoon se Godsbeeld oopmaak en nuwe spiritualiteitservarings kan ontvou.

Tweedens sou terapeutiese dokumente (Morgan 2000:85) gebruik kan word om byvoorbeeld ’n “rule of life” te skryf waarvolgens die persoon wil leef. Hierdie “rule of life” word in samewerking met die geestelike metgesel opgestel en help dit met die kwessie van verantwoordbaarheid en om op te volg hoe dit gaan in die toepassing van die dissiplines. Dit kan aspekte bevat soos leefstylveranderinge, die keuse vir ’n meer simplistiese leefstyl en ’n daaglikse ritme van gebed en meditasie. Die uitskryf van die dokument dien as ’n verbinding (Morgan 2000:85) tot die dissiplines en ’n verantwoordbaarheid teenoor die metgesel.

Derdens kan die gebruik van rituele (Morgan 2000:111) ’n beduidende rol speel in die versterking van die alternatiewe storie en as versterking van ’n geloofsbelewenis soos beskryf deur een van die deelnemers aan die navorsing (sien 4.6.2). Menken-Bekius (2001:61-105) beklemtoon die helende, transformerende en terapeutiese impak wat die gebruik van rituele in die pastorale konteks het.

Vierdens sou deelname aan ’n groep (Morgan 2000:116) waar mense dieselfde beginsels, waardes en idees deel, kon bydra tot ’n versterking van die alternatiewe storie. Geestelike transformasie kan plaasvind deur middel van pastorale terapeutiese of spiritualiteitsvormingsgroepe. Dit word vervolgens in meer detail bespreek.

### 5.5.4 Geestelike transformasie deur pastorale terapeutiese byeenkomste of spiritualiteitsgroepe

Alhoewel dit nie pertinent in die response genoem is nie, is die beginsel van *koinonia* wel as pastorale behoefte in die studie geïdentifiseer (sien 4.7). Een van die deelnemers aan die fokusgroep, noem aan die einde van die gesprek:

> *Ons kan net nie ophou praat nie! Dis net so ’n lekker vloei soos wat ons met mekaar deel. Alhoewel ek in die stilte nog altyd ’n besondere konneksie met elke mens hier ervaar, het hierdie geleentheid om te deel met mekaar my net meer laat besef dat ek nie alleen is in my ervaring nie en is dit goed om ander mense se ervarings te hoor.*

Sweet (2000:109) wys daarop dat alhoewel die postmoderne mens ingestel is op individualisme, is daar 'n honger vir inskakeling en gemeensaamheid binne groepe. Hy skryf: "Postmoderns want to enjoy a self-identity within a connectional framework of … civic virtue and spiritual values" (2000:115). Dit is hieruit dat die gedagte vir terapeutiese spiritualiteitsgroepe gebore is en in aansluiting by die narratiewe idees van groepe volgens Morgan (2000:116). Hudson (2000) se navorsing "Co-authoring spiritual ways of being: A narrative group approach to Christian spirituality" se navorsing ondersteun ook die gedagte aan spiritualiteitsgroepe, spesifiek deur die gebruikmaking van narratiewe terapeutiese beginsels (2000:89).

Burr (2002:139) voer aan dat een van die basiese kenmerke van mense is om ervarings in 'n narratiewe raamwerk te plaas. Dit beteken dat mense voortdurend verhale konstrueer, oor hulleself, oor ander en gebeurtenisse wat plaasgevind het. Daarom is een van die "emerging ideas" uit Hudson (2000:89) se navorsing juis dat "… in the work of doing Christian spirituality, a local congregation can use narrative ideas in those pastoral contexts where members tell their stories and listen to the stories of others". Tydens so 'n terapeutiese groeps- byeenkoms, kry mense die geleentheid om deernisvolle getuienisse tot mekaar se lewens te wees. So 'n reflekterende span (Weingarten 2000; White 2000:59-85) sal kan bydra tot die konstruering van nuwe ervarings en ryker beskrywings van God. Hudson (2000:86) bevind: "A narrative group approach to Christian spirituality facilitates transformation, since it allows those who are participating to co-construct new meanings of, in and for their spiritual lives."

'n Behoefte aan relasionaliteit of konneksie bestaan aldus die genoemde aanhaling tydens die fokusgroepbespreking. Hudson (2000:84) se bevindinge in sy navorsing ondersteun die gedagte aan 'n terapeutiese groepbyeenkoms vir die doel van transformasie en konneksie: "[A] narrative group approach facilitates transformation by enabling story tellers and story participants to *connect* [Hudson se kursief] with each other."

'n Groepbyeenkoms bied verder die ruimte en geleentheid waartydens die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit *ingeoefen* en verder verrykend ontwikkel kan word. Dit bied dus 'n meer gereelde blootstelling as om net 'n retreat een of twee keer per jaar by te woon. Dr. Riaan van der Merwe (2008)

ondersteun ook die gedagte van groepbyeenkomste aan die hand van sy ervaring van die spiritualiteitsvormingsgroepe wat in Welgemoed gemeente funksioneer. Hy noem (2008) die volgende omtrent hierdie groepe: "Ons kom weekliks bymekaar en besluit onder andere oor 'n dissipline wat ons die week gaan 'oefen' en rapporteer dan terug aan mekaar wat het gebeur en wat nie en wat die ervaring daarvan was. So raak die dissiplines werklikhede in jou alledaagse lewe en nie net iets wat jy een keer op 'n retreat ervaar het nie."

Binne die konteks van die sosiale konstruksie- teorie waarbinne hierdie navorsing uitgevoer is, gaan dit egter meer oor die sosiale ontwikkeling van die praktyke of dissiplines. Daar vind dus 'n proses van "social interchange" (Gergen 1985:266) plaas waartydens saamgepraat word oor die praktyke of dissiplines wat nou sin maak. Die toepassing van die dissiplines kan die gevaar loop om weer 'n "dogma" te word waaraan mense bloot "gehoorsaam" moet wees of 'n blote "nabootsing" van wat eeue gelede deur byvoorbeeld die woestynvaders en -moeders gedoen is. Deur te aanvaar dat realiteit sosiaal gekonstrueer word, met ander woorde, mense saam konstrueer hulle realiteit soos wat hulle dit leef (Freedman & Combs 1996:23), maak die moontlikheid oop om te ondersoek watter praktyke werk nou binne die spesifieke konteks. Die sosiale konstruksie-teorie help verder om die dominante diskoerse oor godsdiens uit te daag en om unieke uitkomste of alternatiewe stories (White & Epston 1990:7) oor mense se spirituele belewenisse te ondersoek. Daarom is die sosiale konstruksie van kontemplatiewe spiritualiteit nodig binne die ruimte van 'n terapeutiese spiritualiteitsgroep.

Kontemplatiewe gemeenskappe kan 'n ruimte bied waar mense blootstelling kan kry aan die dissiplines van kontemplatiewe spiritualiteit, 'n geestelike metgesel kan besoek word en mense kan deel wees van 'n terapeutiese spiritualiteitsgroep. Hierdie aspek word vervolgens bespreek.

### 5.5.5 Kontemplatiewe gemeenskap

Kontemplatiewe gemeenskappe "…. are networks of faith communities committed to the process and transmission of Christian transformation" (Marankey 1997:81-81). Binne die Suid-Afrikaanse konteks, bestaan 'n groot behoefte aan kontemplatiewe gemeenskappe in die gereformeerde tradisie.

Hierdie droom is al lank gelede in my eie gemoed gebore en het hierdie navorsing weer die behoefte om deel te wees van so 'n gemeenskap versterk. Kontemplatiewe gemeenskappe soos byvoorbeeld Taizé (sien 3.2.2.2) en die *Center for Action and Contemplation* in New Mexico, bied aan pelgrims die geleentheid om deel te word van die ritme in die gemeenskap. Besoekers of pelgrims word begelei in die proses van kontemplasie en aksie. Die daaglikse ritme en "rule of life" wat deel vorm van kontemplatiewe gemeenskappe, begelei pelgrims op die kontemplatiewe weg en help ook om iets van hierdie ritme deel te maak van hulle daaglikse leefstyl. Die eenvoud van die daaglikse lewe in kontemplatiewe gemeenskappe, daag ook pelgrims verder uit om hulle lewens te vereenvoudig en te besef dat 'n mens met baie minder kan klaarkom.

Suid-Afrika het sy eie unieke konteks en omstandighede en lê die uitdaging vir so 'n gemeenskap om die unieke omstandighede en behoeftes in ons eie konteks aan te spreek. So 'n gemeenskap sal die diverse samestelling in die Suid-Afrikaanse konteks moet verteenwoordig. Dit kan noodwendig rassegrense deurbreek en politieke en kulturele aksie neem teen rassisme. Ander aspekte van sosiale belang waartoe so 'n gemeenskap verbind kan wees sluit onder andere armoede, HIV en seksualiteit in. So 'n gemeenskap bied ook die konteks en ruimte vir ekumeniese dialoog.

In hoofstuk 3 (sien 3.2.2.2) is genoem hoe die aantal gereformeerde besoekers aan kontemplatiewe gemeenskappe oorsee aansienlik toegeneem het. Ons het dus 'n gereformeerde kontemplatiewe gemeenskap op eie bodem nodig. Oorsese pelgrims kan die geleentheid kry om van die Suid-Afrikaanse konteks te leer deur besoeke aan so 'n kontemplatiewe gemeenskap.

## 5.6 SLOT OPMERKINGS

Een van die belangrikste dinge wat ek geleer het tydens hierdie kwalitatiewe navorsingsproses, is dat navorsing nie 'n netjiese en mooi uitgewerkte proses is nie, maar 'n komplekse proses. Die grootste uitdaging waarteen ek te staan gekom het, was om die navorsing in 'n akademiese aanvaarbare styl saam te stel. As slotopmerking spreek ek die vertroue uit dat hierdie studie eerstens die weg sal baan om nuwe gesprekke omtrent kontemplatiewe spiritualiteit in die gereformeerde tradisie oop te maak en bowenal dat God geeer sal word as

Misterieuse, Soewereine en alom teenwoordige God. Ek sluit af met die volgende woorde van ds. Jannie Hougaard, leraar in Caledon:

***Kontemplasie***

Daar,
waar
die lyn
tussen onder en bo verdwyn,
wil ek talm
en kalm
in u bestaan
op gaan.

## 5.7 DIE FINALE WOORD

As deel van die deelnemende benadering tot praktiese teologie (sien 1.5.3.2) en in belang van my etiese verbinding om deelname deur almal te verseker (sien 1.9), is dit net gepas dat die laaste woord oor hierdie navorsing aan die deelnemers van die navorsing behoort. Ek sluit af met hulle eie stemme as finale woord in hul reaksie op die resultate van die empiriese data. Ek is baie dank aan hulle verskuldig vir hulle bydrae en waardevolle insette.

- *Kontemplasie is vir my primêr gerig op 'n VOOR GOD/Coram Deo gebeurtenis. Daarom wil ek die Here vertrou met die inisiatief in die gebeurtenis. Ja, die retraite-leier kan 'n sekere breë padkaart aanbied, maar die fyner detail van die reis aan die hand van daardie padkaart wil ek uithou vir en laat bepaal deur die Here wat die reisiger na die stilhouplekke en afdraaipaadjies langs die pad neem. Die reis, en nie die roete nie, bly dus die belangrike. Net 'n belewing van die werklike Here kan my werklikheid raak. Slegs 'n eerstehandse ervaring dat God met my doenig is, kan standhoudend motiveer tot verandering in die sin van groei. Daarom wonder ek oor die wenslikheid om die kontemplatiewe as 'n middel tot 'n (eie?) doel te gebruik. Ek verstaan dat die gelowige be-doel is om 'n verskil in die wêreld te maak, Gods Koninkryk te laat kom, maar ek sal eerder 'n oop einde wil voor-sien: God wat self die inisiatief neem en self mense bestuur sodat hulle dan uit innerlike oortuiging/motivering in die wêreld betrokke raak. Ook in reaksie op een van die paragrawe op bladsy 115 '…taak van retreatfasiliteerders…om mense uit te daag…' Ek sou verkies dat God dit doen. Ek hoop ek kry uitgedruk wat ek bedoel om te sê... As God daaragter sit, is dit waarlik regtig, is dit eg en sinvol.*
- *Aansluitend by bladsy 121 om '...deernisvolle getuienisse tot mekaar se lewens te wees.' Ons het almal behoefte aan iemand wat kan bevestig wat in ons lewe aan die gang is. En as iemand anders boonop Gód se werk in my lewe kan uitwys/bevestig, is dit geloofsversterkend!*

- *Grootste kuns vir 'n sielkundige is om vir die sukkelende/soekende persoon, die GEEStelike realm oop te maak. Ek het groot waardering vir die area (pastoral+sielkunde)..., want ek kan getuig dat dit die beste manier is om 'gesond' te maak....nie net 'gewone' sielkundige terapie. Ek hou baie van Griffith se aanhaling op bl.110. Akademici wat sielkundiges oplei, moet kennis hiervan neem!*

- *Om by die ervaring van God en die helende teenwoordigheid uit te kom, moet die persoon egter eers 'oopgebreek' wees, anders sal geen retreat hom help nie. Eers nodig om by die eie pyn/vrae uit te kom en soekend te wees, voordat 'beauty' ervaar kan word. Die ontvanger moet dus GEREED wees, reeds soos in 'oopgebreek' ..anders val die sade nie op vrugbare grond nie...so is dit ook met Geestelike Begeleiding...kan dit nie forseer nie. Dus voel ek sterk dat eers DAARNA (die ontmoeting met die self eerste) het/sou Komtemplatiewe Spirit eers waarde vir my(iemand)/ sin maak. Ook so sal 'n RETREAT nie vir almal kan werk nie.*

- *Ek stem saam dat die retreatleier en geestelike begeleier slegs daar is om die proses te fasiliteer, omdat die verskeidenheid van geestelike ervarings so wyd is.*

- *Kontemplatiewe spiritualiteit gaan vir my oor 'n verhouding met God – dis nie 'n 'oplossing' om sy liefde te ervaar nie, maar dit gaan oor vrede IN God. God het twee hande, sag en hard - verwys Teilard de Chardin. God is hard en sag en doen soos Hy wil, daarom is dit oor die verhouding met God nie 'n 'oplossing' of middel tot 'n doel. Stem wel saam dat die kontemplatiewe spiritualiteit die 'veilige ruimte' kan bied waartydens hierdie verhouding kan groei en ontwikkel.*

- *Daar is risiko aan "stil raak". Sodra mens stil raak is daar gevaar van 'attack' van allerhande spoke/skulde. Daarom is oriëntasie belangrik en waarskuwing van 'demons'/spoke wat jou kan jaag as stil.*

- *Die 'rule of life' is vir my 'n goeie idee. Het nog nooit so iets gedoen nie, maar dink dit is so baie nodig.*

- *Jy is so reg as jy sê dat narratiewe terapeutiese metodes die ruimtes kan verskaf om alternatiewe stories vir jou lewe ryker te beskryf. In hierdie veilige geborge ruimtes, onder andere retreats of spiritualiteitsvormingsgroepe, luister ons na mekaar en na God.*

- *Kontemplatiewe spiritualiteit maak vir my die weg oop na God se hart. Die meditatiewe weg maak vir my 'n outentieke reis na God, na die Self en na die Ander moontlik.*

- *Ek wil graag die volgende kosbare woorde van Gerhard Hughes aanhaal wat vir my alles saamvat wat belangrik is: 'The object of all Christian teaching and of all the discipline and laws within the Church, is to make us more perceptive, responsive and obedient to God at work within us. If the mystical element is not emphasized in the Church and if we do not meet God within our own unique inner selves, our religion can degenerate into an idolatry of the institution, or the worship of an ideology, a system of ideas'.*

## Bronnelys


Ackermann, D 1991. Postscript by a feminist practical theologian. In Cochrane, J R, De Gruchy, J W & Peterson, R. *In Word and deed. Towards a pratical theology for social transformation.* Pietermaritzburg: Cluster Publications.

---1996. Engaging Freedom: A Contextual Feminist Theology of Praxis. *Journal of Theology for Southern Africa* 94:32-49.

---2003. *After the locusts: Letters from a landscape of faith.* Cape Town: David Phillip.

Adams, D J 1979. *Thomas Merton's Shared Contemplation. A Protestant perspective.* Michigan: Cistercian.

Algemene diensgroep vir gemeente-ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2007. *Vir die erediens – 'n Handleiding in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Wellington: Bybel-media.

Al hoe minder in SA gaan kerk toe. *Die Burger,* 19 September 2008, p1.

Anderson, H 1997. *Conversation, language, and possibilities. A Postmodern Approach to Therapy.* New York: Basic Books.

Anderson, H & Goolishian, H 1992. The client is the expert: A not knowing approach to therapy, in McNoumer, S & Gergen, K (eds) *Therapy as social construction,* 25-39. London: Sage.

Anthonissen, C 2006. *Op soek na 'n alternatiewe post kerklike spiritualiteit* [Aanlyn], Beskikbaar http://www.kletskerk.co.za/articles.php?article_id=3&page=archive. [Verkry 2 Junie 2008].

---2007a. The Kingdom is among us! The Centre's growing activities. *First quarter,* 11.

---2007b. Persoonlike gesprek met Carel Anthonissen op 25 Mei 2007, Kaapstad.

---2008. (carel@christianspirit.co.za). 5 Nov.2008, *Skripsie-kommentaar,* E-pos na M van der Merwe (vdmari@gmail.com).

Bons-Storm, R 1996. *The Incredible women: Listening to women's silences in pastoral care and counseling.* Nashville: Abingdon.

---1998. Putting little ones into the dialogue: a feminist pratical theology. In Ackermann, D M & Bons-Storm, R (eds), *Liberating Faith Practices: Feminist Practical Theologies in Context,* 9-25. Leuven: Peeters.

Bosch, D J 1991. *Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission.* New York: Orbis Books.

Bouyer, L 1969. *Orthodox Spirituality and Protestant and Anglican Spirituality.* London: Burns & Oates.

---1990. *The Christian Mystery. From Pagan myth to Christian mysticism,* translated by I Trethowan. Edinburgh: T&T Clark.

Brueggemann, W 1993. *Texts under negotiation: the Bible and Postmodern Imagination.* Minneapolis: Fortress Press.

Burger, C W 1999. G*emeentes in die kragveld van die Gees.* Bloemfontein: CLF Drukkers.

---2001. *Ons weet aan wie ons behoort. Nuut gedink oor ons gereformeerde tradisie.* Wellington: Lux Verbi.

Burr, V 1995. *An Introduction to Social Constructionism.* London: Routledge.

---2002. *The person in Social Psychology.* Psychology Focus Series. Taylor & Francis Group: Psychology Press: SI.

Chryssavgis, J 2000. *Soul Mending: The art of Spiritual direction.* Massachusetts: Holy Cross Orthodox Press.

---2003. *In the Heart of the Desert: The spirituality of the Desert Fathers and Mothers.* Indiana: World Wisdom.

Clandinin, D J & Connelly, F M 1994. Personal experience method, in Denzin, N K & Lincoln, Y S (eds), *Handbook of qualitative research,* 413-427. London: Sage.

Clasen, F 2000. Simbole wen veld in die NG Kerk. Beeld: 17 Maart 2000.

Clinebell, H 1993. Politics and pastoral care, in Pattison, S *A critique of pastoral care,* 89. 2nd ed. London: SCM Press.

Cochrane, J R , De Gruchy, J W & Petersen, R. 1991. *In word and deed. Towards a practical theology of social transformation.* Pietermaritzburg: Cluster Publications.

Cunningham, L S & Egan, K J 1996. *Christian Spirituality Themes: Themes from the tradition.* New York: Paulist Press.

De Gruchy, J W 1991. *Liberating Reformed Theology: A South African Contribution to an Ecumenical Debate.* Michigan: Eerdmans.

---1994. The nature, necessity and task of theology. In De Gruchy, J W & Villa-Vicencio, C (eds), *Doing theology in context: South African perspectives,* 1-12. Cape Town: David Philip.

De Haeck Doherty, C 1976. *Poustinia: Christian Spirituality of the East for Western Man.* Notre Dame: Ave Maria Press.

De Jongh van Arkel, J T 2000. *Caring for all: exploring the field of pastoral work. Only study guide for cgm309-4.* Pretoria: Unisa.

De Mello, A 1992. *Walking on water. Reaching God in our time,* translated by G Galache. Dublin: Columbia Press.

Denzin, N K & Lincoln, Y S 1994. *Handbook of Qualitative Research.* London: Sage.

De Villiers, J 2007. Die NG Kerk word stil. *Insig* Januarie/Februarie, pp 22-25.

De Vos, A S (ed) 1998. *Research at grass roots: A primer for the caring professions.* Pretoria: van Schaik.

De Waal, E 1989. *Living with contradiction: Reflections on the rule of St Benedict.* Collins: Fount.

Dockery, D S (ed) 1995. *The challenge of Postmodernism. An Evangelical Engagement.* S I: A Bridgepoint book.

Dreitcer, A D 1996. The Contemporary interest in Contemplative spirituality. *Reformed Lithurgy and Music.* 30 (2) 59-64.

Du Toit, B 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd.* Bloemfontein: CLF

Edelwich, J & Brodsky, A 1980. *Burn-out – Stages of disillusionment in the helping professions.* New York: Human Sciences Press.

*Exposing the dangers of Contemplative Spirituality* [Aanlyn], 2008. Beskikbaar: www.lighthousetrailsresearch.com. [Verkry 17 Mei 2007].

Fidanzio, M 2006. *Brother Roger of Taizé. Essential Writings.* New York: Orbis Books.

Foster, R J 1980. *Celebration of Discipline. The path to Spiritual growth.* London: Hodder & Stoughton.

---1992. *Prayer. Finding the Heart's True Home.* San Francisco: HarperCollins Publishers.

---1998. *Streams of Living Water: Celebrating the Great Traditions of Christian Faith.* New York: HarperCollins.

Foucault, M 1972. *The archaeology of knowledge.* London: Routledge.

---1980. *Power/knowledge: Selected interviews and other writings 1972-1977,* translated by Gordon, C. New York: Pantheon Books.

Fowler, J W 1981. *The Stages of faith : The Psychology of human development and the quest for meaning.* Philadelphia: Fortress Press.

Freedman, J & Combs, G 1996. *Narrative therapy. The Social construction of preferred realities.* New York: Norton.

Freeman, L 2003. Introduction, in Williams, R, *Silence and Honey Cakes: The wisdom of the desert,* 8-14. Oxford: Medio Media.

Frielingsdorf, K 2006. *Seek the Face of God: Discovering the power of your images of God.* Notre Dame, IN: Ave Maria Press.

Gergen, K J 1985. The Social Constructionist Movement of Modern Psychology. *American Psychologist* 40(3), 266-275.

---1991. *The Saturated Self. Dilemmas of Identity in Contemporary Life.* New York:Basic Books. (chap. 1-6).

---1994. *Realities and rRelationships: Soundings in social construction.* London: Harvard University Press.

Gerkin, C V 1986. *Widening the horizons: Pastoral responses to a fragmented society.* Philadelphia: Westminister.

---1997. *An Introduction to Pastoral Care.* Nashville: Abingdon Press.

Gonzalez Balado, J L 1976. *The story of Taizé*. London: Mowbray.

Griffith, M E 1995. Opening therapy to conversations with a personal God, in Weingarten, K (ed), *Cultural resistance: Challenging beliefs about men, women and therapy,* 123-139. New York: Harrington Park Press.

Grobler, J 2005. *Mistieke Oosterse gebruike in die kerk.* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.gksa.org.za/KIES/Artikels/artikel_38a.htm. [Verkry 19 Maart 2007].

Halloway, I & Wheeler, S 1998. *Qualitative research for Nurses.* Oxford: Blackwell Science.

Heitink, G 1999. Practical Theology. History, theory, action domains. in Browning, DS, et al (eds), *Studies in Practical Theology,* 6 -309. Cambridge: William B. Eerdmans.

Herholdt, M D 1998. Postmodern theology, in Maimela, S & König, A (eds), *Invitation into theology,* 215-130. Pretoria: Van Schaik.

Heyns, L M & Pieterse, H J C 1994. *Eerste treë in Praktiese teologie.* Pretoria: Gnosis.

Hofstee, E 2006. *Constructing a Good Dissertation. A Practical Guide to Finishing a Master's, MBA or PhD on Schedule.* Johannesburg: EPE.

Holmes, UT III [1930] 1980. *A History of Christian Spirituality.* New York: Seabury.

Hudson, T A 2000. *Co-authoring spiritual ways of being: A Narrative group approach to Christian Spirituality.* MTh thesis. University of South Africa, Pretoria.

Hughes, G 1997. *God, where are you?* London: Darton, Longman, Todd.

---2003. *God in all things.* London: Hodder & Stoughton.

Johnston, W (ed) 1973. *The Cloud of Unknowing.* New York: Doubleday.

Jonker, W D 1992. Wat is gereformeerd? Opmerkings na aanleiding van G P Hartvelt se simboliek-boek. *NGTT,* Desember 1992:509-519.

Jung, C G (ed) [1964]1978. *Man and his symbols.* London: Picador.

Keating, T 1995a. *Intimacy with God.* New York: Crossroad.

---1995b. *Open Mind Open Heart. The Contemplative Dimension of the Gospel.* New York: Continuum.

---1996. *The Mystery of Christ: The liturgy as spiritual experience.* New York: Continuum.

---1997. *Spiritual direction.* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.contemplativeoutreach.org/spiritual.htm [Verkry 13 Januarie 2008].

---1998. *Resting in God's Presence.* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.contemplativeoutreach.org/newsltrs/resting_in_god [Verkry 13 Januarie 2008].

Kotzé, E 1994. The social construction of a family therapy training programme. Dlitt et Phil thesis, Rand Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Kotzé, D 2002. Doing participatory ethics, in Kotzé, D, Myburgh, J, Roux, J & Associates. *Ethical ways of being.* 1-32. Pretoria: Ethics Alive.

---2008. (itd@telkomsa.net). 15 Nov. 2008, *Hoofstuk 3,* E-pos na M. van der Merwe (vdmari@gmail.com)

Kotzé, E & Kotzé, D 1997. Social Construction as a Postmodern Discourse: An Epistemology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica* 17(1):1-17.

---2001. Telling narratives, doing spirituality. In Kotzé, E & Kotzé, D 2001. *Telling narratives. Spellbound edition.* Pretoria: Ethics Alive.

Leech, K 1977. *Soul friend. A study of Spirituality.* London: Sheldon Press.

---1986. *Spirituality and Pastoral Care.* London: Sheldon Press.

Leedy, P D & Ormrod, J E. 2005. *Practical Research: Planning and Design (8th edition).* New Jersey: Pearson Prentice Hall.

Malan, J 2006. *Oosterse Meditasie Sluip só in die Kerk in.* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://maranata.org.za/Articles/Meditasie_Sluip_so_in_die_Kerk_in.htm. [Verkry 19 Maart 2007].

Marankey, R M 1997. The quest for silence: Contemplative prayer as action in the world. MTh thesis, University of the Western Cape, Cape Town.

Mason, J 2002. *Qualitative Researching.* 2nd ed. London: Sage.

McHoul , A & Grace, W 1993. *A Foucault Primer. Discourse, Power and the subject.* Victoria: Melbourne University Press.

Meisel, A C & del Mastro, M L 1975. *The Rule of St Benedict.* New York: Doubleday.

Menken-Bekius, C 2001. *Werken met rituelen in het pastoraat.* Kampen:Kok

Merriam, S B 1998. *Qualitative Research and Case Study Applications in Education.* S I: s n.

Merton, T 1953. *Bread in the wilderness.* Kent: Search Press Ltd.

---1960. *Spiritual direction and meditation.* Minnesota: The Order of St Benedict, Inc.

---1961. *Seeds of Contemplation.* Hertfordshire: Anthony Clarke Books.

---1977. *The Monastic Journey,* P Hart (ed). Camelot: Southampton.

Meyer, W F & van Ede, D M 1990. Ontwikkelingsteorieë, in Louw, D A (red). *Menslike ontwikkeling,* 51-99. Pretoria: HAUM Tersiêr.

Moore, T 1992. *Care of the Soul. How to add depth and meaning to your everyday life.* London: Piatkus.

Morgan, A 2000. *What is narrative therapy?* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Mouton, J 2002. *Understanding social research.* Pretoria: van Schaik.

Müller, J C 1990. Vernuwing in die erediens, in Smuts, A J, Vos, C J A & Nel, M (reds), *In Gesprek oor die erediens. Teologiese huldigingsbundel aan Prof A C Barnard,* 106-118. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Muller, P 2001. *Meditasie: Die gawe van stilte.* Hatfield: Protea.

Myburg, J L 2000. Deconstructing identity in a landscape of ideology, culture, belief and power. DTh thesis. University of South Africa, Pretoria.

Nash, W 1992. *People need stillness.* London: Darton Longman Todd.

Nicol, W 1989a. Gereformeerde meditasie, in Theron, P F & Kinghorn, J (reds), *Koninkryk, kerk en kosmos. Huldigingsbundel ter ere van Prof W D Jonker,* 48-63. Bloemfontein: Pro Christo.

---1989b. *Stem in die stilte. Werkboek in Christelike meditasie.* Pretoria: Orion.

---2000. *Godsdiens wat wérk. Ontdek die soort godsdiens wat vir jou die beste werk.* Wellington: Lux Verbi.

---2002. *Gebed van die hart. Word stil en beleef God.* Wellington: Lux Verbi.

---2008a. (wnicol@mweb.co.za). 24 Nov. 2008, *Terugvoer,* E-pos aan M van der Merwe (vdmari@gmail.com).

---2008b. Persoonlike gesprek met Willem Nicol op 6 Maart 2008, Grabouw.

---2008c. Werksessie vir die samestelling van retreats. Grabouw.

Nouwen, H J M 1981. *The way of the heart: Desert spirituality and contemporary ministry.* London: Darton, Longman & Todd.

---1982. *Desert Wisdom. Sayings from the desert fathers.* New York: Orbis Books.

---1994. *The Wounded Healer.* London: Darton, Longman & Todd.

---[1976]1996. *Reaching Out: The Three movements of the spiritual life.* London: Fount.

O'Connor, E 1968. *Journey inward Journey outward.* S I: s n.

Olsen, K 1995. *Centering Prayer as Divine Therapy.* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.contemplativeoutreach.org/newsltrs/trinity.htm. [Verkry 13 Januarie 2008].

Pattison, S 1993. *A critique of pastoral care.* 2nd ed. London: SCM Press

Peck, M S 1993. *Further along the road less travelled. The unending journey towards spiritual growth.* London: Pocket Books.

---1997. *The Road less travelled and beyond: Spiritual growth in an age of anxiety.* London: Rider

Quoteland.com. All the right words. *Quotations* [Aanlyn]. Beskikbaar: *http://*www.quoteland.com [Verkry 12 September 2008].

Reinharz, S 1992. *Feminist methods in social research.* Oxford: Oxford University Press.

Rossouw, G J 1993. Theology in a postmodern culture: ten challenges. *Hervormde Teologiese Studies* 49(4):894-907.

Rousseau, P 1996. The Desert Fathers, Antony and Pachomius, in Jones, C, Wainwright, G & Yarnold, E (reds), *The Study of Spirituality,* 578-581. Cambridge: University Press.

Russell, N 1980. *The Lives of the Desert Fathers.* London: Cisterician.

Ruthenberg, T J 2005. Contemporary Christian Spirituality: its significance for authentic ministry. PhD thesis, University of South Africa, Pretoria.

Satura, V 1981. *Meditation: aus der Sicht der Psychologie und der christlichen Tradition.* Saltzburg: Otto Müller Verlag.

Schutte, C H 2006. The relevance of the Benedictine, Franciscan and Taizé Monastic Traditions for retreat within the Dutch Reformed Tradition: An epistemological reflection. PhD thesis. University of Pretoria, Pretoria.

Schutte, C H & Dreyer, Y 2006a. An epistemological reflection on the relevance of monastic traditions for retreat in the Dutch Reformed tradition. *HTS* 62(3), 965-982.

---2006b. Monastic retreat and pastoral care in the Dutch Reformed tradition. *HTS* 63(4), 1453-1468.

Schutz, R 1970. Struggle and Contemplation. *Journal of Ecumenical Studies* 17(1), 33-40.

*Seisoen van luister* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.gemeentes.co.za/webbladsye/luister.html. [Verkry 9 Oktober 2008].

Simpson, A A 1997. *Resting in God. An interview with Fr Thomas Keating.* [Aanlyn]. Beskikbaar: http://www.livingrosaries.org/interview.htm. [Verkry 14 April 2008].

Smit, D J 1989. Kan spiritualiteit beskryf word? *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 30 (1), 83-94.

Smith, A B 2006. Is Spirituality overtaking religion? *Spirituality* 23, 243-247.

Swan, L 2005. *Engaging Benedict. What the rule can teach us today.* Notre Dame, IN: Christian Classics.

Sweet, L I 2000. *Postmodern Pilgrims. First Century Passion for the 21st Century World.* Nashville: Broadman & Holman Publishers.

*Taizé* [Aanlyn], 2008. Beskikbaar: www.taize.fr/en [Verkry 11 Februarie 2007].

The Blue Book: Strategic Plan for Centre for Christian Spirituality, 2008. Kaapstad.

Thomas, L 2002. Poststructuralism and Therapy – what's it all about. *The International Journal of Narrative Therapy and Community work.* 2:85-91.

Townroe, J 1986. Retreat, in Jones, C E (ed), *The Study of Spirituality,* 578-581. Cambridge: University Press.

Tyson, J R (red) 1999. *Invitation to Christian Spirituality: An ecumenical anthology.* New York: Oxford University Press.

van der Merwe, M 2008. *Ontwerp van 'n retraite.*

van der Merwe, R 2007. Persoonlike gesprek met Riaan van der Merwe op 11 Julie 2007, Kaapstad.

Viljoen, D M 2003. *'n Model vir die liturgiese gebruik van simbole en rituele.* DTh tesis. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Walsh, F 1999. Religion and spirituality: Wellsprings for healing and resilience, in Walsh, F (ed), *Spiritual Resources in family therapy,* 3-27. New York:The Guildford Press.

Ware, C 1995. *Discover your spiritual type*. *A Guide to individual and congregational growth.* New York: An Alban Institute.

Weingarten, K 2000. Witnessing, wonder and hope. *Family Process* 39(4), 398-402

White, M 1991. Deconstruction and therapy. *Dulwich Centre Newsletter* 3, 21-40.

---1997. *Narratives of therapists' lives.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

---2000. *Reflections on narrative practice: Essays and interviews.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

White, M & Epston, D 1990. *Narrative means to therapeutic ends.* New York:Norton.

Williams, R 2003. *Silence and Honey Cakes: The wisdom of the desert.* Oxford: Medio Media.

Wolcott, H 1992. What qualitative research has revealed about education's researchers, 48-60. Department of Anthropology, University of Oregon.

Wulff, D M 1997. *Psychology of Religion. Classic and contemporary views.* New York: John Wiley & Sons.

# ADDENDUM A

## ’N ONDERSOEK NA KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT VAN AFRIKAANSSPREKENDE GELOWIGES BINNE DIE GEREFORMEERDE TRADISIE.

Ek is tans besig met ’n navorsingsprojek vir die voltooiing van ’n Magister in Praktiese teologie (met spesialisasie in pastorale sorg) by die Universiteit van Suid-Afrika. My navorsing fokus op Afrikaanssprekende gereformeerde gelowiges se blootstelling aan kontemplatiewe spiritualiteit met spesifieke verwysing na hulle behoeftes en hulle ervaring daarvan. My studieleier vir hierdie navorsingsprojek is Dr. Dirk Kotzé van *The Institute for Therapeutic Development (ITD).*

Ek sal dit baie waardeer indien u bereid sal wees om hierdie vraelys te voltooi. Dit behoort u ongeveer 30 minute te neem. U kan dit op die volgende maniere aan my terugbesorg:

- Faks: 086 6054 540
- e-pos: vdmari@gmail.com
- Posbus 398, Melkbosstrand, 7437

U tyd en insette word opreg waardeer!

Mari van der Merwe

**VRAELYS OOR KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT**

**A: PERSOONLIKE INLIGTING**

1. Geslag
   a) manlik
   b) vroulik

2. Ouderdom
   a) 15 – 20
   b) 21 – 30
   c) 31 – 40
   d) 41 – 50
   e) 51 – 70
   f) 71+

3. Is u tans 'n lidmaat van 'n kerk?

   a) ja
   b) nee

   3.1 Indien ja, watter kerk/denominasie?…………………………………………………….

   Indien nee, was u al in die verlede 'n lidmaat van 'n kerk?

   a) ja

   b) nee

   3.2 Indien ja, watter kerk/denominasie? ……………………………………………………

4. Wat beskou u as huidige tekortkominge binne die tradisionele kerk?

……………………………………………………………………………………………………………

**B. SPIRITUALITEIT**

5. 'n Mens hoor deesdae baie die stelling, "Ek is spiritueel, maar nie godsdienstig nie/*I am spiritual but not religious".* Wat is u eie standpunt oor hierdie stelling?

……………………………………………………………………………………………………………

6. Die woord "God" hou sekere veronderstellinge in. Watter name/term(e) verkies u om te gebruik om "God" te beskryf?

……………………………………………………………………………………………………………

7. Op watter maniere of waar ervaar u "God" se teenwoordigheid en invloed?

……………………………………………………………………………………………………………

8. Watter tipe spiritualiteitspraktyke beoefen u? (Bv. afsondering, stap van 'n labirint). Beskryf asseblief so veel as moontlik praktyke wat u beoefen en waar u dit beoefen.

..........................................................................................................................................

## C. KONTEMPLATIEWE SPIRITUALITEIT

9. Is u vertroud met die term kontemplatiewe spiritualiteit?

a) ja
b) onseker
c) nee

10. Het u al 'n retraite/*retreat* bygewoon?

a) ja
b) nee

10.1 Indien ja, dui aan hoeveel. …………….

10.2 Beskryf kortliks u rede(s) vir die bywoning van u eerste en daaropvolgende *retreat(s).*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

10.3 Beskryf kortliks u belewenis van die *retreat(s)* en die betekenis daarvan in u lewe?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

10.4 In u bywoning van *retreat(s)*, wat het u as tekortkominge ervaar?

..........................................................................................................................................

11. Indien u aan 'n gemeente behoort, is u bewus van *retreats* wat deur u eie gemeente aangebied word?

a) ja
b) nee

11.1 Indien ja, hoe gereeld word hierdie *retreats* aangebied?..................

12. Woon u 'n meditatiewe/stildiens by?

a) gereeld
b) soms
c) nooit

12.1 Indien ja, deur wie word dit aangebied (bv. u predikant(e)………………………………………………………………………………….

12.2 Waar?……………………………………………………………………………………………

12.3 Hoe gereeld word dit aangebied?...............................................

12.4 In watter taal word dit aangebied?............................................

12.5 Beskryf kortliks u rede(s) vir die bywoning van hierdie dienste en u ervaring daarvan.

…………………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………………

12.6 Wat beskou u as van die tekortkominge van 'n meditatiewe/stildiens.

13. Is u vertroud met die term *lectio divina*?

a) ja
b) nee

13.1 Indien ja, beoefen u die dissipline van *lectio divina*?

a) gereeld
b) soms
c) nooit

13.2 Hoe sal u u ervaring beskryf met die beoefening van hierdie dissipline.

………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………

14. Is u vertroud met die term sentreringsgebed/*centering prayer*?

a) ja
b) nee

14.1 Indien ja, beoefen u hierdie vorm van gebed?

a) gereeld
b) soms
c) nooit

14.2 Hoe sal u u ervaring beskryf met die beoefening van hierdie gebedsmetode.

…………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………

15. Maak stilte en meditasie deel uit van u geestelike dissiplines?

a) gereeld
b) soms
c) nooit

16. Het u ’n geestelike begeleier/*spiritual director*?

a) ja
b) nee

16.1 Indien ja, hoe gereeld besoek u u geestelike begeleier?

…………………………………………………………………………………………………………………….

16.2 Beskryf u ervaring van geestelike begeleiding.

……………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………………

**Enige verdere kommentaar:**

……………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………………

**Baie dankie vir u tyd en bydrae!**

Plaas asseblief u kontakbesonderhede hieronder indien u bereid sou wees om deel te neem aan ’n groepgesprek oor kontemplatiewe spiritualiteit in die Afrikaanse gereformeerde gemeenskap. U sal gekontak word met besonderhede waar en wanneer so ’n gesprek sal plaasvind. U sal egter onder geen verpligting wees om dit by te woon indien u wel u naam hier geplaas het nie.

Naam:………………………………………………………………………………………………………..

Adres:………………………………………………………………………………………………………

Tel:…………………………………………………………………………………………………………….

e-pos:………………………………………………………………………………………………………

## Addendum B

**Persoonlike inligting**

Geslag:

| | |
|---|---|
| Manlik | 10 |
| Vroulik | 51 |

Ouderdom:

| | |
|---|---|
| (15 – 20) | Geen |
| (21 – 30) | 1 |
| (31 – 40) | 4 |
| (41 – 50) | 17 |
| (51 – 70) | 34 |
| (71+) | 5 |

Lidmaatskap aan kerk:

| | |
|---|---|
| Ja | 55 |
| Nee | Geen |
| Voorheen | 6 |

Huidige denominasie:

| | |
|---|---|
| NG Kerk | 49 |
| Baptiste | 3 |
| Ander | 1 |
| Gereformeerde | 1 |
| VGK | 1 |

Vorige denominasie:

| | |
|---|---|
| NG Kerk | 5 |
| Ander | 1 |
| Metodiste | 1 |
| Vineyard | 1 |

Hoeveelheid retreats bygewoon:

| | |
|---|---|
| Geen | 16 |
| 1 | 11 |
| 2 | 9 |
| 2 plus | 5 |
| 4 | 7 |
| 5 | 3 |
| 6 | 2 |
| 7 | 1 |
| 8 | 1 |
| 9 | 1 |
| 12 plus | 2 |
| 15 plus | 1 |
| 20 plus | 1 |
| Onseker | 1 |

## Kontemplatiewe spiritualiteit

Vertroud met die term *lectio divina*:

| | |
|---|---|
| Ja | 27 |
| Nee | 34 |

Vertroud met die term kontemplatiewe spiritualiteit:

| | |
|---|---|
| Ja | 46 |
| Nee | 4 |
| Onseker | 11 |

Vertroud met die term sentreringsgebed:

| | |
|---|---|
| Ja | 31 |
| Nee | 30 |

Stilte en meditasie deel van geestelike dissiplines:

| | |
|---|---|
| Gereeld | 34 |
| Soms | 26 |
| Nooit | 1 |

Geestelike begeleier/metgesel

| | |
|---|---|
| Ja | 15 |
| Nee | 46 |